# THE INFLUENCE OF THE SOUTH AFRICAN SCHOOLS ACT (1996) ON DISCIPLINE IN INTERMEDIATE SCHOOLS IN THE NAMAQUA DISTRICT OF THE NORTHERN CAPE PROVINCE

**by**

**LUKAS GEORGE HOORN**

**submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree**

**MAGISTER EDUCATIONIS**

**in the subject**

**EDUCATIONAL MANAGEMENT**

**at the**

**UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA**

**SUPERVISOR: PROF WF SÖHNGE**

**JUNE 2006**

## SUMMARY

The aim of this study on a small scale is to gather information about the problem of discipline as manifested in Intermediate Schools in the Namaqua District of the Northern Cape Province. The attention is focused on:

- legislation in connection with discipline in schools;
- types of problems;
- factors that cause problems;
- measures to cope and prevent disciplinary problems.

The study of literature provides understanding and knowledge that serves as background to the qualitative study by way of which a contextual understanding is developed of the experience of discipline and specific problems by a selected group of principals of Intermediate Schools in the Namaqua District of the Northern Cape Province. In conclusion proposals are made aimed at the improvement of a complex situation.



**Key terms**

| | |
|---|---|
| Discipline | Corporal punishment |
| Learner | Educational Management |
| Educator | Qualitative research |
| School | Disciplinary problems |
| Human dignity | Disciplinary measures |

# DIE INVLOED VAN DIE SA SKOLEWET (1996) OP DISSIPLINE IN INTERMEDIÊRE SKOLE IN DIE NAMAKWA DISTRIK VAN DIE NOORD-KAAPPROVINSIE

**deur**

**LUKAS GEORGE HOORN**

**voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir graad**

**MAGISTER EDUCATIONIS**

**in die vak**

**ONDERWYSBESTUUR**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: PROF WF SÖHNGE**

**JUNIE 2006**

## OPSOMMING

Die doel van hierdie studie van beperkte omvang is om inligting in te samel oor die probleem van dissipline soos dit manifesteer in Intermediêre Skole in die Namakwa Distrik van die Noord-Kaap Provinsie. Die aandag word toegespits op:

- wetgewing met betrekking tot dissipline in skole;
- soorte van probleme;
- faktore wat aanleiding gee tot probleme;
- maatreëls wat gebruik word om dissiplinêre probleme te hanteer en te voorkom.

Deur literatuurstudie word begrip en kennis verkry wat as agtergrond dien vir die kwalitatiewe ondersoek waardeur `n kontekstuele begrip verkry word van die ervaring van dissipline en probleme deur ‘n geselekteerde groep skoolhoofde van Intermediêre Skole in die Namakwa Distrik van die Noord-Kaapprovinsie. Ten slotte word voorstelle gemaak met die oog op die verbetering van ‘n komplekse situasie.

**Sleutelwoorde**

| | |
|---|---|
| Dissipline | Lyfstraf |
| Onderwysbestuur | Leerder |
| Kwalitatiewe navorsing | Opvoeder |
| Dissiplinêre probleme | Skool |
| Dissiplinêre maatreëls | Menswaardigheid |

## SUMMARY

The aim of this study on a small scale is to gather information about the problem of discipline as manifested in Intermediate Schools in the Namaqua District of the Northern Cape Province. The attention is focused on:

- legislation in connection with discipline in schools;
- types of problems;
- factors that cause problems;
- measures to cope and prevent disciplinary problems.

The study of literature provides understanding and knowledge that serves as background to the qualitative study by way of which a contextual understanding is developed of the experience of discipline and specific problems by a selected group of principals of Intermediate Schools in the Namaqua District of the Northern Cape Province. In conclusion proposals are made aimed at the improvement of a complex situation.

**Key terms**

| | |
|---|---|
| Discipline | Corporal punishment |
| Learner | Educational Management |
| Educator | Qualitative research |
| School | Disciplinary problems |
| Human dignity | Disciplinary measures |

# BEDANKINGS

Hiermee my opregte dank en waardering teenoor die volgende persone wat deel gehad het in die sukses van hierdie studie:

Prof WF Söhnge, vir sy ondersteuning en professionele leiding.

My familie vir hul geduld, aanmoediging en ondersteuning.

My vriende vir hul ondersteuning en gebede.

Die Departement van Onderwys van die Noord-Kaapprovinsie vir toestemming om die kwalitatiewe navorsing te kon onderneem.

Die Distriksdirekteur (mnr. I. Januarie) en Kringbestuurder (mnr. S. Brandt) vir hul ondersteuning.

Mnr. J. Fortuin, die burgermeester van Hantam Munisipaliteit en skoolhoof van die Hantam Sekondêre Skool, vir sy ondersteuning.

Mnr. W. Pohlman van die Nico Bekker Intermediêre Skool vir sy ondersteuning.

Al die deelnemers met onderhoude gevoer is vir hulle tyd en bereidwilligheid om aan die studie deel te neem.

***Aan God al die lof en eer!***

# INHOUDSOPGAWE

Bladsynommer

HOOFSTUK 1

ORIËNTERING

1.1 INLEIDING 1

1.2 DIE ROL VAN DISSIPLINE IN SUID-AFRIKA VOOR 1994 2

1.3 DIE ROL VAN DISSIPLINE IN SUID-AFRIKA NA 1994 2

1.4 ONDERWYSBESTUUR 4

1.5 PROBLEEMSTELLING 5

1.6 NAVORSINGSMETODES 5
1.6.1 Literatuurstudie 5
1.6.2 Kwalitatiewe studie 6

1.7 DEFINISIE VAN KONSEPTE 6
1.7.1 Leerder 6
1.7.2 Opvoeder 7
1.7.3 Wangedrag 7
1.7.4 Menswaardigheid 7
1.7.5 Dissipline 7
1.7.6 Lyfstraf 8
1.7.7 Skool 8

1.8 NAVORSINGSPROGRAM 9

1.9 GEVOLGTREKKING 9

HOOFSTUK 2

WETGEWING WAT VERBAND HOU MET DISSIPLINE

2.1 INLEIDING 10

2.2 WETGEWING VAN TOEPASSING OP DISSIPLINE 10
2.2.1 Die Grondwet van Suid-Afrika 10
2.2.2 Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 11
2.2.3 Die Suid-Afrikaanse Skolewet 12
2.2.4 Die Wet op die Afskaffing van Lyfstraf 12
2.2.5 Gedragskode 13

2.2.6 Professionele etiese kode vir opvoeders 13
2.2.7 Opsomming 14

2.3 VERANTWOORDELIKE ROLSPELERS 14
2.3.1 Die Minister van Onderwys 15
2.3.2 Die Lid van die Uitvoerende Raad 15
2.3.3 Die Departementshoof 16
2.3.4 Die Beheerliggaam 16
2.3.5 Die Skoolhoof 17
2.3.6 Die Opvoeder 18
2.3.7 Die Ouer 20
2.3.8 Die Leerder 21
2.3.9 Opsomming 22

2.4 DIE HANTERING VAN WANGEDRAG 22
2.4.1 Vlakke van wangedrag 23
2.4.1.1 Vlak 1 Wangedrag binne die klaskamer 23
2.4.1.2 Vlak 2 Wangdrag buite die klaskamer 23
2.4.1.3 Vlak 3 Ernstige wangedrag 24
2.4.1.4 Vlak 4 Baie ernstige wangedrag 24
2.4.1.5 Vlak 5 Kriminele oortredings 25
2.4.2 Die dissiplinêre verhoor 25
2.4.3 Skorsing en uitsetting 26
2.4.3.1 Skorsing 26
2.4.3.2 Uitsetting 26
2.4.4 Opsomming 26

2.5 GEVOLGTREKKING 27

HOOFSTUK 3

WANGEDRAG VAN LEERDERS

3.1 INLEIDING 28

3.2 OORSAKE VAN WANGEDRAG 28
3.2.1 Die fisiologiese omgewing 28
3.2.1.1 Siekte 29
3.2.1.2 Voeding 29
3.2.1.3 Neurologiese funksionering 29
3.2.1.4 Temperament 29
3.2.1.5 Genetiese abnormaliteit 29
3.2.1.6 Fisiese gestremdheid 30
3.2.1.7 Dwelms en medikasie 30

3.2.2 Die fisiese omgewing 30
3.2.2.1 Huis 30

3.2.2.2 Skool 31
3.2.2.3 Gemeenskap 32
3.2.3 Die psigososiale omgewing 32
3.2.3.1 Interpersoonlike vlak 33
3.2.3.2 Intrapersoonlike vlak 33

3.3 TIPES VAN WANGEDRAG 34
3.3.1 Hiperaktiwiteit 35
3.3.2 Onoplettendheid 35
3.3.3 Gedragsafwyking 36
3.3.4 Impulsiwiteit 37

3.4 OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS 37

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSONTWERP

4.1 INLEIDING 40

4.2 NAVORSINGSDOEL 40

4.3 NAVORSINGSONTWERP 40

4.4 NAVORSINGSBENADERING 41

4.5 ETIESE BEGINSELS 41
4.5.1 Respek 41
4.5.2 Aanvaarding en begrip 42
4.5.3 Vertroulikheid 42
4.5.4 Integriteit 42
4.5.5 Individualisering 42

4.6 MAATREËLS OM BETROUBAARHEID TE VERSEKER 43
4.6.1 Betroubaarheid 43
4.6.2 Toepasbaarheid 43
4.6.3 Konsekwentheid 44
4.6.4 Neutraliteit 44

4.7 DATA-INSAMELING 44
4.7.1 Deelnemers 44
4.7.2 Die navorser as instrument 45

4.7.3 Navorsingsmetodes 45
4.7.3.1 Onderhoud 45
4.7.3.2 Onderhoudskedule 45

4.7.3.3 Onderhoudproses 46

4.8 DATA-ANALISE 47

4.9 OPSOMMING 48

HOOFSTUK 5

BEVINDINGS VAN EMPIRIESE STUDIE

5.1 INLEIDING 49

5.2 PROBLEME EN WANGEDRAG 49
5.2.1 Aard van probleme en soorte wangedrag 49
5.2.1.1 Algemene wangedrag 49
5.2.1.2 Ernstige wangedrag 50
5.2.1.3 Baie ernstige wangedrag 50
5.2.1.4 Kriminele oortredings 51
5.2.2 Oorsake van wangedrag 51
5.2.2.1 Fisiologiese omgewingsfaktore 52
5.2.2.2 Fisiese omgewingsfaktore 53
5.2.2.3 Psigososiale omgewingsfaktore 56
5.2.3 Maatreëls om wangedrag te hanteer 62
5.2.3.1 Wangedrag: klasreëls 62
5.2.3.2 Wangedrag: gedragskode/skoolreëls 62
5.2.3.3 Ernstige wangedrag 62
5.2.3.4 Baie ernstige wangedrag 63
5.2.3.5 Kriminele oortreding 63
5.2.4 Wetgewing wat verband hou met dissipline 63
5.2.4.1 Klasreëls 63
5.2.4.2 Gedragskode 63
5.2.4.3 Dissiplinêre verhoor 64
5.2.4.4 Opleiding van skoolhoofde 64
5.2.5 Verantwoordelikhede van rolspelers 64
5.2.5.1 Die leerder 64
5.2.5.2 Die ouer 64
5.2.5.3 Die opvoeder 64
5.2.5.4 Die skoolhoof 65
5.2.5.5 Die beheerliggaam 65
5.2.5.6 Die Onderwysdepartement 65

5.3 OPSOMMING 66

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

6.1 SAMEVATTING 67
6.1.1 Inleiding 67
6.1.2 Samevatting van die studie 67

6.2 GEVOLGTREKKINGS 69
6.2.1 Inleiding 69
6.2.2 Vlakke en soorte van wangedrag 70
6.2.2.1 Algemene wangedrag 70
6.2.2.2 Ernstige wangedrag 70
6.2.2.3 Baie ernstige wangedrag 71
6.2.2.4 Kriminele oortredings 71
6.2.3 Oorsake van wangedrag 72
6.2.3.1 Fisiologiese ongewingsfaktore 72
6.2.3.2 Fisiese omgewingsfaktore 72
6.2.3.3 Psigososiale omgewingsfaktore 72
6.2.4 Maatreëls om wangedrag te hanteer 73
6.2.4.1 Verbreking van klasreëls 73
6.2.4.2 Verbreking van skoolreëls 74
6.2.4.3 Ernstige wangedrag 74
6.2.4.4 Baie ernstige wangedrag 74
6.2.4.5 Kriminele oortredings 74
6.2.4.6 Algemene opmerking 75
6.2.5 Verantwoordelike rolspelers 75
6.2.5.1 Die leerder 75
6.2.5.2 Die ouer 75
6.2.5.3 Die opvoeder 76
6.2.5.4 Die skoolhoof 76
6.2.5.5 Die beheerliggaam 77
6.2.5.6 Die Departementshoof 77

6.3 AANBEVELINGS 77
6.3.1 Aanbevelings vir die verbetering van dissipline 77
6.3.1.1 Gedragskode 77
6.3.1.2 Klaskamerdissipline 78
6.3.2 Maatreëls om wangedrag te hanteer 78
6.3.3 Oorsake van wangedrag 79
6.3.3.1 Fisiologiese omgewingsfaktore 79
6.3.3.2 Fisiese omgewingsfaktore 80
6.3.3.3 Psigososiale omgewingsfaktore 80
6.3.4 Die funksies van verskillende rolspelers 81

6.4 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING 82
6.4.1 Gedragskode 82
6.4.2 Administrasie en bestuur van dissipline 82
6.4.3 Hantering van strafmaatreëls 82

6.5 SLOTOPMERKING 83

BRONNELYS 84

BYVOEGSELS 87
Byvoegsel A: Onderhoudskedule 87
Byvoegsel B: Transkripsie - Onderhoud 2 88

# HOOFSTUK 1

# ORIËNTERING

## 1.1_ INLEIDING

Demokratisering in Suid-Afrika sedert die einde van die vorige dekade betrek alle terreine en instellings in die samelewing. Onderwys is een van die belangrikste terreine waarop verandering plaasvind. Die onderwyssituasie in Suid-Afrika kan as voorbeeld dien van `n verandering wat so ingrypend van aard is dat dit gelyk gestel kan word aan `n paradigmaskuif (Department of Education 2000:44). Volgens Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booysen (1991:820) verwys `n paradigma na `n patroon of model of `n basiese denkwyse wat `n ingrypende invloed op menslike denke en aksies uitoefen. Dit beteken dus dat die paradigmaskuif die onderwyssituasie nie net beïnvloed nie, maar ten diepste verander met betrekking tot ‘n nuwe demokratiese onderwysbeleid. Die gewysigde onderwysbedeling mond uit in die implementering van nuwe beleid en programme en dit het ‘n ander skool- en klaskamerpraktyk tot stand gebring. ‘n Nuwe beleid oor dissipline is geformuleer wat ewe-eens ingrypende verandering in die benadering tot en hantering van praktyksake tot gevolg het.

Die nuwe beleid en implementering van dissipline in die klaskamer veroorsaak probleme vir alle belanghebbendes, dit wil sê opvoeders, ouers en leerders. Die toestand wat geskep is, vorm die agtergrond waarteen die navorser se belangstelling vir hierdie studie geprikkel is.

In die onderhawige studie van beperkte omvang word met Barnhart en Thorndike (1977:262) saamgestem wat dissipline beskryf as `n situasie waarin orde en gehoorsaamheid uitgeoefen word. In die skoolopset beteken dit dat indien `n leerder aan die klas- of skoolreëls gehoorsaam is, ordelikheid in die klas of skool bestaan. Dit beteken dat goeie dissipline in die skool heers en dat leerders hulle nie wangedra nie. Teen hierdie agtergrond word daar eers kortliks aan die situasie voordat die nuwe beleid tot stand gekom het, aandag gegee.

## 1.2 DIE ROL VAN DISSIPLINE IN SUID-AFRIKA VOOR 1994

Die handhawing van dissipline gaan met strafmaatreëls gepaard, want `n oortreding moet

hanteer word. Strafmaatreëls soos strafklasse, uitskryfwerk, mondelingse waarskuwings, onderhoude met ouers, skorsing en uitsetting is gebruik. Lyfstraf was ‘n algemene strafmetode wat voor 1994 deur wetgewing goedgekeur was. Volgens Nkosi (2001:29) is lyfstraf aan leerders wat `n klas- of skoolreël oortree het, toegedien. Dit was dus nie wetlik verkeerd indien `n leerder lyfstraf ontvang het nie en dit moes ook in `n strafregister aangeteken word. In Suid-Afrika is lyfstraf met dissipline geassosieer. Die algemene persepsie in die skool was dat leerders meer gedissiplineerd was indien hulle op dié manier gestraf is, want die opvoeder het geglo dat die leerder in die toekoms gehoorsaam sal wees en dat daar gevolglik orde in die klaskamer sal wees.

Hierdie strafmetode wat deur die opvoeder of die skoolhoof toegepas is, was vernederend, onmenslik en wreed. Die hoeveelheid houe wat die leerder ontvang het, het van die opvoeder of die skoolhoof afgehang. Dit het dikwels voor die ander leerders plaasgevind. Die opvoeder wou ook aan die leerder wys dat sekere optredes afgekeur word of nie in die klaskamer geduld word nie. Volgens Morrell (2001:142) is lyfstraf voor 1994 deur die opvoeder gebruik om die oorheersende posisie in die klaskamer te behou. Sodoende is die magsposisie van die opvoeder of die skoolhoof in die klaskamer en in die skool verstewig.

## 1.3 DIE ROL VAN DISSIPLINE IN SUID-AFRIKA NA 1994

Die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) het `n paradigmaskuif van opvoeders en ander belanghebbendes verlang ten opsigte van die hantering van dissipline in skole. Lyfstraf in Suid-Afrika is amptelik deur die Suid-Afrikaanse Skolewet verbied. Alle opvoeders, die skoolhoof, die beheerliggaam, ouers en ander belanghebbendes moes `n verandering in denke en praktyk ondergaan oor hoe dissipline beskou moet word en wangedrag in die klaskamer en die skool hanteer kan word. Hulle moes dus van lyfstraf wegbeweeg na `n meer menslike benadering van straf. Volgens artikel 20(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (1966b:12) is van beheerliggame vereis dat `n skoolgebaseerde gedragskode vir die hantering van dissipline opgestel moet word in samewerking met al die betrokkenes wat by die skool en die gemeenskap se behoeftes pas. Die regering het aan ouers seggenskap gegee in die oplossing van dissiplinêre probleme in skole. Hierdeur moes die ouers medeverantwoordelikheid vir die sukses of mislukking van die dissipline by `n skool aanvaar. Op hierdie wyse het die regering gepoog om die afskaffing van lyfstraf deur ander maatreëls te ondervang.

Volgens Morrell (2001:143) het van die opvoeders in private gesprekke erken dat hulle nog steeds lyfstraf as `n dissiplinêre maatreël in die klaskamer gebruik indien `n leerder die skoolreël oortree. Hiervolgens gebruik opvoeders lyfstraf om die volgende redes:

- mislukking van alternatiewe strafmaatreëls wat deur die skool geïdentifiseer is,
- opstandigheid van leerders,
- opvoeders wat nog glo aan `n outoritêre onderrig- en bestuurstyl, en
- groot klasse.

Om die reeds genoemde alternatiewe strafmaatreëls in die klaskamersituasie te implementeer, neem meer tyd van die opvoeder in beslag. In die klaskamer moet die opvoeder die leerder wat by wangedrag betrokke was, die geleentheid gee om te verduidelik waarom hy/sy die klasreël oortree het. Om na die leerder se kant van die saak te luister kan waardevolle onderrigtyd in beslag neem. Aan die ander kant kan die leerder opstandig as hy/sy nie die geleentheid kry om te verduidelik nie. Baie druk word op opvoeders geplaas deur die inwerkingstelling van dié dissiplinêre maatreëls.

Volgens `n studie deur Rossouw (2003:423) berig leerders dat daar `n afname in die dissipline in skole is. Volgens Wolhuter en Oosthuizen (2003:450) sluit wangedrag van leerders die volgende tipes in: ontwrigtende gedrag, ongehoorsaamheid, gebrek aan stiptelikheid, afwesigheid sonder rede en uittartende gedrag teen opvoeders.

Cerff (1998:10) beweer dat die dissipline in skole verswak het met die afskaffing van lyfstraf. Daarom bepleit hy die herskepping, stimulering en die uitbouing van dissipline. Opvoeders sal hiervolgens alles moet doen om te verseker dat die dissipline in skole uitgebou word.

Volgens Dzivhani (2000:5) moet onderwysbeleid en onderwyswetgewing hulle rol speel, maar sonder die verbintenis van opvoeders sal dit moeilik wees om enige beleid of wet te implementeer. Opvoeders moet deur skoolhoofde gemotiveer word om beleid in openbare skole te implementeer en hulle moet gewys word op die voor- en nadele van dié betrokke beleid of wet. Die suksesvolle implementering van die gedragskode vir leerders hang af van hoe die opvoeder, die skoolhoof en die beheerliggaam verbind is om die beleid of wet te implementeer. Die mites en irrasionele vooroordele wat die praktyk van lyfstraf in Suid-Afrika omring het, verlang baie meer as wetgewing om dit af te breek.

Die probleem van dissipline manifesteer binne die konteks van onderwysbestuur. Om hierdie

rede word enkele opmerkinge hieroor gemaak.

## 1.4 ONDERWYSBESTUUR

Onderwysbestuur is `n aksie wat georiënteerd en doelgerig is. Steyn (Dekker & Lemmer 1996:361) verwys na ‘n definisie van Stace waarvolgens onderwysbestuur dié aksie is waardeur hulpbronne effektief aangewend word en en dit verbind die organisasie met sy omgewing. Volgens Steyn (Dekker & Lemmer 1996:361) verwys onderwysbestuur ook na `n spesifieke tipe werk in die onderwys. Dit sluit gereelde take of aksies in wat uitgevoer word deur `n persoon of iemand in `n posisie van mag in `n spesifieke veld of `n gebied van regulasie, om te verseker dat formatiewe onderwys plaasvind. Dit is nie slegs beperk tot die skoolhoof of die skoolsituasie nie. Onderwysbestuur manifesteer op alle vlakke van die onderwyshiërargie, beide in die klaskamer en buite die skool. Dit beteken dat die skoolhoof nie die enigste persoon is wat bestuurstake uitvoer nie, maar dat die onderwyser binne die klaskamer en die leiers buite die skool ook by onderwysbestuur betrokke is.

In die skool vind onderwysbestuur in die breë in die kantoor van die skoolhoof plaas. Hier word beplan om menslike, finansiële en fisiese hulpbronne te gebruik en hoe om suksesvolle onderrig en leer te laat plaasvind. Afhangende van hulle spesifieke verantwoordelikhede en take, pas opvoeders op ‘n kleiner skaal onderwysbestuur in hulle klasse toe.

Die bestuur van dissipline in onderwys vind omvattend in die kantoor van die skoolhoof plaas aan die hand van die aanvaarde onderwys- en skoolbeleid. Die skoolhoof sorg dat die dissiplinêre
beleid van die skool korrek deur die opvoeder toegepas word. Verder word die dissipline in `n

skool deur die opvoeder in die klaskamer bestuur. Die opvoeder en die skoolhoof is in `n posisie van mag by die skool. In albei gevalle is dit daarop gemik om te verseker dat onderrig en leer plaasvind. Indien dissipline nie bestuur word nie, kan dit die effektiewe funksionering van die skool nadelig beïnvloed. Dit kan ook negatief op die skoolomgewing inwerk.

## 1.5 PROBLEEMSTELLING

Dit is duidelik dat die implementering van die nuwe Suid-Afrikaanse Skolewet probleme met dissipline in skole veroorsaak. Na aanleiding van die situasie wil die navorser sy aandag in

hierdie studie van beperkte omvang toespits op die probleem van dissipline in vyf van die ses Intermediêre Skole in die Namakwa Distrik van die Noord-Kaap Provinsie. Die skoolhoof van die sesde skool was nie beskikbaar vir die ondersoek nie.

In besonder word gefokus op die

- aard
- omvang
- moontlike oplossings
- implementering van moontlike oplossings

van en vir die navorsingsprobleem in Intermediêre Skole in die Namakwa Distrik.

Die doel is dus om inligting wat waardevol kan wees vir besinning oor dissiplinêre probleme en die hantering van wangedrag in die spesifieke skoolkonteks, te versamel en om moontlike oplossings te bied.

## 1.6 NAVORSINGSMETODES

### 1.6.1 Literatuurstudie

Volgens McMillan en Schumacher (1993:112) is `n literatuurstudie die kritiese analise van die status van kennis op `n gevestigde gedefinieerde onderwysonderwerp. Dit sluit verskeie bronne, naamlik, professionele joernale, verslae, monograwe en verhandelings in. Die bronne word bestudeer om inligting, dit wil sê, teorieë, standpunte, menings, ensovoorts, oor die navorsingsprobleem te versamel en te verwerk.

Om `n teoretiese agtergrond van die onderwerp te verkry, moet `n studie van bestaande literatuur oor die onderwerp gemaak word. Die bronne wat in die studie gebruik word, sluit joernale, artikels, koerantberigte en boeke van internasionale en plaaslike skrywers in. `n Literatuurstudie van onderwyswetgewing en ander amptelike dokumente wat verband hou met die onderwerp, word ook gedoen.

### 1.6.2 Kwalitatiewe studie

De Vos, Schurink en Strydom (in De Vos et al. 1998:15) parafraseer die verduideliking van Mouton en Marais (1990:155-156) dat kwalitatiewe navorsing “are those approaches in which

the procedures are not as strictly formalised, while the scope is more likely to be undefined and a more philosophical mode of operation is adopted".

Hierdie breë omskrywing vorm die raamwerk waarbinne die navorser werk deur die probleem wat geïdentifiseer is te analiseer, te verduidelik en te interpreteer met die oog op aanbevelings vir die hantering van dissipline binne die gegewe konteks.

Kwalitatiewe navorsing kan met klein steekproewe gedoen word (Wolhuter & Oosthuizen 2003:448). In hierdie studie doen die navorser `n studie van beperkte omvang deur slegs die vyf genoemde skole en spesifiek die vyf skoolhoofde te betrek om sodoende vas te stel wat die aard, omvang en moontlike oplossings van die navorsingsprobleem in Intermediêre skole in die Namakwa Distrik is.

## 1.7 DEFINISIE VAN KONSEPTE

### 1.7.1 Leerder

Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet verwys `n leerder na enige persoon wat onderrig ontvang of wat veronderstel is om onderrig te ontvang. In hierdie studie verwys `n leerder na 'n kind wat onderrig ontvang in `n intermediêre skool.

### 1.7.2 Opvoeder

Volgens die Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996) is `n opvoeder `n persoon wat onderrig, leer en opleiding aan persone verskaf of wat help met die verskaffing van onderwysdienste, onderwyshulpdienste of onderwysondersteuningsdienste by `n inrigting. In hierdie studie verwys opvoeder na `n persoon wat onderrig aan leerders in `n intermediêre skool verskaf.

### 1.7.3 Wangedrag

Volgens Odendal et al. (1991:1340) verwys wangedrag na slegte gedrag. In die onderhawige studie verwys wangedrag na slegte of swak gedrag van die leerder in die klaskamer of op die skoolterrein.

### 1.7.4 Menswaardigheid

Volgens Van Rensburg en Landman (1998:120) verwys menswaardigheid na die agting wat kinders vir hulleself asook vir hulle medemense toon. In hierdie studie verwys menswaardigheid na die agting wat opvoeders vir leerders het.

### 1.7.5 Dissipline

Barnhart en Thorndike (1977:262) definieer dissipline as `n geoefende posisie van orde en gehoorsaamheid, orde wat gehandhaaf word deur ander leerders, deur gehoorsaamheid en deur die aksie van onder beheer bring.

Treffry en Gilmour (2001:211) verwys na dissipline as `n manier om streng reëls teenoor ander persone toe te pas en ook as die vermoë om hulle te gedra en om in `n ordelike omgewing te werk.

Van Rensburg en Landman (1998:38) verwys na dissipline as orde, regering en die handhawing van orde, sodat die aktiwiteit of werk glad kan verloop en kan vorder om sodoende `n bepaalde doel te bereik. Op innerlike vlak kan dit ook na die innerlike gedragshoudinge en geestelike gesteldheid van die leerders verwys.

In hierdie studie word dissipline toegespits op klas- of skoolreëls wat in skole bestaan en wat konsekwent deur die skoolhoof en die opvoeder toegepas word.

### 1.7.6 Lyfstraf

Volgens Evans en Richardson (1995:33) word lyfstraf gedefinieer as `n situasie waarin die volgende persone en faktore teenwoordig is: iemand in `n gesagsposisie wat `n leerder daarvan beskuldig dat hy/sy `n reël oortree het, verduideliking wat van die leerder verwag word, skuldigbevinding, en laastens fisiese kontak en pyn wat deur die leerder ervaar word.

Volgens Paintal (1999:36) kan lyfstraf gedefinieer word as `n pynvolle, doelbewuste aksie wat as vorm van straf deur `n persoon in `n gesagsposisie toegepas word.

In hierdie studie verwys lyfstraf na `n aksie wat deur `n opvoeder of skoolhoof met `n rottang

toegedien word en wat pyn by die leerder veroorsaak nadat `n leerder oortree het.

#### 1.7.7 Skool

Volgens die Wet op Indiensneming van Opvoeders (Wet 76 van 1998) is `n skool `n opvoedkundige inrigting waar onderrig en opleiding, insluitende pre-primêre onderwys, plaasvind wat deur `n provinsiale onderwysdepartement ingestel, gehandhaaf, bestuur en beheer of gesubsidieer word.

In hierdie studie verwys `n skool na `n Intermediêre skool wat van Graad R tot Graad 9 strek, waar leerders onderrig ontvang en leer.

## 1.8 NAVORSINGSPROGRAM

Die verloop van die navorsingsprogram begin in Hoofstuk 1 met 'n kort oriëntering oor die agtergrond van die probleem. Aangesien dissipline in skole deur wetgewing bepaal en gereël word, volg in Hoofstuk 2 'n kursoriese oorsig oor toepaslike wetgewing. In Hoofstuk 3 word aandag gegee aan die saak van wangedrag by leerders met verwysing na oorsake en tipes. Hoofstuk 4 bevat 'n verduideliking oor die navorsingsontwerp en dit word in Hoofstuk 5 opgevolg met die bevindings van die ondersoek. Hoofstuk 6 sluit die studie af met gevolgtrekkings en aanbevelings met verwysing na die probleemstelling.

## 1.9 GEVOLGTREKKING

Lyfstraf is in die vorige dekades gebruik om dissipline in skole te handhaaf. Dit is deur destydse wetgewing ondersteun. Ouers en opvoeders het aan dié manier van die handhawing van dissipline gewoond geraak. Die oogmerk van die regering was nie dat lyfstraf die enigste manier van straf moes wees nie, maar dat ander strafmaatreëls ook gebruik moes word. In die huidige dekade word opvoeders deur wetgewing verplig om alternatiewe strafmaatreëls te gebruik aangesien opvoeders nou deur wetgewing verbied word om lyfstraf as strafmetode te gebruik.

In die volgende hoofstuk word wetgewing wat verband hou met dissipline in die Suid-Afrikaanse Grondwet (Wet 108 van 1996), die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en ander wetgewing oorsigtelik aan die orde gestel.

# HOOFSTUK 2

# WETGEWING WAT VERBAND HOU MET DISSIPLINE

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die wetgewing wat handel oor dissipline in skole in Suid-Afrika kursories aangedui en, waar nodig, toegelig. Dit sluit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996), die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996), die Wet op die Afskaffing van Lyfstraf (Wet 33 van 1997), die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (Wet 76 van 1998) en die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (Wet 31 van 2000). Die verantwoordelikhede van die verskillende rolspelers ten opsigte van dissipline van die leerders geniet aandag en ook hoe wangedrag in skole hanteer behoort te word.

## 2.2 WETGEWING VAN TOEPASSING OP DISSIPLINE

Die paradigmaskuif wat in Hoofstuk 1 aangedui is, hou regstreeks verband met die instelling van die nuwe Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika wat 'n nuwe bestel van demokratisering en menseregte ingevoer het. Dit bied die vertrekpunt vir 'n nuwe perspektief op dissipline binne 'n demokratiese raamwerk in teenstelling met die situasie voor 1994.

### 2.2.1 Die Grondwet van Suid-Afrika

Artikel 10 van die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) oor menswaardigheid lui soos volg:

> "Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word." (1996c:8).

Die nuwe wetgewing plaas die konsep menswaardigheid sentraal. Toegepas op die terrein van onderwys beteken dit in besonder dat die regte van alle rolspelers, dit wil sê, die skoolhoof, die

opvoeder en die leerder se menswaardigheid in die skool dus gerespekteer, gewaarborg en beskerm moet word. Die leerder moet in die klaskamer menswaardig behandel word deur die medeleerders en opvoeders. Die opvoeder het ook `n reg op menswaardige behandeling, deur die leerders en die skoolhoof.

Artikel 12 van die Grondwet handel oor die vryheid en sekerheid van die persoon. Artikel 12 (1) (d) en (e) bepaal:

"(1) Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, waarby inbegrepe is die reg om -

(d) op geen wyse gemartel te word nie; en

(e) nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie." (1996c:8).

Dit beteken dus dat `n leerder menslik behandel moet word. Lyfstraf wat in die verlede toegedien was aan 'n leerder, het aan geweld gegrens, asook aan elemente van wreedheid en vernedering. Die lyfstraf wat in die verlede toegedien is deur die opvoeder voor die ander leerders, het tot vernedering van die leerder gelei.

### 2.2.2 Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid

Volgens die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996) is die Minister van Onderwys verantwoordelik vir die bepaling van onderwysbeleid in die algemeen. Artikel 3 (1) bepaal: "Die Minister bepaal nasionale onderwysbeleid ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet en hierdie Wet." (1996a:7).

Met verwysing na dissipline word ook beheer deur die minister oor dissipline bepaal in Artikel 4 (n) "die beheer en tug van studente by onderwysinrigtings: Met dien verstande dat niemand lyfstraf mag toedien nie, of 'n student by enige onderwysinrigting aan sielkundige of liggaamlike mishandeling mag onderwerp nie." (1996a:7).

### 2.2.3 Die Suid-Afrikaanse Skolewet

Artikel 10 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) plaas ‘n verbod op lyfstraf:

“10 (1) Geen persoon mag by ‘n skool lyfstraf aan `n leerder toedien nie.

(2) Enige persoon wat subartikel (1) oortree, is skuldig aan `n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met `n vonnis wat vir aanranding opgelê kan word.**”** (1996b:8)**.**

Die artikel verbied lyfstraf wetlik in skole in Suid-Afrika en dit mag dus glad nie as strafwyse deur `n skoolhoof of opvoeder gebruik word nie. `n Skoolhoof of opvoeder mag dus nie `n ouer vra om lyfstraf by `n skool aan `n leerder toe te dien nie. `n Ouer of voog mag ook nie aan `n skoolhoof of opvoeder toestemming gee om lyfstraf aan sy/haar kind toe te dien nie.

### 2.2.4 Die Wet op die Afskaffing van Lyfstraf

Lyfstraf is ook toegedien vir oortredings buite skoolverband. Ingevolge Artikel 1 (1997:5) van die Wet op die Afskaffing van Lyfstraf (Wet 33 van 1997) word die mag van ‘n hof in Suid-Afrika, insluitende ‘n hof van tradisionele leiers, herroep**.** In die verlede het die hof die polisie gemagtig om lyfstraf op sekere jeugoortreders te gebruik. Die aantal houe, wat die jeugoortreder moes ontvang is voorgeskryf deur die hof. Die vorm van lyfstraf was wreed, onmenslik en vernederend, veral deur die wyse waarop dit toegedien was, want die jeugoortreder met ‘n nakende sitvlak was vasgehou deur ander gevangenes.

Dit is egter nodig om te besef dat die nuwe perspektief nie net na lyfstraf verwys nie, maar in die woorde van Squelch (2000:7) “human rights have also impacted on other areas of discipline such as suspension, due process, conducting searches and detaining learners”. Dissipline verwys na meer as net lyfstraf. Hierdie breër siening mond uit in die noodsaaklikheid van ‘n gedragskode vir leerders binne die raamwerk van die nuwe wetgewing.

### 2.2.5 Gedragskode

Die Suid-Afrikaanse Skolewet verduidelik in Artikel 8 eksplisiet wat met die gedragskode bedoel word en watter vereistes die verpligting stel aan die verantwoordelike rolspelers:

“**Gedragskode**

8 (1) Behoudens enige toepaslike provinsiale wet moet ‘n beheerliggaam van ‘n openbare skool ‘n gedragskode vir leerders aanvaar ná oorleg met die leerders, ouers en opvoeders van die skool.

(2) ‘n Gedragskode beoog in subartikel (1) moet daarop gemik wees om ‘n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van die leerproses, te vestig.

(3) Die Minister kan, ná oorlegpleging met die Raad van Onderwysministers, riglyne bepaal vir oorweging deur beheerliggame in die aanvaarding van ‘n gedragskode vir leerders.

(4) Geen bepaling van hierdie Wet stel ‘n leerder vry van die verpligting om die gedragskode van die skool wat deur sodanige leerder begewoon word, na te kom nie.

(5) ‘n Gedragskode moet bepalings van ‘n behoorlike regsproses bevat om die belange van die leerder en enige party wat by die dissiplinêre handeling betrokke is, te beskerm.” (1996b:6-7).

Die nuwe gedragskode plaas klem op ‘n konsultasieproses waardeur alle betrokkenes by die gedragskode insette kan lewer. ‘n Sodanige gedragskode behoort dan ‘n belangrike bydrae te lewer tot ‘n skoolgemeenskap waarbinne almal onderneem om ‘n suksesvolle gemeenskap te vestig en dus die onderrig en leer te onderskraag. In die publikasie *Guidelines for the Consideration of Governing Bodies in Adopting a Code of Conduct for Learners* (RSA1998) (hierna verwys as ‘*Guidelines*’) word in meer besonderhede verwys na spesifieke gevalle van dissiplinêre probleme en die verantwoordelikhede van die beheerliggaam en die skoolhoof.

### 2.2.6 Professionele etiese kode vir opvoeders

Opvoeders is ook onderworpe aan ‘n professionele etiese kode. In 1995 het die Suid-Afrikaanse

Raad vir Opvoeders tot stand gekom en die Raad word gereguleer deur Wet 31 van 2000. In ooreenstemming met Artikel 5(c) van die Wet moet die Raad ‘n gedragskode opstel:

> “(c) with regard to professional ethics -
>
> > (i) must compile, maintain and from time to time review a code of professional ethics for educators who are registered or provisionally registered with the council;”(Juta’s Education Law and Policy Handbook 1999: 4A-3) (hierna verwys as *Handbook*).

Opvoeders besit dus riglyne wat konstitusionele regte van leerders erken in ooreenstemming met die voorafgaande wette.

### 2.2.7 Opsomming

Die Grondwet van Suid-Afrika verskaf `n breë raamwerk waarbinne ander wette in Suid-Afrika opgestel moet word. Hierdie Grondwet plaas die klem op menseregte en menswaardigheid en dat persone nie op `n wrede en onmenslike wyse behandel moet word nie. Daarom word lyfstraf in Suid-Afrika in skole en ander gemeenskapsinstansies verbied deur die relevante wetgewing. Volgens die nuwe wette het lyfstraf `n kriminele oortreding geword in Suid-Afrika. Die bedoeling van ‘n nuwe gedragskode en professionele etiese kode is om aan die nuwe raamwerk vir dissipline gestalte te gee sodat probleme voorkom en hanteer kan word binne die nuwe landsbestel.

## 2.3 VERANTWOORDELIKE ROLSPELERS

Die Suid-Afrikaanse Skolewet van1996 spreek die verantwoordelikhede van verskeie rolspelers ten opsigte van dissipline in openbare skole aan. Die volgende rolspelers dra verskillende verantwoordelikhede ten opsigte van dissipline: die Minister van Onderwys,

die Lid van die Uitvoerende Komitee (LUR) belas met onderwys, Departementshoof, die beheerliggaam, die skoolhoof, die die opvoeder, die ouer en die leerder. Dit word kortliks aangedui.

### 2.3.1 Die Minister van Onderwys

Dat die Minister van Onderwys ‘n verantwoordelikheid vir dissipline het, is reeds genoem en dat dit moet uitbrei tot riglyne aan beheerliggame vir die opstel van gedragskodes vir skole. Riglyne wat neergelê word deur die Minister van Onderwys moet geskied in samewerking met die Lede van die Uitvoerende Rade van die nege provinsies. Die Minister van Onderwys is dus oorhoofs verantwoordelik vir dissipline in Suid-Afrikaanse skole. Die Minister verskaf dus `n breë raamwerk waarbinne die Lede van die Uitvoerende Rade van Onderwys en beheerliggame kan optree om dissipline in skole te beheer.

### 2.3.2 Die Lid van die Uitvoerende Raad

‘n Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) is verantwoordelik vir die onderwys in ‘n provinsie. Dit behels ingevolge Artikel 9(3) en (4) van die Suid-Afrikaanse Skolewet dat die LUR by kennisgewing in die Provinsiale Koerant, die volgende bepaal om dissipline in skole te verseker:

“(3) (a) die gedrag van `n leerder by `n openbare skool wat as ernstige wangedrag beskou word;

(b) dissiplinêre prosedures wat in sodanige gevalle gevolg moet word;

(c) bepalings van `n behoorlike regsproses om die belange van die leerder en enige ander party wat by die dissiplinêre handelinge betrokke is, te beskerm.”

(4) ‘n leerder of die ouer van ‘n leerder wat uit `n openbare skool gesit is, kan teen die beslissing van die Departementshoof appèl aanteken by die Lid van die Uitvoerende Raad.” (1996b:7-8).

Die LUR is verantwoordelik om te bepaal wat is ernstige wangedrag vir leerders. Die LUR moet ook riglyne vir die opstel van die dissiplinêre prosedures daar stel, om te verseker dat `n leerder in `n skool `n

regverdige en billike dissiplinêre verhoor kry, indien hy/sy skuldig is aan `n ernstige oortreding. Die LUR moet ook `n beslissing maak in die geval, waar `n leerder of ouer nie tevrede is met die besluit van die Departementshoof nie.

### 2.3.3 Die Departementshoof

Ingevolge Artikel 9 (2) en (5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet het die Departementshoof die volgende verantwoordelikhede in verband met dissipline in openbare skole:

“9 (2) Behoudens enige toepaslike provinsiale wet, mag `n leerder by`n openbare skool uit die skool gesit word slegs -

(*a*) deur die Departementshoof; en

(*b*) indien hy of sy ná ‘n regverdige verhoor skuldig bevind is aan ernstige wangedrag.

9 (5) Indien `n leerder wat ingevolge artikel 3(1) aan verpligte skoolbywoning onderhewig is, uit `n openbare skool gesit word, moet die Departementshoof `n alternatiewe reëling tref vir sy/haar plasing in `n openbare skool.” (1996b:7-8).

Die Departementshoof is verantwoordelik vir skooluitsetting van leerders wat aan ernstige wangedrag skuldig is. Die beheerliggaam moet so `n aanbeveling aan die Departementshoof maak na ‘n regverdige en billike dissiplinêre verhoor. Indien die uitgesette leerder skoolpligtig is, moet die Departementshoof die leerder in `n ander openbare skool sit. Dit beteken die leerder moet sy/haar gedrag by die ander skool verbeter. Dit impliseer dat `n leerder wat nie skoolpligtig is nie, nie verder mag skoolgaan nie indien hy/sy uit `n openbare skool gesit is deur die Departementshoof.

### 2.3.4 Die Beheerliggaam

Die Suid-Afrikaanse Skolewet handel breedvoerig oor die magte en pligte van beheerliggame. Vir die doel van hierdie studie is die volgende artikels van belang. Artikel 8(1) lui:

> “Behoudens enige toepaslike provinsiale wet moet ‘n beheerliggaam van ‘n openbare skool ‘n gedragskode vir leerders aanvaar ná oorleg met die leerders, ouers en opvoeders van die skool.” (1996b:6).

Ingevolge Artikel 20 het die beheerliggame van openbare skole onder andere die volgende magte ten opsigte van dissipline:

“20 (1) Behoudens hierdie Wet moet die beheerliggaam van ‘n openbare skool-

*(a)* die beste belange van die skool bevorder en poog om die ontwikkeling daarvan te verseker deur die voorsiening van onderwys van gehalte aan alle leerders in die skool;

(*d*) `n gedragskode vir leerders by die skool aanvaar;

(*e*) die prinsipaal, opvoeders en ander personeel van die skool ondersteun in die verrigting van hulle professionele werksaamhede;" (1996b:13).

Die beheerliggaam moet `n gedragskode vir leerders opstel na konsultasie met al die genoemde rolspelers wat op een of ander wyse betrokke is by die saak van dissipline en wat dissiplinêre maatreëls moet ondersteun. Behalwe die skoolhoof is dit veral die opvoeder in die klaskamer wat die gedragskode gaan implementeer in die skool, en daarom is dit belangrik dat hulle by die opstel van die gedragskode betrek moet word. Ewe-eens is dit belangrik dat die leerders deelneem aan die proses, want hulle moet volgens die aanvaarde kode optree. Indien nodig behoort die skoolhoof en opvoeders dit proses en kode aan die leerders te verduidelik. Die ouers moet ook die gedragskode verstaan, ondersteun en weet hoe dit toegepas gaan word. Die ouers moet ook hul kinders aanmoedig om dit te ondersteun. Om sy taak na behore uit te voer is die *Guidelines* beskikbaar gestel aan beheerliggame en skole.

**2.3.5 Die Skoolhoof**

In aansluiting by die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (Wet 76 van 1998) is terme en voorwaardes vir indiensneming van opvoeders vervat in ‘n Skedule. Met betrekking tot die pligte van ‘n skoolhoof bepaal dit in Hoofstuk A, Paragraaf 4.2 onder andere dat die skoolhoof geag word:

"(i) General/administrative

- To be responsible for the professional management of a public school.
- To make regular inspections of the school to ensure that the school premises and equipment are being used properly and that good discipline is maintained.

(v) Interaction with stakeholders

- To serve on the governing body of the school and render all necessary assistance to the governing body in the performance of their functions in terms of the SA Schools Act, 1996." (*Handbook* 1999: 3C-9;3C-10)

Die skoolhoof is oorhoofs in beheer van die skool en dissipline Verder moet die hoof die beheerliggaam help met die opstel van die gedragskode vir leerders en sorg dat die gedragskode vir leerders konsekwent toegepas word, ook deur die opvoeder in die klaskamer. Die skoolhoof moet ook help dat die dissiplinêre verhoor regverdig en billik is en dat alle prosedures gevolg word. Die skoolhoof moet dus sorg dat die leerder aangekla word indien hy/sy hom/haar skuldig maak aan wangedrag. Hierdeur sal die skoolhoof verseker dat dissipline in die klaskamers en in die skool gehandhaaf word.

Involge Artikel 7(5) van die *Guidelines* word ernstige wangedrag van die leerder deur die skoolhoof hanteer. Minder ernstige wangedrag word dus deur die opvoeder hanteer. Artikel 13(2) van die *Guidelines* wys daarop dat ‘n oortreding deur ‘n leerder wat tot skorsing of uitsetting uit die skool kan lei, voor die skoolhoof gebring moet word. Die skoolhoof moet getuies aanhoor en dan besluit watter optrede gevolg

behoort te word. Indien die skoolhoof voldoende gronde vind vir verdere optrede, moet hy/sy dit na die beheerliggaam verwys. Dit is vanselfsprekend dat die skoolhoof verder ook onderworpe is aan die gedragskode vir opvoeders wat in die volgende paragraaf gestel word.

**2.3.6 Die Opvoeder**

Wet 76 van 1998 op die Indiensneming van Opvoeders bepaal dat die opvoeder verantwoordelik is vir die klaskameraktiwiteite wat insluit:

> "To plan, co-ordinate, control, administer, evaluate and report on learners' academic progress." (*Handbook* 1999:3C-14).

Dit sluit dus die hantering van dissipline in.

Volgens Wet 31 van 2000 het die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders die volgende gedragskode vir opvoeders uitgevaardig wat onder andere behels:

> "3 An educator
>
> 3.1 respects the dignity, beliefs and constitutional rights of learners and in particular children, which includes the right to privacy and confidentiality;
>
> 3.4 exercises authority with compassion;
>
> 3.5 avoids any form of humiliation, and refrains from any form of child abuse, physical or psychological;
>
> 3.8 takes reasonable steps to ensure the safety of the learner;" (*Handbook* 1999:4-9; 4-10).

Die optrede van opvoeders moet met begrip vir die leerders wees gerig op hulle welsyn. Hulle mag dus nie aan vernedering blootgestel wees nie.

Volgens die *Alternatives to Corporal Punishment*: *the Learner Experience* (DoE 2000:22) (hierna verwys as '*Alternatives*') word van die opvoeder verwag om, onder andere, soos volg op te tree teenoor leerders:

- Conduct themselves in a professional and responsible way.
- Not use abusive language or behave in an abusive way.
- Follow the rules, procedures and codes of conduct of the school, government and South African Council of Educators.
- Ensure regular communication with parents and encourage their participation in school affairs.

Artikel 3(7) van die *Guidelines* wys daarop dat 'n opvoeder by 'n skool oor dieselfde

regte as ‘n ouer beskik, om die leerder ingevolge die gedragskode te beheer en te dissiplineer. Artikel 7(5) van die *Guidelines* bepaal dat elke opvoeder te alle tye verantwoordelik vir die dissipline by die skool en skoolverwante aktiwiteite is. Hierdie artikels geld die tyd wat die leerder by die skool is asook gedurende onderrigtyd, `n skoolfunksie of skooluitstappie of skoolverwante aktiwiteite wat deur die leerder bygewoon word.

Die opvoeder moet dus soos `n redelike ouer optree, in die klaskamer, op die skoolterrein en skoolverwante funksies of - uitstappies. Die skoolreëls is by alle geleenthede van die skool op die leerder van toepassing en daarom moet die opvoeder die reëls konsekwent op die leerder toepas.
Opvoeders het dus hiervolgens volle bevoegdhede en verantwoordelikhede om die gedrag van leerders te korrigeer, wanneer sodanige korreksies by die skool in die klaskamer of by skoolverwante funksies nodig is.

Dit is duidelik dat die optrede van die opvoeder aan professionele en verantwoordelikhede gebonde is wat beteken dat hy/sy aktief betrokke is by die opstel van ‘n gedragskode vir die skool. Verder moet die opvoeder altyd beleef teenoor die leerder moet optree en nie swak of beledigende taal teenoor die leerder gebruik nie. Die gedragskode vir leerders moet gerespekteer en eerbiedig word as `n dokument wat gebruik word om leerders in die skool te dissiplineer. Die opvoeder moet ook met die ouer kommunikeer oor die wangedrag van die leerder in die klaskamer.

### 2.3.7 Die Ouer

Die Suid-Afrikaanse Skolewet bepaal dat ouers verantwoordelik is dat leerders die skool besoek (Vgl. *Handbook* 1999:2A-5). Volgens *Alternatives* het ouers onder andere die volgende verantwoordelikhede ten opsigte van dissipline van hul kinders:
“Parents must make sure that:

- Their children go to school every day and are punctual.
- Their children follows the rules and codes of the school. (DoE 2000:22).

Die ouer dra die verantwoordelikheid vir die skoolbywoning van hul kinders. Verder moet die ouer die gedragskode vir leerders verstaan om te verseker dat die leerders daarvolgens optree en daarvolgens behandel word indien hy/sy `n skoolreël oortree.Die ouer het ook die demokratiese reg om insette te lewer vir die opstel van ‘n gedragskode vir die skool.

Artikel 6 van die *Guidelines* (1998:22-23) verplig die ouer om verantwoordelikheid vir die gedrag van die leerder te aanvaar. Die ouer het ook die reg om regstappe te neem teen opvoeders, leerders of persone wat die grondwetlike regte van ‘n leerder skend. Dit beteken die ouer moet veranwoordelikheid aanvaar vir die wangedrag van die leerder. Die ouers moet ook die skoolreëls aan hul kinders verduidelik, sorg dat hul die skoolreëls verstaan en dit gehoorsaam. Die ouer kan `n departementele- of `n kriminele klag maak teen `n opvoeder indien hy/sy bewyse het, dat enige regte van die kind geskend is.

### 2.3.8 Die Leerder

Die Suid-Afrikaanse Skolewet bepaal met betrekking tot leerders en die gedragskode dat

> “(4) Nothing contained in this Act exempts a learner from the obligation to comply with the code of conduct of the school attended by such learner.” (*Handbook* 1999:2A-10)

Die leerder is aan die gedragskode onderworpe, maar volgens *Alternatives* het `n leerder ook onder andere die volgende algemene regte:

“Every learner has the right:

- to be treated fairly and the responsibility to show respect to others
- to be taught in a safe and disciplined school environment and the responsibility to uphold school security and be co-operative
- to be treated with respect by the school community regardless of personal, cultural, racial, religious or other differences and the responsibility to be tolerant and considerate of others and their beliefs
- to security of oneself and one’s possessions and the responsibility to respect others

personal safety and property and not damage or steal it

- to punctual and consistent lessons and the responsibility to attend them on time." (DoE 2000:21).

Die opvoeder en skoolhoof moet `n leerder te alle tye regverdig behandel. Die leerder moet respek betoon teenoor die opvoeder en sy/haar mede-leerders. Die veiligheid van die medeleerders en die opvoeder moet verseker word, deur nie met gevaarlike wapens na die skool te kom nie.

Dit is reeds genoem dat die Suid-Afrikaanse Skolewet ook die leerder as 'n rolspeler erken om betrokke te wees by die opstel van die gedragskode vir die skool. Dit beteken dat 'n leerder die basiese verantwoordelikheid het ten opsigte van dissipline om die gedragskode te ken en aan die verskillende reëls gehoor te gee. Dit word ook deur die *Guidelines* (1998:21) aangetoon. Elke leerder moet aan die begin van elke skooljaar voorsien word van `n afskrif van die skoolreëls. Verder moet die klasreëls ook op sigbare plek in die klas vertoon word, sodat leerder dit gereeld kan lees. Jonger leerders moet mondelings ingelig word oor die skoolreëls, want onkunde oor die gedragskode en reëls is nie `n aanvaarbare verskoning nie. Die feit dat die leerder betrokke is by die opstel van die gedragskode, `n kopie ontvang asook dat die opvoeder dit verduidelik indien nodig, behoort te beteken dat geen onkunde sal bestaan by `n leerder oor die gedragskode en sy verantwoordelikheid te opsigte daarvan.

### 2.3.9 Opsomming

Die Minister van Onderwys en LUR van Onderwys moet verseker dat wetgewing in die Departement van Onderwys bestaan waarbinne die Departementshoof, die beheerliggaam, die skoolhoof en die opvoeders kan optree. Die opvoeder neem die wangedrag eerste waar in die klaskamer en bring dit dan onder die aandag van die skoolhoof. Die skoolhoof besluit of die klagte van ernstige wangedrag van die leerder gaan verwys word na die beheerliggaam. Die ouer moet insette maak oor die gedragskode vir leerders en toesien dat die leerder dit gehoorsaam. Die ouer moet ook dissiplinêre aksies teen die leerder ondersteun. Die leerder moet die

gedragskode vir leerders verstaan en dit gehoorsaam.

## 2.4 DIE HANTERING VAN WANGEDRAG

Volgens *Alternatives* (2000:25-26) is daar vyf vlakke van wangedrag wat deur `n skool gebruik kan word om wangedrag binne `n skool te klassifiseer. Dit sluit die volgende in:
Vlak 1: wangedrag binne die klaskamer,
Vlak 2: wangedrag buite die klaskamer,
Vlak 3: ernstige wangedrag,
Vlak 4: baie ernstige wangedrag en
Vlak 5: kriminele oortredings.

### 2.4.1 Vlakke van wangedrag

#### 2.4.1.1 Vlak 1: Wangedrag binne die klaskamer

Die oortredinge van leerders binne die vlak van die klaskamer met minder ernstige gevolge kan insluit die volgende: om laat te kom: om te dros van die klas: om nie tuiswerk te voltooi nie: om nie redelike opdragte van die skoolhoof of opvoeder uit te voer nie en om oneerlik te wees in die klas. Aangesien hierdie oortredings binne die klaskamer plaasvind is dit noodsaaklik dat dit binne die klaskamer opgelos moet word. Die strafmaatreëls op die vlak word deur opvoeder uitgevoer. Dit kan die volgende insluit: mondelingse waarskuwing; gemeenskapdiens bv. om die klas op te ruim of om punte te verloor wat alreeds opgebou is.

#### 2.4.1.2 Vlak 2: Wangedrag buite die klaskamer

Die oortredings van vlak 2 sluit die volgende in: indien `n leerder hom/haar herhaaldelik

skuldig maak aan oortredings van vlak 1; om tabak te besit; om te rook op skool; om die skool te verlaat sonder toestemming; om beledigende taal te gebruik teenoor medeleerder of opvoeder; om `n steuring te wees vir die opvoeder; om nie respek te betoon teenoor die opvoeder of `n mede- leerder nie; om betrokke te raak in minder ernstige vandalisme soos graffiti en om oneerlik te wees met ernstige gevolge.

Die vlak van oortredings raak nie net die een opvoeder nie, maar die res van die skool. Dit bedreig dus die dissipline van die skool. Omdat die optrede van die leerder die dissipline van die skool bedreig moet dit na `n lid van die senior personeel verwys word. Die strafmaatreëls kan die volgende insluit: `n dissiplinêre gesprek met die leerder; `n gesprek met die ouer/voog van die leerder; `n geskrewe waarskuwing; die ondertekening van `n kontrak met die leerder waarin hy/sy onderneem om die wangedrag te verbeter; `n daaglikse verslag wat gedra kan word deur die leerder en wat onderteken kan word deur elke opvoeder by wie die leerder `n leerarea kry en om take uit te voer wat die skoolomgewing kan verbeter bv. tuin maak, skoon maak van die klas, ensovoorts.

#### 2.4.1.3 Vlak 3: Ernstige wangedrag

Die oortreding van vlak 3 kan die volgende insluit: om gereeld die oortredings van vlak 2 te oortree; om die straf van vlak 2 te ignoreer; om `n leerder of `n opvoeder te beseer; om te dobbel in die klaskamer of op die skoolterrein; om klasse ernstig te ontwrig; om dokumente en handtekeninge te vervals; om rassisties of seksisties te wees of om op enige ander wyse teen `n leerder te diskrimineer; om pornografiese-, rassistiese- of seksistiese materiaal te besit of om dit te versprei by die skool; die besit van `n gevaarlike wapen; diefstal van die skool se eiendom of die eiendom van `n leerder of `n opvoeder; vandalisme van die eiendom van die skool en om oneerlik te wees gedurende `n eksamen.

Die strafmaatreëls van diè vlak kan uitgevoer word deur die skoolhoof. Dit kan enige van die volgende strafmaatreëls insluit: strafmaatreëls van vlak 2; `n geskrewe waarskuwing met die voorneme om `n leerder te skors; die leerder wat hom/haar skuldig gemaak het aan wangedrag kan verwys word na `n voorligter of `n maatskaplike werker of die

leerder kan gemeenskapdiens doen.

#### 2.4.1.4 Vlak 4: Baie ernstige wangedrag

Die oortredings van vlak 4 met ernstige nagevolge kan die volgende insluit: herhaalde skending van vlak 3 se oortredings; indien ‘n leerder die opvoeder of `n medeleerder dreig met `n gevaarlike wapen; om `n opvoeder of `n medeleerder ernstig te beseer of om `n opvoeder of `n medeleerder met besering te dreig; om betrokke te raak in seksuele misbruik soos byvoorbeeld betasting van `n leerder van die teenoorgestelde geslag; om dwelms te verkoop op die skoolterrein of die gebruik van dwelms of alkohol deur `n leerder op die skoolterrein of om onder invloed van alkohol of narkotiese middels te wees; indien `n leerder die totale skool ontwrig deur middel van `n boikot of `n plakkaatoptog en om `n dokument te vervals.

Die strafmaatreëls wat in die vlak gebruik word word toegepas deur die skoolhoof, die beheerliggaam of die Departement van Onderwys. Die strafmaatreëls vir die bogenoemde oortredings sluit in: enige straf soos vervat in vlak 3: die leerder kan verwys word na `n

sielkundige of `n aansoek na die Departement van Onderwys vir beperkte skorsing van al die skool se aktiwiteite.

#### 2.4.1.5 Vlak 5: Kriminele oortredings

Die oortredings van die vlak sluit die volgende oortredings in: herhaalde skending van vlak 4 oortredings; die voorneme om `n opvoeder of `n medeleerder ernstig te beseer; om doelbewus gevaarlike wapens te gebruik; seksuele teistering van `n leerder van die teenoorgestelde geslag; seksuele misbruik en verkragting van `n vroulike leerder; roof; diefstal van waardevolle goed; inbraak by `n klaskamer of die skool en moord op `n medeleerder of `n opvoeder.

Die maatreëls kan uitgevoer word deur die skoolhoof, die beheerliggaam en die

Departement van Onderwys. Aansoek kan ook gedoen word na die Departementshoof vir uitsetting of oorplasing van die leerder na `n ander skool. Omdat die oortredings van die leerder die landswette ook verbreek, kan `n klag ook by die polisie gelê word.

### 2.4.2 Die dissiplinêre verhoor

`n Dissiplinêre verhoor vind plaas indien `n ernstige en baie ernstige oortreding plaasgevind het. Die saak word deur die skoolhoof na die beheerliggaam verwys sonder dat die leerder se naam genoem word. Die beheerliggaam kan twee persone aanstel om vas te stel of die oortreding ernstig genoeg is en of dit `n dissiplinêre verhoor regverdig. Indien die beheerliggaam wil voortgaan met die verhoor moet hul drie persone aanstel vir hierdie doel.

Die skoolhoof moet die klagtes teen die leerder skriftelik aan die dissiplinêre komitee voorlê. Die leerder en die ouer/voog moet vyf werksdae kennis kry van die dissiplinêre verhoor. Die kennisgewing van die dissiplinêre verhoor aan die leerder moet die datum, tyd en die plek van die dissiplinêre verhoor bevat. Die skoolhoof moet die leerder en die ouer/voog waarsku dat die dissiplinêre verhoor van die leerder tot gevolg kan hê dat die leerder geskors of uitgesit kan word van die skool.
Die leerder moet ingelig word dat hy/sy bewyse na die dissiplinêre verhoor kan bring en dat hy/sy die reg het om hul kant van die saak te stel. Die leerder en die ouer/voog kan nie gedwing word om bewyse te gee nie. Die leerder kan ook verteenwoordig word deur `n regsverteenwoordiger. Al die partye in die dissiplinêre verhoor het toegang tot alle dokumente insluitende verklarings, skoolrekords, karakterverwysings, ensovoorts. Die ouer/voog kan om versagting vra vir die leerder indien die leerder skuldig bevind is. Na die dissiplinêre verhoor moet die dissiplinêre komitee `n aanbeveling aan die beheerliggaam maak. Die beheerliggaam kan die aanbeveling van die dissiplinêre komitee aanvaar of verwerp.

### 2.4.3 Skorsing en uitsetting

#### 2.4.3.1 Skorsing

Na `n regverdige verhoor kan die beheerliggaam aan die Departementshoof aanbeveel dat `n leerder wat aan ernstige wangedrag skuldig bevind is, geskors word. Die Departementshoof kan die aanbeveling van die beheerliggaam aanvaar of verwerp.

#### 2.4.3.2 Uitsetting

Na `n regverdige verhoor kan die beheerliggaam by die Departementshoof aanbeveel dat `n leerder wat hom/haar aan baie ernstige wangdrag skuldig gemaak het uit `n skool gesit word. Die leerder of sy/haar ouer/voog mag appelleer teen die uitsetting van die Departementshoof by die LUR van Onderwys. Indien die leerder skoolpligtig is, moet die leerder deur die Departementshoof na `n ander skool oorgeplaas word.

### 2.4.4 Opsomming

Al die oortredings van die leerder moet aangeteken word deur die opvoeder of deur die skoolhoof. Die opvoeder en die skoolhoof moet konsekwent optree indien hulle bewus is van wangedrag deur `n leerder. In die klaskamer van die opvoeder en in die kantoor van die skoolhoof moet die leerder `n geleentheid kry om sy/haar kant van die saak te stel. Hierna kan die opvoeder of die skoolhoof `n bevinding maak.

## 2.5 GEVOLGTREKKING

Die onderwyswetgewing wat verband hou met dissipline in Suid-Afrika word gemaak deur politici en dit word implementeer deur opvoeders. Die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) het die grondslag gelê vir die onderwysbedeling in Suid-Afrika. Daarop volg die aanvaarding van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996); die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996); die Wet op die Afskaffing van Lyfstraf (Wet 33 van 1997) en die wette op Indiensneming van Opvoeders (Wet 76 van 1998) en die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (Wet 31 van 2000). Om lyfstraf her in te stel sal beteken dat Suid-Afrika (parlement) grondwetlike veranderings moet maak.

‘n Gedragskode moet deur beheerliggame na oorlegpleging met die relevante rolspelers opgestel word. Indien `n skool nie ‘n behoorlike gedragskode vir leerders aanvaar het nie, plaas dit meer druk op die opvoeders. Dit moet dan deur opvoeders, skoolhoofde en beheerliggame toegepas word. Die opvoeder staan sentraal in die hantering van dissipline in die klaskamer en in die skole. Dit is die opvoeder wat eerste die wangedrag van die leerder in die klaskamer of op die skoolterrein waarneem en dit hanteer. In ernstige gevalle word dit verwys na die skoolhoof of in baie ernstige gevalle na die beheerliggaam en die Departementshoof. Die dissiplinêre proses moet deur alle rolspelers in `n skoolgemeenskap verstaan word, want dit plaas meer druk op opvoeders van `n skool indien ouers/voogde nie die dissiplinêre maatreëls en prosedures van die skool verstaan nie. Ouers/voogde kan dan nie hul rol behoorlik vervul in die dissiplinêre proses nie.Dit beteken skole moet maniere vind om die gedragskode van leerders aan diè ouers te verduidelik.

Die sukses van die implementering van die gedragskode vir leerders in `n skool is opgesluit in die verbintenis van opvoeders, leerders, die skoolhoof en die ouers om dit te maak werk in die skool. Die oproep na lyfstraf vir leerders uit sommige hoeke van die skoolgemeenskap impliseer onkunde met die verstaan en implementering van die gedragskode vir leerders en die afwesigheid van `n verbintenis om diè gedragskode te maak werk in die skool.

••••••••••••

# HOOFSTUK 3

# WANGEDRAG VAN LEERDERS

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word `n kursoriese oorsig van faktore en omstandighede wat tot dissiplinêre probleme en gevolglike wangedrag deur leerders aanleiding gee. Dit geskied met verwysing na die volgende twee fasette van die probleem wat in hoofstuk 1 gestel is:

- oorsake van wangedrag
- tipes van wangedrag.

Ten slotte word enkele opmerkings gemaak oor die spesifieke Nawakwalandse konteks waarbinne die studie val.

## 3.2 OORSAKE VAN WANGEDRAG

Volgens Burden (1995:17) word wangedrag by leerders deur faktore binne die volgende drie omgewings veroorsaak:

- die fisiologiese omgewing
- die fisiese omgewing
- die psigososiale omgewing.

### 3.2.1 Die fisiologiese omgewing

Burden (1995:17) meen dat die fisiologiese omgewing `n aantal faktore en toestande insluit wat tot wangedrag aanleiding kan gee. Dit sluit siektes, voeding, neurologiese funksionering, die temperament van die leerder, genetiese abnormaliteite, fisiese gestremdhede, dwelms en medikasie in.

#### 3.2.1.1 Siekte

Siektes kan die gedrag van leerders negatief beïnvloed. Dit veroorsaak dat leerders nie hulle volle aandag in die klaskamer kan gee nie en gevolglik swak in `n leerarea vaar. Verder kan dit ook veroorsaak dat leerders afwesig bly as gevolg van die siektetoestand en dit kan ‘n vertraging in die leerproses veroorsaak. Indien sulke leerders nie harder werk as hulle terugkeer skool toe nie, kan dit tot wangedrag lei omdat aktiwiteite nie voltooi is nie.

#### 3.2.1.2 Voeding

Hierdie faktor kan ook wangedrag by leerders veroorsaak. Indien hulle nie voldoende voeding ontvang nie, kan hulle nie ten volle konsentreer gedurende onderrigtyd nie. Hierdie leerders sal nie in staat wees om hulle leeraktiwiteite te voltooi nie, omdat hulle volle aandag nie by die les is nie. Leerders in sulke omstandighede sal eerder aan maniere dink hoe om hulle honger te stil.

#### 3.2.1.3 Neurologiese funksionering

Hierdie toestand kan ook wangedrag by leerders veroorsaak. Indien hulle `n lae intelligensietelling het, kan hulle nie die leeraktiwiteite behoorlik voltooi nie. Dié leerders sal ook makliker by wangedrag betrokke raak, omdat hulle nie skoolreëls behoorlik verstaan nie.

#### 3.2.1.4 Temperament

Indien leerders `n kort humeur het, kan dit wangedrag veroorsaak. Dit beteken dat dié leerders hulle vir die geringste ding gaan vererg. Sulke leerders kan dus vinniger in argumente met opvoeders of medeleerders betrokke raak. Die temperament van leerders kan veroorsaak dat hulle moeilik met opvoeders of ander leerders oor die weg kom.

#### 3.2.1.5 Genetiese abnormaliteit

Genetiese abnormaliteite kan veroorsaak dat leerders hulle wangedra. Dit impliseer dat dié leerders hulle temperament en lae IK van die ouer oorgeërf het. Dit kan veroorsaak dat leerders

nie na wense op skool sal vorder nie.

#### 3.2.1.6 Fisiese gestremdheid

Fisiese gestremdhede soos swak sig of swak gehoor kan akademiese en persoonlike probleme by leerders veroorsaak. Indien hulle nie goed op die skryfbord kan sien nie, beteken dit dat hulle woorde verkeerd van die skryfbord afskryf. Sulke leerders sal dan die verkeerde opdrag voltooi of aktiwiteite verkeerd doen. Swak sig kan ook veroorsaak dat leerders in die klas stadiger skryf en gevolglik kan opvoeders hierdie leerders as lui bestempel. Dit kan ook gebeur dat hierdie leerders nie aktiwiteite in `n bepaalde tyd kan voltooi nie. `n Swak gehoor by leerders kan verder veroorsaak dat hulle nie kan hoor wat die opvoeder in die klas verduidelik of watter opdrag die opvoeder aan leerders gee nie. Dit kan dus vir die opvoeder lyk of hierdie leerders hom/haar minag of nie opdragte wil uitvoer nie.

#### 3.2.1.7 Dwelms en medikasie

Dwelms en medikasie kan ook wangedrag by leerders veroorsaak. Beide die gebruik van dwelms en sekere medikasie wat alkohol bevat kan die leerder se konsentrasie verswak. Hulle kan dan nie ten volle verstaan wat die opvoeder verduidelik nie en watter opdragte die opvoeder gee nie. Die gebrek aan konsentrasie kan veroorsaak dat die leerders die klasreëls oortree.

### 3.2.2 Die fisiese omgewing

Fisiese omgewingsfaktore kan in drie hoofgroepe verdeel word, naamlik die huis, die skool en die portuurgroep. Volgens Burden (1995:18) verwys dit na sake soos omstandighede by die huis, omstandighede in die gemeenskap en omstandighede in die skool.

#### 3.2.2.1 Huis

Omstandighede by die huis kan die gedrag van leerders negatief beïnvloed. Die volgende drie dinge kan `n rol speel by die wangedrag van leerders: onvoldoende klere, verkeerde televisieprogramme en egskeidings. Indien `n leerder nie skoolklere, skoolskoene of ander

belangrike noodsaaklike klere het nie, kan dit deur die opvoeder beskou word as `n verbreking van die skoolreëls. So `n beskouing word negatief deur leerders ervaar en kan aanleiding tot wangedrag gee.

Televisieprogramme kan veroorsaak dat sommige leerders nie hulle aandag aan tuiswerk of projekte gee nie met gevolglike probleme in die klaskamer. Veral programme wat leerders aan geweld, kru taal of seksuele aktiwiteite blootstel, kan hulle by verdere wangedrag betrokke laat raak.

Egskeidings kan ook daartoe lei dat leerders by wangedrag betrokke raak. Die gemis aan die ander ouer kan veroorsaak dat die leerder nie in die klaskamer konsentreer nie. Weens `n gebrek aan konsentrasie kan hierdie leerders ook nie hulle opdragte behoorlik uitvoer nie wat kan lei tot swak vordering in ‘n leerarea.

**3.2.2.2 Skool**

Die omstandighede by die skoolomgewing kan veroorsaak dat leerders by wangedrag betrokke raak. Die skoolfaktore wat tot wangedrag kan bydra, is die kurrikulum, die effektiwiteit van die opvoeder en die skoolhoof, die roetine van die skool en die infrastruktuur van die skool.

Die kurrukulum kan `n rol in die ontstaan van wangedrag van leerders speel. Indien die kurrikulum relevant is vir leerders, sal dit hulle gedrag positief beïnvloed. Indien die kurrikulum egter irrelevant en moeilik vir leerders is, kan dit veroorsaak dat hulle nie projekte of tuiswerk voltooi nie. As gevolg hiervan kom botsings met skoolreëls en opvoeders voor.

Die opvoeder moet te alle tye konsekwent optree en sorg dat die klas- en skoolreëls te alle tye toegepas word. Indien die wangedrag van leerders nie aangespreek word nie, sal dit hulle in hul wangedrag versterk.

Die skoolhoof kan ook tot wangedrag bydra indien hy/sy nie optree as leerders deur opvoeders na hom/haar verwys word nie. Indien die skoolhoof wangedrag effektief hanteer, sal die dissipline in die skool asook die onderrig en leerkultuur verbeter (Sweeney 1992:70). Indien die skoolhoof die

skoolreëls persoonlik aan elke leerder oorhandig en verduidelik, kan dit help dat hulle nie die bestaan van die skoolreëls bevraagteken nie (Shore 1998:31).

Die infrastruktuur van die skool sal bepaal hoe leerders hulle gedra. Indien die toilette van die seuns byvoorbeeld stukkend is, sal hulle die terrein en waar moontlik die meisies se toilette gebruik. Dit kan dus neerkom op wangedrag. Die manier hoe die klaskamer daar uitsien sal verder bepaal hoe leerders se gedrag is. Volgens Burden (1995:18) speel die volgende `n rol in die leerder se gedrag: fisiese rangskikking van die banke, die temperatuur, geraasvlak en die beligting in die klaskamer. Indien dit baie koud of warm in die klaskamer is, sal dit ook die leerders se konsentrasie verminder. Hulle konsentreer dus op die koue of die hitte. Swak beligting sal die leerder se sig negatief beïnvloed. Leerders kan opdragte verkeerd beantwoord of glad nie die opdrag of aktiwiteit voltooi nie.

#### 3.2.2.3 Gemeenskap

Verskillende invloede word ook deur die gemeenskap of groepe in die gemeenskap uitgeoefen wat nadelige gevolge kan hê. Gemeenskappe kan positiewe aanmoediging voorstaan met betrekking tot onderwys en dissipline of die indruk by leerders skep van onbetrokkenheid. Die portuurgroep speel ook `n belangrike rol en geniet nog verdere aandag.

### 3.2.3 Die psigososiale omgewing

Volgens Burden (1995:20) kan die psigososiale omgewing ook bydra tot wangedrag. Hierdie omgewing kan op twee vlakke manifesteer, naamlik op `n interpersoonlike vlak (opvoeder, portuurgroep en ouers) en op `n intrapersoonlike vlak (waardes, motivering en singewing).

#### 3.2.3.1 Interpersoonlike vlak

Interpersoonlike verhoudings verwys na leerders se verhouding met hulle ouers, opvoeders en portuurgroepe. `n Swak verhouding met ouers kan ook daartoe bydra dat leerders hulle aan

wangdrag skuldig maak. Dit kan `n direkte gevolg op leerders se gedrag by die skool hê indien ouers nie reëls by die huis toepas nie of toelaat dat kinders hulle gesag ondermyn. Leerders kan dus nou ook probeer om die klasreëls te oortree, omdat hulle by die huis toegelaat word om die reëls te oortree. Leerders kan ook die opvoeder se gesag ondermyn, omdat hulle ouers se gesag ondermyn.

Die opvoeder kan onbehoorlike gedrag by leerders aanmoedig deur op hulle te skreeu, hulle hardhandig te hanteer en deur outoritêre en arbitrêre reëls op leerders af te dwing (Burden 1995:20). Dit kan veroorsaak dat leerders opstandig raak teenoor die betrokke opvoeder. Hulle kan dus die gesag van opvoeders ondermyn en ook opdragte van betrokke opvoeders verontagsaam.

Die portuurgroep kan help dat leerders hulle aan wangedrag skuldig maak. Volgens Kajewski (1998:8) is portuuraanvaarding belangriker as die ouer se versoeke om byvoorbeeld met die opvoeder of die ouer saam te werk. Indien verhoudinge versteur raak of ‘n geliefde vriend/in van die leerder tot sterwe sou kom, kan dit veroorsaak dat die leerder nie in die skool kan konsentreer nie. Dit kan veroorsaak dat die leerder van die skool af wegbly. Indien vriende van leerders gereeld by wangedrag betrokke is, kan hulle mekaar onder groepsdruk plaas om ook by by wangedrag in die klaskamer of op die skoolterrein betrokke te raak. Die wangedrag kan rook op die skoolterrein, bakleierry, afneem kleiner kinders se brood, ensovoorts, insluit.

### 3.2.3.2 Intrapersoonlike vlak

Intrapersoonlike verhoudings verwys in hierdie geval na die leerder se eie verhouding tot waardes, motivering en singewing. Waardes kan bydra dat leerders hulle by die skool wangedra. Volgens Van Rensburg en Landman (1988:507) verwys waardes na die verhouding tussen die mens en `n bepaalde objek of sy/haar houding teenoor `n bepaalde saak. Leerders se houding teenoor skool- en klasreëls kan bepaal watter waardes hulle aangeleer het. Indien leerders `n gebrek aan waardes soos selfrespek, `n verantwoordelikheidsin en hardwerkendheid het, sal hulle makliker by wangedrag betrokke raak.

Dit is algemeen bekend dat motivering as `n krag beskou kan word wat aksie veroorsaak en krag

word op besondere menslike behoeftes gebaseer. Mwamwenda (1995:264) meen dat indien opvoeders `n positiewe houding teenoor hul vak het, leerders meer gemotiveerd sal wees teenoor die vak. Die eksterne motivering kan weer tot interne motivering lei. Leerders kan nou meer in die leerarea en die opvoeder belangstel, gevolglik kan dit meer positief vir leerders wees. Indien die opvoeder egter negatief teenoor die leerarea is, sal dit negatief op die interne motivering van die leerder inwerk. Leerders sal gevolglik minder aandag in die klas gee en nie die projekte of aktiwiteite voltooi nie.

Singewing kan ook veroorsaak dat leerders by wangedrag betrokke raak. Volgens Van Rensburg en Landman (1998:198) vind singewing as `n hiërargie van persoonlike betekenisse neerslag in die kind/mens se ervaringsbesit. Die mens se betrokkenheid by die wêreld is `n aangeleentheid van persoonlike singewing. Indien die skool vir leerders sin maak, sal hulle die gesag asook die opdragte van die opvoeder uitvoer. Indien daar egter geen sin in die skool vir leerders is nie, sal hulle negatief teenoor die skoolsituasie wees. Hierdie leerders sal dus nie die skoolreëls gehoorsaam nie en raak gevolglik by wangedrag betrokke.

Nadat aandag gegee is aan faktore wat binne die fisiologiese, fisiese en psigososiale omgewings voorkom, word die aandag vervolgens toegespits op tipes van wangedrag wat kan voorkom.

## 3.3 TIPES VAN WANGEDRAG

Burden (1995:21) meen dat onbehoorlike gedrag deur die individuele leerder in vier kategorieë verdeel word, naamlik hiperaktiwiteit, onoplettendheid, gedragsversteuring of gedragsafwyking en impulsiwiteit.

### 3.3.1 Hiperaktiwiteit

Volgens Burden (1995:21) word hiperaktiwiteit deur `n neurologiese disfunksie veroorsaak. Die hiperaktiewe gedrag van leerders sluit in dat hulle

- `n onvermoë besit om stil te sit in die klaskamer;
- onrustig is;
- aanhoudend gesels;
- nie kan wag dat interessante dinge gebeur nie;
- konstant na aandag op soek is;
- gedurig neurie of mompel;
- vinnig opgewonde raak;
- altyd hulle sin wil hê;
- oor die algemeen lomp is;
- swak koördinasie het.

Hiperaktiewe leerders kan dus nie stil sit in die klaskamer nie. Gedurende die lesaanbieding sal hulle opstaan en met ander leerders gesels en maak asof die opvoeder nie besig is nie. Hierdie leerders sal dinge doen om die opvoeder of medeleerders se aandag te trek. Hulle sal gedurig mompel of `n lied/gesang in die klas neurie. Hulle wil verder altyd hulle sin hê.

### 3.3.2 Onoplettendheid

Burden (1995:21) meen dat `n onoplettende leerder sekere kenmerke toon. Hulle is oor die algemeen

- baie verward;
- nie in staat om instruksies te volg nie;
- geneig om hulle te onttrek van persone wat hulle nie ken nie;
- baie skaam;
- geneig om met klein objekte te vroetel;
- nie in staat om stil te sit nie;
- rusteloos.

Hierdie leerders sal dus nie aandag gee indien `n opvoeder `n aktiwiteit verduidelik nie. Gevolglik sal hulle nie die instruksies van die aktiwiteit verstaan nie. Hulle kan hulle maklik van ander leerders en die opvoeder onttrek. Onoplettende leerders sal byvoorbeeld met `n potlood,

`n pen of `n skryfboek vroetel terwyl hulle veronderstel is om aktiwiteite te voltooi. Hulle sal in die klaskamer rondloop onderwyl die opvoeder iets verduidelik of wanneer hulle `n aktiwiteit moet voltooi.

### 3.3.3 Gedragsafwyking

Volgens Burden (1995:21) sluit leerders met gedragsafwykings in dat leerders

- nie die teregwysing van die opvoeder aanvaar nie;
- ander persone uitdaag;
- die gesag van die opvoeder uitdaag;
- nie hulle aandag bepaal met dit waarmee hulle besig is nie, byvoorbeeld speletjies en aktiwiteite nie;
- nie die gesag van die opvoeder erken nie;
- nie hulle gedrag verbeter as hulle gedissiplineer word nie;
- altyd kommentaar lewer indien die opvoeder met hulle praat;
- bakleierig is;
- nie frustrasie kan hanteer nie.

Indien hierdie leerders klas- of skoolreëls verbreek, sal hulle nie die teregwysing van die opvoeder aanvaar nie. Dié leerder erken ook nie die gesag van die opvoeder en die skoolhoof nie. Indien `n mondelingse onderhoud met die leerder plaasvind, sal dit nie noodwendig die wangedrag verander nie. Die leerder sal ook nie die teregwysing van `n opvoeder aanvaar nie. Leerders kan mekaar afknou en indien die opvoeder die skuldige teregwys, sal hy/sy mondelings op die teregwysing kommentaar lewer. Hierdie leerders kan nie frustrasie in die klaskamer hanteer nie.

### 3.3.4 Impulsiwiteit

Volgens Burden (1995:22) is impulsiewe leerders die soort leerders wat

- `n konstante soeke na aandag het;

- net aan die huidige situasie waarin hulle hulleself bevind, dink en onvoorspelbaar optree;
- roekeloos is;
- onverskillig optree;
- verskeie ongelukke het;
- onverantwoordelik optree.

Hierdie leerders tree onvoorspelbaar op en die opvoeder kan hulle optrede nie bepaal nie. Hulle dink net aan die huidige oomblik en besef nie dat hulle die opvoeder of medeleerder die volgende dag nodig mag kry nie. Hulle is baie roekeloos in die klas en sal sommer `n medeleerder met `n potlood of `n pen steek. Impulsiewe leerders kan die besering van medeleerders as `n ongeluk sien. Hulle tree onverantwoordelik op en sal dus nie vir `n toets leer nie. Verder sal hulle ook nie `n aktiwiteit of projek voltooi nie, hulle sal vroeër as wat toegelaat word, verdaag en sal maklik van die skool af wegbly.

Die voorafgaande oorsig oor faktore wat tot wangedrag aanleiding gee en die gevolglike tipes wangedrag wat kan ontstaan, bied ‘n breë raamwerk waarteen die probleem van dissipline en spesifieke wangedrag beskou kan word. Die fokus van hierdie studie is egter spesifiek hoe die probleem in Intermediêre Skole in die Namakwa Distrik van die Noord-Kaap Provinsie gemanifesteer word. Daarom word die volgende opsomming en gevolgtrekkings daarop toegespits

## 3.4 OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS

Dit is vanselfsprekend dat al die faktore wat in die fisiologiese, fisiese en psigososiale omgewings voorkom nie altyd in dieselfde mate en omvang invloed sal uitoefen nie. Dieselfde opmerking geld ook die voorkoms van tipes van wangedrag.

Fisiologiese omgewingsfaktore, naamlik siektes en voeding kom voor. Die regering verskaf gratis primêre gesondheidsdienste aan die leerders, maar steeds word hulle nie tydig na die nodige klinieke geneem nie. Die siektes wat voorkom, volgens die *Patient Notes* (NCP 2004a:1),

is veral siektes soos tuberkulose, MIV/VIGS en verkoues wat voorkom. Dit hou dus verband met immuniteitsprobleme en verder met voeding wat ook `n rol speel in die leerders se gedrag. Die meeste skole in die gebied is ingeskakel by die voedingskemaprogram van die Departement van Onderwys. Die program het ten doel om die leerders gedurende skoolure van voedsel te voorsien volgens die *School Food Security Programme* (NCP2004b:1). Die instelling van die voedingsprogram bewys dat die leerders voor skool of na skool nie voldoende voeding ontvang nie weens gebrek aan die nodige finansies tuis. Tydens die eerste sessie van skooldag is hierdie leerders dan honger. Dit kan hulle houding teenoor die skoolonderwys en klaskamergedrag beïnvloed. Soos die gebrek aan voeding kan fisiese gestremdhede ook leerders se selfvertroue en gedrag beïnvloed. Sulke leerders is landswyd in die hoofstroomonderwys opgeneem wat aanpassings verg van opvoeders en leerders.

Die fisiese omgewing beïnvloed die gedrag van leerders in hierdie skole. Die feit dat skole 'n voedingsprogram het, dui op finansiële tekorte wat ouers en kinders ervaar, byvoorbeeld, as gevolg van werkloosheid. Sommige ouers is ook soms van `n staatstoelae afhanklik is. Hulle kan nie behoorlike skoolklere of ander klere bekostig nie. Dit beteken dat leerders sonder skoolklere skool toe kom, wat hom/haar in konflik bring met die skoolreëls. Verder blyk dit dat die egskeidings ook `n faktor is wat `n rol in die gebied speel volgens die *Geïntegreerde Ontwikkelingsplan* (NKP 2005:3). Dit beteken dat leerders by een van die ouers bly. As gevolg van egskeidings sukkel leerders om hulle gevoelens te verwerk. Dit gee daartoe aanleiding dat hierdie leerders by wangedrag by die skool betrokke kan raak.

Die skool as fisiese omgewingsfaktor kan ook die leerder se gedrag beïnvloed. Die Namakwa Distrik is baie droog en warm in die somer en baie koud in die winter. In die somer kan dit veroorsaak dat sommige leerders hulle aan wangedrag skuldig maak. Dit kan wees dat van die leerders onveilig voel oor die fisiese omstandighede by skole en gevolglik by negatiewe aktiwiteite betrokke raak wat ook in verband staan met psigososiale faktore.

Gegewe die voorafgaande omstandighede word by wyse van gevolgtrekking beweer dat psigososiale faktore ook 'n rol kan speel. Swak huislike omstandighede soos gebrek aan finansies, ouers wat onvoldoende geskool is, afwesigheid van ouers of leerders wat in die sorg

van grootouers verkeer kan, aanleiding gee tot gebrekkige ouerleiding en wanverhoudings tussen ouers en leerders. Dit kan ‘n gebrek aan respek laat ontstaan. Dit word weerspieël in wat leerders toegelaat word om te doen en gevolglik die houdings wat deur leerders teenoor die skool en opvoeders, hulle portuurgroepe en hulle eie verantwoordelikhede soos skoolwerk en wangedrag in neem. Negatief gesproke, kan hulle makliker by wangedrag betrokke raak, ook in groepsverband deur saam te rook of uit die klaskamer te dros en mekaar te beskerm indien hulle by bakleiery in die klaskamer betrokke raak Uiteindelik oefen die omstandighede ook invloed uit op die kwessies van waardes, singewing en motivering uit met gevolglike konsekwensies vir houdings en gedrag. Op dieselfde wyse kan negatiewe omstandighede, soos afwesigheid van respek, in die gemeenskap destabiliserende invloede uitoefen op die houdings en gedrag van leerders.

Die faktore en omstandighede wat in hierdie hoofstuk met betrekking tot dissiplinêre probleme en wangedrag weergegee is, dien as hipotetiese agtergrond vir die empiriese studie van beperkte omvang en die interpretasie van die gegewens wat gedurende die onderhoude opgeteken is. In Hoofstuk 4 word vervolgens ‘n kort uiteensetting van die empiriese studie gegee

# HOOFSTUK 4

# NAVORSINGSONTWERP

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die navorsingsdoel, navorsingsontwerp, etiese verantwoording en navorsingsmetodes (insamelingsmetode en analiseringsmetode) wat op hierdie studie van toepassing is, beskryf.

## 4.2 NAVORSINGSDOEL

In Hoofstukke 1 tot 3 is die doel van die navorsing uiteengesit, naamlik om die probleem van dissipline binne vyf bestaande intermediêre skole in die Namakwadistrik van die Noord-Kaap Provinsie te belig na aanleiding van die toepaslike wetgewing en spesifieke omstandighede in die skole en die samelewing. Hierdie doelstelling vereis verder die insameling van inligting oor die aard en invloed van die probleem, met verwysing na die bestuur daarvan deur die skoolhoofde van hierdie spesifieke skole.

## 4.3 NAVORSINGSONTWERP

`n Kwalitatiewe navorsingsontwerp word in die studie gebruik omdat die navorsing ten doel het om `n sosiale verskynsel beter te verstaan.

Kwalitatiewe navorsing is besonder geskik vir die ondersoek van `n klein, maar informasieryke groep. Dit het ten doel om inligting wat waardevol is in `n bepaalde konteks, eerder as inligting wat veralgemeen kan word op die totale bevolking, te verkry (vgl. McMillan & Schumacher 1993:373).

Die kwalitatiewe studie het `n ontwikkelende ontwerp, wat beteken dat dit buigbaar, uniek en aanhoudend ontwikkel gedurende die navorsingsproses. De Vos en Fouchè verduidelik (vgl. De

Vos et al.1998:80) dat die ontwikkelende aard van die ontwerp juis beteken dat die navorsing nie aan die navorser `n stap-vir-stap-plan of `n vasgestelde resep verskaf nie soos.

In hierdie studie maak die navorser  keuses oor die deelnemers, plek van die onderhoud, die beste tyd vir die onderhoud en die wyse waarop die data ontleed gaan word.

## 4.4 NAVORSINGSBENADERING

In kwalitatiewe navorsing kan die navorser hom/haar op interaktiewe of nie-interaktiewe navorsingsmetodes toespits. Interaktiewe navorsing verwys na die insameling van inligting deur interaksie met die geselekteerde persone in die navorsingsveld. Nie-interaktiewe navorsing verwys na die verkryging van inligting vanaf dokumente (vgl. McMillan & Schumacher 1993:374). In hierdie studie word `n interaktiewe navorsingsbenadering gevolg wat die aangesig-tot-aangesig-interaksie tussen die navorser en die geselekteerde skoolhoofde insluit. Hierdie interaksie stel die navorser in staat om die ervarings van die deelnemers (oorsake, soorte dissiplinêre probleme, voorkomende maatreëls) te ontdek, te bestudeer, te beskryf en te analiseer (vgl. McMillan & Schumacher 1993:373).

Vooraf is dit nodig om aan etiese beginsels wat van toepassing is by die gebruik van interaktiewe navorsing, aandag te gee.

## 4.5 ETIESE BEGINSELS

Volgens Schurink (in De Vos et al.1998:305-307) is daar etiese beginsels wat gedurende navorsingsonderhoude gevolg moet word. Hierdie beginsels geniet kortliks aandag.

### 4.5.1 Respek

Gedurende die onderhoud moet die navorser die deelnemers met die nodige respek en agting bejeën (vgl. Schurink in De Vos et al.1998:305). Die deelnemers in hierdie studie is skoolhoofde

en die deurslaggewende rol wat hulle speel in die skool- en gemeenskapskonteks word deurgaans erken.

#### 4.5.2 Aanvaarding en begrip

Die navorser moet met die deelnemer identifiseer en hierdeur kan hy wys dat hy empatie met die dissipline in sy skool het (vgl. Schurink in De Vos et al. 1998:305). Gedurende die studie moet die navorser toon dat hy die skoolhoof as persoon asook in sy gesagsposisie aanvaar. Die navorser moet verder begrip toon indien die deelnemer vrae nie korrek beantwoord nie of nie genoeg kennis het om die vrae te antwoord nie.

#### 4.5.3 Vertroulikheid

Die deelnemers moet verseker word dat hulle identiteit en enige inligting wat hulle aan die navorser beskikbaar stel, vertroulik hanteer sal word (vgl. Schurink in De Vos et al.1998:306). Die navorser moet voor die onderhoud aan deelnemers die versekering gee dat inligting wat gedurende asook na die onderhoud aan die navorser beskikbaar gestel is, vertroulik hanteer sal word. Om vertroulikheid tussen die navorser en die deelnemer verder te versterk, moet die navorser `n afskrif van die finale transkripsie van die onderhoud en die finale verslag aan elke deelnemer beskikbaar stel (vgl. Schurink in De Vos et al.1998:307).

#### 4.5.4 Integriteit

Die navorser mag nie valse verwagtings by deelnemers skep nie en die deelnemers moet te alle tye met eerlikheid hanteer word (vgl. Schurink in De Vos et al.1998:307). Die bevindings van die studie behoort ook nie vooruitgeloop te word nie. Die navorser

behoort die doel van die studie en dit wat hy moontlik daarmee wil bereik, aan deelnemers te verduidelik.

### 4.5.5 Individualisering

Die navorser behoort elke deelnemer in die studie as `n individu te hanteer. Verder moet die navorser nie verwag dat alle deelnemers op dieselfde manier op vrae sal reageer nie (vgl. Schurink in De Vos et al. 1998:307)

## 4.6 MAATREËLS OM BETROUBAARHEID TE VERSEKER

Om betroubaarheid in kwalitatiewe navorsing te verseker, word Guba se model gebruik (vgl. Poggenpoel in De Vos et al. 1998:348). Volgens dié model geld die volgende kriteria om betroubaarheid in die studie te verseker: betroubaarheid, toepasbaarheid, konsekwentheid en neutraliteit.

### 4.6.1 Betroubaarheid

Die betroubaarheid van inligting wat ingesamel is, sal bepaal of die bevindings van die studie betroubaar is. In kwalitatiewe navorsing word betroubaarheid nie voor die studie bepaal nie, maar is dit eerder gebaseer op inligting oor menslike ervarings soos gesien en ervaar deur die deelnemers. Volgens Lincoln en Guba kan betroubaarheid ook kredietwaardigheid genoem word. Hulle argumenteer dat die interne geldigheid, wat gebaseer is op die idee dat daar net een realiteit is wat gemeet moet word, vervang behoort te word met die idee dat daar meer as een realiteit is wat die navorser so akkuraat as moontlik moet voorstel (vgl. Poggenpoel in De Vos et al. 1998:349).

### 4.6.2 Toepasbaarheid

Toepasbaarheid verwys na die mate waarin bevindings in ander kontekste, omstandighede en groepe toegepas kan word. In kwalitatiewe navorsing is die doel nie om die bevindings na `n groter bevolking te veralgemeen nie, maar om die verskynsel of

die ervaring te beskryf. Volgens Guba (vgl. Poggenpoel in De Vos et al.1998:349) verwys toepasbaarheid in kwalitatiewe navorsing na oordraagbaarheid of aanpasbaarheid. Dit kan gedefiniëer word as die mate waarin die bevindings in `n soortgelyke konteks buite die huidige studie kan aanpas. In hierdie studie is die oogmerk om toepasbaarheid aan te spreek deur beskrywende data te verskaf wat

vergelyking in toekomstige navorsing moontlik behoort te maak deur soorgelyke kontekste, omstandighede of groepe te gebruik.

### 4.6.3 Konsekwentheid

Konsekwentheid verwys na die mate waarin die bevindings konsekwent of dieselfde sal wees indien die studie in dieselfde konteks of met dieselfde deelnemers herhaal word. Om konsekwentheid in hierdie studie te verseker, gebruik die navorser deelnemers wat op dieselfde posvlak is en wat ervaring het van al die aspekte wat in hierdie studie bestudeer word.

### 4.6.4 Neutraliteit

Neutraliteit verwys na die verskynsel om nie bevooroordeeld te wees in navorsingsprosedures en -resultate nie. In hierdie studie probeer die navorser om so objektief as moontlik te wees deur te waak teen subjektiewe waardes, persepsies en vooroordele wat die beskrywing van die data kan beïnvloed.

## 4.7 DATA-INSAMELING

### 4.7.1 Deelnemers

Die Namakwa-onderwysdistrik bestaan slegs uit ses intermediêre skole. Elke skool word deur `n skoolhoof, `n adjunkhoof en departementshoofde bestuur. Die deelnemers in hierdie studie is skoolhoofde van bogenoemde skole, omdat hulle informasieryke deelnemers is (vgl. Patton in McMillan & Schumacher 1993:378). Vir die doel van

hierdie studie is hulle beskou as persone met die nodige kennis en ervaring van dissiplinêre probleme en dissiplinêre maatreëls wat op die skoolsituasie van toepassing is. Volgens Schurink, Schurink en Poggenpoel (in De Vos et al. 1998:317) is die ideale grootte van `n kwalitatiewe studie tussen 6 en 9 deelnemers. Van die ses skoolhoofde word die beskikbare vyf in hierdie studie as deelnemers ingesluit. Vir die aard en omvang van die ondersoek word dit nog in terme van die bogenoemde vereiste as voldoende beskou.

### 4.7.2 Die navorser as instrument

In hierdie studie is die navorser `n instrument omdat hy die deelnemers se reaksies in hierdie onderhoude analiseer. Die navorser gaan dus met `n oop gemoed in hierdie studie. Die reaksies, oordeel en gedrag van deelnemers sal gedurende die onderhoud nie reggestel word nie. Die navorser behoort egter ook sy eie gevoelens te erken en nie te verberg nie, in `n poging om objektief te wees (vgl. Schurink in De Vos et al.1998:257).

Die navorser sal ook besonderhede oor die studie aan elke deelnemer gee, sodat elkeen kan sien dat die navorser eerlik is en dat hy vertrou kan word (vgl. Schurink in De Vos et al.1998:258). Dit kan ook aan die deelnemer wys dat die navorser kundig is om die probleem te kan hanteer.

### 4.7.3 Navorsingsmetodes

#### 4.7.3.1 Onderhoud

`n Onderhoud kan beskryf word as `n “social interaction between equals in order to obtain research-relevant information” (Schurink in De Vos et al. 1998:298). Met die onderhoud kan die navorser inligting kry om die navorsingsprobleem aan te spreek. Dit help die navorser om die leefwêreld van elke deelnemer beter te verstaan (vgl. Schurink in De Vos et al.1998:297).

`n Semi-gestruktureerde onderhoud word in hierdie navorsingsstudie gevolg. Dit is aan `n onderhoudskedule gekoppel. Dié skedule dien as riglyn vir die navorser, omdat dit relevante vrae en temas vir die ondersoek bevat (vgl. Schurink in De Vos et al. 1998:299). Die onderhoudskedule help dat dieselfde temas wat gedurende die literatuurstudie geïdentifiseer is, aan elke deelnemer gestel word.

#### 4.7.3.2 Onderhoudskedule

Die basiese vrae in die skedule is op die probleemstelling en die literatuurstudie gebaseer en word op die volgende aspekte toegespits:

- Watter tipe dissiplinêre probleme en wangedrag word deur die skool ervaar?
- Watter faktore veroorsaak hierdie probleme in die skool?
- Watter maatreëls gebruik die skool om hierdie probleme te voorkom?
- Word bestaande wetgewing gebruik ten opsigte van hierdie probleme in die skool?
- Het u enige ander kommentaar wat u wil lewer ten opsigte van dissipline in u skool of die invloed van relevante rolspelers?

Die skedule word gebaseer op temas wat gedurende die voorafgaande literatuurstudie na vore gekom het na aanleiding van die probleem wat geïdentifiseer is.

#### 4.7.3.3 Onderhoudproses

Volgens Schurink (in De Vos et al.1998:301-305) kan die proses van onderhoudvoering in die volgende vyf fases verdeel word:

- Die navorser berei hom vir die onderhoud voor deur moontlike temas en vrae te identifiseer wat in die onderhoud gebruik kan word en wat berus op die bestudeerde literatuur soos dit in die voorafgaande hoofstukke saam gevat is. Sodoende kan korrekte inligting van die deelnemers verkry word (vgl. Schurink in De Vos et al.1998:301).
- `n Goeie verhouding moet aan die begin van die onderhoud tussen die navorser en deelnemer ontwikkel word. Die navorser verwelkom die deelnemer en

verduidelik die doel van die studie en die onderhoud. Die navorser verduidelik aan die deelnemer dat hy in hierdie studie `n belangrike bydrae te lewer het, omdat die deelnemer sy eie kennis en ervaring het wat kan help om die probleem te belig. Toestemming moet ook van die deelnemer gevra word om die onderhoud op band op te neem (vgl. Schurink in De Vos et al.1998:302).

- Die volgende fase breek aan indien die deelnemer saamstem oor die probleem wat deur die studie belig word. Die instemming van die deelnemer laat `n kontraktuele verhouding tussen die navorser en die deelnemer ontstaan (vgl. Schurink in De Vos et al.1998:302).
- Dit is verder nodig dat ‘n vertrouensverhouding tussen navorser en deelnemer tot stand gebring word. Dit geskied deurdat die navorser aan elke deelnemer die versekering gee

  dat sy skool en naam anoniem sal bly en dat die inhoud van die onderhoud vertroulik hanteer word (vgl. Schurink in De Vos et al.1998:303).
- Die laaste fase van die proses het te doen met die finalisering van die onderhoud. Indien meer as een onderhoud gevoer is, geld die proses ook as afronding van die navorsing (vgl. Schurink in De Vos et al.1998:303). Wanneer die navorser al die vrae aan die deelnemer gestel het en die deelnemer geleentheid gekry het om addisionele inligting te gee, word die onderhoudsessie tussen die navorser en die deelnemer beëindig. Aan die einde van die onderhoud word elke deelnemer vir sy deelname aan die studie bedank.

## 4.8 DATA-ANALISE

Die inligting wat ingesamel word deur die onderhoude soos op band vasgelê, moet verwerk word. Vir hierdie proses noem Poggenpoel (1998:337) twee belangrike riglyne naamlik, dat

- dit belangrik is om op kernwoorde of -frases te let wat deur die deelnemer in die onderhoud gebruik word.
- verskillende uitsprake met mekaar vergelyk behoort te word om sodoende `n onderliggende konsep te vorm. Soos wat die navorser verskillende temas ïdentifiseer, word onderliggende temas ook bestudeer om ooreenkomste te vind.

Poggenpoel (in De Vos et al.1998:343-344) verwys na Tesch wat die volgende stappe in die data-analise van die transkripsies van die onderhoude voorstel:

- Om `n geheelbeeld van die onderhoude te kry, lees die navorser deur alle verbatim transkripsies van die onderhoude. Idees wat na vore kom, word neergeskryf.
- Die navorser kies een onderhoud en lees dit om vas te stel wat die onderliggende temas en betekenis van die onderhoud is. Die gedagtes wat na vore kom, word neergeskryf.
- Nadat alle transkripsies so deurgegaan is, maak die navorser `n lys van onderwerpe. Die onderwerpe word saamgevoeg en volgens hoofonderwerpe, unieke onderwerpe en die oorblywende onderwerpe gerangskik.
- Daar word teruggegaan na die data. Die onderwerpe word afgekort en kodes word langs die toepaslike segmente van die tekste neergeskryf. Dit stel die navorser in staat om nuwe kategorieë en kodes te ontdek.

- Die navorser selekteer die mees beskrywende bewoording van onderwerpe en plaas dit in kategorieë. Die navorser groepeer onderwerpe wat met mekaar verband hou.
- Die navorser maak finale keuses oor die afkortings van elke kategorie en plaas dit in alfabetiese kodes.
- Die datamateriaal wat aan elke kategorie behoort, word saamgevoeg en bymekaar geplaas vir voorlopige analise.
- Die navorser herkodeer die bestaande data soos wat dit nodig is.

Bogenoemde stappe sal deur die navorser gevolg word om die resultaat van die ondersoek vas te stel.

## 4.9 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is verslag gedoen oor die verskillende fasette van die empiriese studie. Daar is gepoog om hierdie fase van die studie en belangrike faktore wat in aanmerking geneem moet word, te verduidelik. In die volgende hoofstuk word die verwerkte resultaat van die ondersoek weergegee en bespreek.

•• 

# HOOFSTUK 5

# BEVINDINGS VAN EMPIRIESE STUDIE

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die bevindings van die kwalitatiewe empiriese studie weergegee wat uitgevoer is in ooreenstemming met die uiteensetting in Hoofstuk 4. Hierdie bevindings bestaan hoofsaaklik uit die interpretasie en verwerking van die semi-gestruktureerde onderhoude wat met die vyf skoolhoofde gevoer is.

Die bevindings van probleme en wangedrag word hoofsaaklik in ooreenstemming met die onderhoudskedule, soos dit in Hoofstuk 4 gegee is, weergegee. Dit verwys na tipes van dissiplinêre probleme en wangedrag wat deur die skool ervaar word; faktore wat hierdie dissiplinêre probleme in die skool veroorsaak; maatreëls wat die skool gebruik om hierdie probleme te voorkom en wetgewing wat met dissipline verband hou.

## 5.2 PROBLEME EN WANGEDRAG

### 5.2.1 Aard van probleme en soorte wangedrag

#### 5.2.1.1 Algemeen wangedrag

Die empiriese studie toon dat klas- en skoolreëls verbreek word binne die klaskamer en in die skool. Dit kom voor dat leerders

- nie hul tuiswerk doen nie,
- nie opdragte uitvoer nie,
- rumoerig in die klas is,
- laat opdaag vir periodes,
- die klas sonder toestemming verlaat,
- dros,
- geen respek vir die opvoeder het nie,

- kru en beledigende taal teenoor medeleerders en opvoeders gebruik,
- op die skoolterrein rook,
- hulle skuldig maak aan vandalisme soos graffiti.

Van die opmerkings van deelnemers sluit in:.

> ” Outjies wat hulle boeke weggooi, ‘hm’ en loop uit die klas uit soos hulle wil, vuil taal gebruik ook teenoor opvoeder…”
>
> “ …ontwrigting van klasse, nie tuiswerk doen nie, en dan die gebruik van vuil taal”
>
> “ …waar leerders, ook onderwysers vloek…”
>
> “… onderwysers se name in die toilette geskryf word…”

`n Ander deelnemer het die volgende genoem:

> “ ... dit verskil van leerder tot leerder, maar ook van leerder tot opvoeder”

#### 5.2.1.2 Ernstige wangedrag

Hierdie oortredings wat na vore gekom het in die studie verwys na die volgende tipes:.

- Vyf van die deelnemers het aangedui dat leerders deur medeleerders beseer word.
- Een deelnemer het aangedui dat die klasse ernstig ontwrig word.
- Vier van die deelnemers het aangedui dat diefstal gereeld plaasvind.
- Twee deelnemers het aangedui dat vandalisme gereeld plaasvind.
- Vier van die vyf deelnemers het aangedui dat leerders gevaarlike wapens besit.

Van die opmerkings van deelnemers sluit in:

> “ Gevaarlike wapens soos messe word gedra skool toe.”
>
> “ Meneer, die meeste wat voorkom is ontwrigting van klasse.”

#### 5.2.1.3 Baie ernstige wangedrag

Hierdie opskrif verwys na betasting, dwelms en weer rook. Twee van die skoolhoofde

het in die onderhoude genoem dat betasting plaasgevind het, terwyl twee deelnemers aangedui het dat leerders met dwelms in hulle besit betrap is. Rook op skool is ook genoem deur twee deelnemers.

#### 5.2.1.4 Kriminele oortredings

Hierdie aard van wangedrag verwys na messtekery, seksuele teistering en diefstal.

Een deelnemer het genoem dat `n mes gebruik is om `n leerder te steek. Die volgende opmerking bevestig wat plaasgevind het:

> "Meneer, ja, vandat ek hier was, was hier al `n ernstige aanranding waar `n leerder `n ander leerder met die mes gesteek het."

Uit die empiriese studie blyk dit dat twee deelnemers aangedui het dat meisies in hulle koshuis verkrag is. Volgens `n deelnemer manifesteer hierdie kriminele oortreding by sy skool:

> "Hier was ook `n verkragting, dit is nou voor ek hier was. Dit is nog aan die gang."

Kinders van die skool is ook betrokke by verkragting van meisies wat nie meer skoolgaan nie.

Een deelnemer het aangedui dat diefstal van `n groot omvang al plaasgevind het. Volgens die skoolhoof het hulle klagtes van inbraak by die skool gehad. By een van die skole breek die kinders veral oor naweke en tydens vakansies in. Finansiële rekords van die skool is deur `n leerder gesteel met die hoop dat hy geld in die finansiële boeke sou kry.

Dit blyk uit die voorafgaande gegewens dat die aard van oortredings 'n spektrum van baie algemeen tot spesifieke kriminele oortredings dek. Vervolgens word aandag aan die oorsake van oortredings of wangedrag gegee.

### 5.2.2 Oorsake van wangedrag

Uit die onderhoude blyk dit dat fisiologiese, fisiese en psigo-sosiale faktore, wat reeds in Hoofstuk 3 aandag gekry het, beïnvloedende rolle speel.

#### 5.2.2.1 Fisiologiese omgewingsfaktore

Van die fisiologiese omgewingsfaktore is dit veral siektes, voeding, dwelms en temperament wat tot wangedrag by die leerders aanleiding gee. Hierdie faktore geniet vervolgens aandag.

- **Siekte**

Uit die onderhoude blyk dit dat twee van die vyf deelnemers aangedui het dat siektes `n rol in die ontstaan van wangedrag by leerders kan speel.

- **Voeding**

Wat voeding aanbetref het vier van die vyf deelnemers aangedui dat die gebrek aan voeding voor skool tot wangedrag in die klaskamer aanleiding gee.

Die leerders kom oor die algemeen honger skool toe by vier van die vyf skole. Dit het die gevolg dat hulle tot pouse nie goed kan konsentreer nie. Hulle is gevolglik onrustig in die klas, veral gedurende die dae wat voedsel voorberei word. Nadat hulle kos ontvang het, verdwyn sommige van hulle van die skool af. Voordat die kos bedien word, verlaat hulle die klas sonder toestemming. Opmerkings van deelnemers lui soos volg:

> "Ja Meneer, in baie gevalle soos u agterkom is dat kinders is ook maar soggens traag om aan die gang te kom."
>
> "Dikwels na die kos hardloop hy huis toe, hy dink nou hy is gevoed. Voor die ete, dan is hy onrustig, want wil gaan eet miskien. Hy is honger."

`n Opmerking van `n skoolhoof lui soos volg:

> “Die opvoeders vermoed dat hul konsentrasie swakker is voordat hulle voeding kry.”

Dit wys dat ‘n gebrek aan voeding tot lusteloosheid, ‘n gebrek aan konsentrasie en gevolglik onrustigheid in die klas kan aanleiding gee.

- **Dwelms**

Dat die gebruik van dwelms ‘n rol speel en `n invloed op die wangedrag van leerders het, is aangedui deur twee van die vyf deelnemers.

Dagga word veral in die intermediêre skole in die Namakwa Distrik gebruik. Dit is die bekendste dwelm in die gebied. Opmerkings van deelnemers lui soos volg:

> “ Dagga rook, tik-tik. Dit is in die seniorfase.”
>
> “ ... en maak ook dat hulle sekere houdingsprobleme ervaar en dan lei dit tot hardgebakgeit. Wat aanleiding gee tot sekere wangedrag.”

Uit die bogenoemde inligting is dit duidelik dat dwelms veral in die seniorfase gebruik word. Die volgende opmerking bewys dat leerders by die skool betrap is:

> “ …ons het een geval of twee of drie gevalle gehad van kinders wat al met dagga op die skool betrap is.”

- **Temperament**

Een deelnemer het aangedui dat die temperament van die leerder `n rol by wangedrag speel.

Dit blyk uit die empiriese studie dat die ander fisiologiese omgewingsfaktore soos neurologiese funksionering, genetiese abnormaliteite, fisiese gestremdhede en

medikasie nie `n rol speel in die skole wat in hierdie studie betrek is nie.

#### 5.2.2.2 Fisiese omgewingsfaktore

Hierdie faktore verwys na die huis, die skool en die gemeenskap

- **Huis**

Gebrekkige omstandighede soos tekort aan finansies speel ‘n belangrike rol in die ontstaan van wangedrag. Afgesien van die reeds genoemde voedselprobleem, kom die volgende na vore.

a) Gebrek aan skryfmiddels

Gebrek aan studiemateriaal soos ‘n skryfmiddel om huiswerk te doen, beteken die leerder bly in gebreke om huiswerk te doen:

> “n Mens ken mos die kinders wat jy weet maar die kind het werklik `n probleem of het nie pen of potlood by die huis nie”.

b) Onvoldoende klere

Onvoldoende klere skep ‘n ongeërgde houding wat tot gebrek aan dissipline anleiding kan gee. In die empiriese studie is bevind dat twee van die deelnemers aangedui het dat onvoldoende klere, veral skoolklere, `n rol by die wangedrag van leerders speel.

Een deelnemer het die volgende opmerking oor die leerders se kleredrag op skool gemaak:

> "Kleredrag van die kinders is, is baie soos die ouens daar in Amerika. Die hemp hang uit, die broek is te groot, die broek sit miskien laag."

c) Televisieprogramme

Televisieprogramme kan ‘n dissiplinêre probleem skep. Van die leerders beskik nie oor `n televisie nie en dan moet hulle by bure gaan televisie kyk. Dit bring mee dat hulle laat op straat is en gevolglik nie hulle tuiswerk doen nie. Die volgende opmerking is deur `n deelnemer gemaak:

> " ... bring mee dat hulle saans laat op straat is, dat tuiswerk nie gedoen word nie."

Drie van die vyf deelnemers het aangedui dat verkeerde televisieprogramme tot wangedrag aanleiding gee. Die televisieprogramme waarna leerders kyk, dra tot geweldadigheid by. Hulle baklei onderling en speel rof. `n Opmerking van `n deelnemer lui soos volg:

> "Hulle kom met daai rowwe speletjies en hulle wil dit ook self pouses 'hm',
> 'hm' mee besig wees."

d) Egskeidings

Tydens die onderhoud het een van die vyf deelnemers aangedui dat egskeidings `n rol by wangedrag van leerders speel. Egskeidings veroorsaak trauma by sommige van die leerders en hulle kan nie die situasie in die huis hanteer nie. Die trauma wat hulle ervaar is in die klaskamer aanwesig en oefen invloed op hierdie situasie uit. Die deelnemer verwys in hierdie verband na:

> "Kinders wat soggens skool toe kom, wat baie aggressief is en baie gefrustreerd is".

Die deelnemer het ook die volgende opmerking gemaak:

> "In die gemeenskap het ons baie enkelouers. Dit raak `n groeiende ding, `n bekommernis."

'n Leerders kan hom/haar ook onttrek as gevolg van die probleem en dan stiller raak in die skool en nie die nodige aandag aan leer gee nie.

- **Skool**

Volgens die empiriese studie het al vyf die deelnemers aangedui dat die skool en die fisiese uitleg daarvan `n rol speel met betrekking tot wangedrag. Een deelnemer verduidelik:

> "Die leerders speel met mekaar. Dit is nie net op die skoolterrein waar hulle speel

nie. Gevolglik knou hulle mekaar af of beseer mekaar. …met daai speel met mekaar daar word outjies seergemaak, geboelie en afgeknou.”

Een deelnemer het verwys na die tekort aan sport- en rekreasiefasiliteite op die skoolterrein:

“dit mag `n negatiewe invloed hê op gedrag, ...sport belangstellings word nie maksimaal geprikkel nie ... ek sou wou sê in die afwesigheid van sulke gesonde afleiding dit baie meer kan aanleiding gee tot nuttelose en doellose tydverdryf.”

Stukkende toilette of onvoldoende toiletgeriewe het definitief `n invloed op leerders se wangedrag. Een van die deelnemers het soos volg opgemerk:

“Dit het definitief `n invloed op wangedrag van kinders – groot en klein gebruik dieselfde toilette en daar begin afknouery en ook op hierdie stadium seksuele teistering.”

Die ligging van die toilette bring mee dat leerders gedurende periodes die klaskamer sonder toestemming verlaat en in die toilette gaan skuil.`n Opmerking van `n deelnemer sluit in die volgende:

“Dan het ons gevalle waar hulle die klaskamer sonder toestemming verlaat en in die toilette gaan skuil, omdat dit redelik uit die oog is…”

- **Gemeenskap**

Drie van die vyf deelnemers aan die studie het aangedui dat die gemeenskap `n bydrae tot wangedrag van leerders lewer. In die gemeenskap kom ook drankmisbruik, werkloosheid en disrespek vir mense se eiendom voor. Dit alles veroorsaak probleme vir leerders. Dit veroorsaak dat hulle optrede in die skool (opvoeder) met hulle optrede in die gemeenskap (huis) verwar word.

Die gemeenskap het ook nie voldoende ontspanningsgeriewe nie. Dit bring mee dat leerders die “pub” gaan besoek. Hier gebruik hulle drank en dwelms. Dit word deur die volgende aanhaling van `n deelnemer bevestig:

> “…wat nou meebring dat daar nou een of ander drankie geneem word… Die leerders  veral in die senior fase besoek dié plek.”

Uit die onderhoude blyk dit dat gebreke in die fisiese omgewing van die huis, die skool en die gemeenskap aanleiding kan gee tot dissiplinêre probleme en wangedrag.

#### 5.2.2.3 Psigososiale omgewingsfaktore

Hierdie groep faktore val uiteen in interpersoonlike en intrapersoonlike faktore.

- **Interpersoonlike faktore**

a) Die ouer

Al vyf deelnemers was dit eens dat ouers se beskouings en optrede tot wangedrag bydra.  Enersyds raak dit die kind ten opsigte van sy eie beskouings en andersyds beïnvloed dit die verhouding met die onderwyser. Die volgende uitspraak van een deelnemer dui op ‘n ernstige probleem:

> “Ek waag om te sê dat ouers het gaan slap raak, so daar is in die meeste huise `n verval, `n totale verval in dissipline. ... Sommige outjies kom skool toe met die idée dat jy hom nie mag dissiplineer nie.”

Dit kom oreen met gebrek aan betrokkenheid van die ouer se kant wat ook `n rol by leerders se wangedrag speel. Ouers daag nie op indien hulle vir `n onderhoud deur die skoolhoof ingeroep word betreffende die wangedrag van die leerder nie. Die volgende opmerkings van deelnemers bevestig die probleem:

> “Hulle is onbetrokke. Ek reken dat ek as prinsipaal en as onderwyser baie kere op die ouer wil staatmaak om te help om die kind te dissiplineer.”
>
> “ Baie keer laat roep ons `n ouer, dan daag hy nie op nie.”
>
> “`n Ouer het `n traak-my-nie-agtige houding en in die opsig is hulle nie eintlik die ideale vennoot om kinders te dissiplineer nie.”

Ouers word ook deur hul kinders beïnvloed of word te maklik deur hul kinders voorgesê. Dit lei

daartoe dat leerders in hulle wangedrag deur ouers versterk word. Een deelnemer het die volgende opmerking gemaak:

> “ … glo ek `n kind het nie die reg of mag het om vir `n ouer te kan sê, ek gaan nie vanoggend skool toe nie.”

Ouers is besig om beheer oor hul kinders te verloor, en die situasie spoel oor na die skool.

Die houding van die ouer teenoor die opvoeder kan `n rol by die wangedrag van die leerder speel. Ouers maak negatiewe opmerkings teenoor opvoeders voor hulle kinders. Gevolglik het hierdie leerders minder respek vir die opvoeders by die skool:

> “Die respek wat die kind moet hê vir die opvoeder is soms nie daar nie, want soms is daar iets wat die ouer doen of sê.”

`n Ander deelnemer het opgemerk dat persoonlike probleme tussen die opvoeder en die ouer ook die gedrag van die leerder negatief kan beïnvloed of tot wangedrag kan lei:

> “... en sê ook vir hulle kinders goed, omdat hulle miskien `n persoonlike probleem met die personeel het.”

b) Die opvoeder

In die empiriese studie is bevind dat al vyf die deelnemers aangedui het dat opvoeders `n rol by die wangedrag van die leerders speel. Indien opvoeders negatief is teenoor leerders, kan dit tot opstandigheid lei. Die opmerking van een van die deelnemers bevestig bogenoemde stelling:

> “ ‘Hm’, die manier hoe jy die kind antwoord, die aanmerkings wat jy maak en sulke goed…”

Die opvoeder moet soms die klaskamer weens administratiewe verpligtinge verlaat of die toilet besoek. Die volgende opmerking van `n deelnemer bevestig dat die opvoeder kan bydra tot wangedrag:

> “Meneer, nou is dit soms so dat die personeel weens iets wat hy/sy moet kom doen by die admin blok of wat ookal die geval dat hy/sy die klaskamer verlaat. Die kinders weet dat hulle moet voortgaan. Dan het ons mos geweldig probleme, want is daai rumoerigheid, daai afbreek, dan is die afbreek aan die orde van die dag.”

`n Ander deelnemer het aangedui dat dit van die opvoeder afhang hoe dissipline in die klas toegepas word:

> "Hoe jy dissipline toepas en dit is so as `n kind sien dat ek kan by die personeellid wegkom, dan kan u verwag dat daai kind hom sal wangedra. Waar hy by `n ander personeellid nie dieselfde gedrag sal toon nie."

Drie van die deelnemers het genoem dat `n tekort aan personeel of opvoeders `n rol by wangedrag van leerders speel. Hiervolgens kan dit beteken dat die klasse te groot is en dat daar te veel leerders in `n klas is. Volgens die volgende opmerking het personeelgrootte `n negatiewe invloed op leerders se gedrag:

> "Personeel het `n absolute, absolute negatiewe invloed op goeie dissipline."

c) Portuurdruk

In die empiriese studie het twee deelnemers aangedui dat portuurdruk `n rol by die wangedrag van leerders speel. `n Voorbeeld hiervan sluit in:

> "Die een outjie lei die ander outjie. Dit kom veral voor in die intermediêre en die seniorfase. Leerders gebruik dwelms omdat die vriend/in druk op hom/haar uitoefen. Jan in die groep het gesê ek moet dit doen, kinders swig daaronder."

`n Ander deelnemer het soos volg opgemerk:

> "… daar was gevalle waar kinders van vriendegroep verander het en daardie kind het onmiddellik `n ander houding ingeneem."

Die intelligensie van leerders bepaal of hulle hulle deur ander leerders sal laat beïnvloed. Die leerder wat meer intelligent is, beïnvloed maklik`n leerder wat nie so intelligent is nie. Die leerder wat nie so intelligent is nie, is nie in staat om keuses te kan maak nie. Die volgende opmerking dien ter stawing van die voorafgaande stelling:

> " Maar die een se intellek veroorsaak dat dit die een wat minder is, swakker is, hulle volg daai groep slaafs na."

- **Intrapersoonlike Faktore**

a) Waardes

Volgens die empiriese studie het al vyf die deelnemers aangedui dat waardes `n rol by die wangedrag van leerders speel. Daar is `n verval in Christelike waardes in die gemeenskap:

> "Julle kom mos nie meer in die kerk nie, woon nie Sondagskool by nie."

Die leerder probeer die waardes nastreef wat hy in die huis aanleer.

> "Hmm, die kerk het nie meer `n rol of `n impak op die leerders nie."

Die deelnemers is dit eens dat daar waardes moet wees wat gehandhaaf moet word. In die gemeenskap moet rolmodelle waardes hê wat kinders kan handhaaf. Die volgende opmerking van `n deelnemer dien as voorbeeld:

> "Die hele gemeenskap, die waardes wat die gemeenskap daarstel is van so `n aard dat dit die kinders se gedrag ook beïnvloed."

Die kinders word verwar deur dít wat in die huis en dít wat in die skool geleer word. By die skool word verkondig dat `n kind nie dwelms moet gebruik nie, terwyl sommige ouers self dwelms gebruik. Die volgende opmerking van `n deelnemer bevestig dit:

> "Ons glo dit verwar ons kinders. Ons sê vir hulle hier by die skool jy moenie by dwelms betrokke raak nie. Terwyl dwelms by hulle huis aan die orde van die dag is."

b) Motivering

Uit die empiriese studie blyk dit dat die vyf deelnemers aangedui het dat motivering `n rol by die wangedrag van die leerders speel.

By die skool word leerders gereeld deur die opvoeder en die skoolhoof gemotiveer.

> "Ek motiveer hulle sover as moontlik."

Motivering vind daagliks plaas:

> "Nee, dit is maar deur gesprekvoering wat ons probeer doen, deur daaglikse gesprekvoering binne die klaskamer."

By hulle huise word leerders blykbaar nie behoorlik gemotiveer nie. Omdat baie ouers werk, is dit vir hulle moeilik om hul motiveringsrol te vervul.

> “ So met ander woorde hulle is nêrens gemotiveerd nie, word nie by die huis gemotiveerd nie. In die opsig skiet motivering daar kort.”

Die kind se gedrag of wangedrag sal nie verander as die kind nie gemotiveer word nie:

> “Maar, maar as niemand die kind motiveer nie, dan gaan hy maar net aan met daai tipe gedrag.”

Dit gebeur ook dat die traak-my-nie-agtige houding van ouers kan help dat leerders die skool vroeg verlaat weens gebrek aan behoorlike motivering.

c) Singewing

Soos dit blyk uit die empiriese studie, het al vyf deelnemers aangedui dat singewing `n rol by die wangedrag van leerders speel. Dit lyk asof die skool nie vir leerders sin maak nie. Hulle raak by wangedrag betrokke omdat hulle nie die sin daarvan insien om skool toe te kom nie:

> “Vandag het ek `n gesprek met hulle gehad, want ja, ek weet, dit lyk nie vir my of hulle weet wat hulle hier kom doen nie.”

Volgens `n deelnemer maak die skool tog vir sommige leerders sin. Hulle sien byvoorbeeld daarna uit dat die skool weer na `n vakansie moet begin:

> “Daar sê hulle, Meester, ek is bly die skool is weer oop.”

Die kinders geniet die skool. Die skool maak vir hulle sin. Hulle voel tuis by die skool. Dit is natuurlik die opvoeder wat hulle tuis laat voel.

Baie leerders kom skool toe omdat hulle wetlik verplig word om die skool by te woon:

> “Hier is baie, baie kinders wat nie rêrig `n visie het nie. Hy is by die skool, omdat daar van hom verwag word om skool by te woon. Maar in baie gevalle dink ek, dat die skool nie vir hom sin maak nie.”

Daar is leerders wat die skool vervelig vind. Die skool beteken dus vir hulle niks nie:

> "Ja, ons het nou die interessante voorval van `n kind, wat deur die juffrou gevra is wanneer hy skool toe kom. Toe sê hy nee, die skool is vervelig."

'n Terugblik op die oorsake van dissiplinêre probleme en wangedrag toon dat omstandighede in die huis, die skool en die gemeenskap asook menslike verhoudings sterk invloede uitoefen op die ontstaan van wangedrag in die klaskamer en die skool binne die konteks van die studie.

### 5.2.3 Maatreëls om wangedrag te hanteer

#### 5.2.3.1 Wangedrag: klasreëls

Volgens die empiriese studie het twee deelnemers aangedui dat detensie en mondelingse waarskuwings gebruik word om die wangedrag van leerders te hanteer.

Een deelnemer het die volgende opmerking gemaak oor detensie:

> "…vir ons leerkragte ook baie tyd en energie vat, is die ene van detensie."

#### 5.2.3.2 Wangedrag: gedragskode/skoolreëls

Dit blyk verder uit die studie dat vier skole onderhoude met leerders gebruik en drie skole ook onderhoude met ouers of voogde gebruik om wangedrag te hanteer.

Een deelnemer het die volgende opmerking gemaak:

> "… waar ek as prinsipaal dan nou ook sekere gevalle insidenteer, en dan nou waarskuwings en vermanings aan die kinders gee.

#### 5.2.3.3 Ernstige wangedrag

Leerders wat hulle op hierdie vlak aan wangedrag skuldig maak, word volgens drie deelnemers, na die maatskaplike werker verwys. `n Deelnemer het die volgende opmerking gemaak:

> "In gevalle waar daar rêrig ernstige wangedrag is, word gevalle verwys na `n maatskaplike werker – soos in een of twee gevalle."

`n Ander deelnemer het opgemerk:

> " ... ons skool betref, ons beskik oor `n dissiplinêre komitee wat veral ernstige gevalle hanteer."

#### 5.2.3.4 Baie ernstige wangedrag

Skorsing van leerders as 'n maatreël word deur drie deelnemers gebruik om wangedrag op hierdie vlak aan te spreek.

#### 5.2.3.5 Kriminele oortreding

Een deelnemer het`n klag by die polisie gelê om die wangedrag aan te spreek. Die volgende opmerking van die deelnemer bevestig dit:

> "Waar dit nou kriminele oortredings is, is dit in die hande van die polisie oorgegee dat hulle daarvolgens optree."

### 5.2.4 Wetgewing wat met dissipline verband hou

#### 5.2.4.1 Klasreëls

Dit blyk uit die navorsing dat slegs drie skole klasreëls vir elke klas opgestel het.

#### 5.2.4.2 Gedragskode

In die empiriese studie is bevind dat `n gedragskode vir leerders bestaan in die meeste skole wat in die studie betrek is. Die gedragskode is aan leerders van vier skole verduidelik en daar word gemeen dat hulle dit verstaan:

> “Ons is oortuig dat hulle dit verstaan. Gewoonlik behandel ons dit sommige kere by die byeenkoms.”

`n Ander deelnemer het egter opgemerk dat die leerders dit nie verstaan nie alhoewel dit aan hulle verduidelik is:

> “Dit lyk asof hulle dit nie verstaan nie. Dit is aan almal verduidelik.”
>
> “ Nee, ek glo nie die grondslagfase … en op hierdie stadium kan ek vir u sê ek dink nie eers die graad 9 of die senior fase verstaan werklik die gedragskode nie.”

**5.2.4.3 Dissiplinêre verhoor**

Na aanleiding van die empiriese studie is bevind dat twee deelnemers al dissiplinêre verhore vir leerders gehou het.

**5.2.4.4 Opleiding van skoolhoofde**

Drie van die deelnemende skoolhoofde het aangedui dat hulle opleiding in die opstel van die gedragskode vir leerders ontvang het.

**5.2.5 Verantwoordelikhede van rolspelers**

**5.2.5.1 Die leerder**

Soos dit blyk uit die empiriese studie, het twee deelnemers aangedui dat leerders nie hul verantwoordelikheid ten opsigte van dissipline in die klaskamer nakom nie.

Die leerder het ook `n rol te speel in die dissipline van die klaskamer.

**5.2.5.2 Die ouer**

Dit het na vore gekom dat ouers van twee skole nie hul verantwoordelikheid ten opsigte van dissipline van hulle kinders nakom nie. Die ouer moet die reëls, asook die toepassing daarvan,

ondersteun:

“ … ouer het geen respek of trotsheid op die skool nie.”

“Ouers is oorwegend onbetrokke.”

“Baie keer laat roep ons `n ouer dan kom hy nie.”

**5.2.5.3 Die opvoeder**

Twee van die deelnemers het aangedui dat opvoeders nie hul verantwoordelikheid ten opsigte van die dissiplinering van leerders in hul klasse nakom nie. Die opvoeder het `n verantwoordelikheid om die reëls van die skool konsekwent op alle leerders toe te pas:

“So dit gebeur soms dat daar van ons onderwysers verwag word om uit die klas uit te beweeg.”

“ … is hulle, hulle is gedemotiveerd.”

“‘Hm’, die manier hoe jy die kind antwoord, die aanmerkings wat jy maak en sulke goed, dit dra by.”

**5.2.5.4 Die skoolhoof**

Die skoolhoof is oorhoofs verantwoordelik vir die bestuur van die dissipline van die skool. Volgens die empiriese studie het een deelnemer erken dat hy nie altyd sy verantwoordelikheid ten opsigte van die dissiplinering van leerders kan nakom nie:

“ … dan beteken dit ek as prinsipaal moet sekretariële werk doen.”

“ … maar ek praat gereeld met opvoeders rondom hulle gesindheid.”

**5.2.5.5 Die beheerliggaam**

Slegs een deelnemer het aangedui dat die beheerliggaam van die skool sy verantwoordelikheid ten opsigte van dissipline van leerders nakom.

Die beheerliggaam beheer dissipline by die skool en is daarom ook betrokke by ernstige en baie ernstige wangedrag. Die onderstaande opmerking van `n deelnemer bevestig dit:

“… beskik oor `n dissiplinêre komitee wat veral ernstige gevalle hanteer.”

#### 5.2.5.6 Die Onderwysdepartement

Volgens die empiriese studie het een deelnemer aangedui dat die Departementshoof genader is om die skorsing van `n leerder te bevestig:

> "… geskors het vir die 5 of 7 dae of wat ookal tot wanneer ons `n 'ruling' van die Departement se kant gekry het."
>
> "… ons het elke keer voorleggings gemaak."

## 5.3 OPSOMMING

Hierdie hoofstuk bevat bevindings van die empiriese ondersoek waaruit dit blyk dat dissiplinêre probleme en wangedrag in die vyf skole voorkom. Die verslag van die studie dui ook aan watter soorte wangedrag in die skole plaasvind; wat die oorsake van die wangedrag van die leerders kan veroorsaak; watter maatreëls deur skole gebruik word om die wangedrag van leerders te hanteer; hoe wetgewing wat met dissipline verband hou toegepas word en laastens die rolle van die verskillende rolspelers ten opsigte van dissipline in hierdie skole. In die volgende hoofstuk sal `n samevatting en 'n uiteensetting van die gevolgtrekkings en aanbevelings van hierdie studie gegee word.

••••••••

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 SAMEVATTING

### 6.1.1 Inleiding

Suid-Afrika het sedert 1994 ‘n demokratiese bestel gekry wat ook die onderwys in die land ten diepste beïnvloed het. ‘n Nuwe onderwysbeleid is opgestel wat, onder andere, ‘n nuwe beleid oor dissipline in die skole tot gevolg gehad. Onderwysers moes hulle benadering tot die hantering van dissipline in die klaskamersituasie wysig. Die wysiging en gepaardgaande probleme het aanleiding gegee tot hierdie studie wat gekontekstualiseer is tot die probleem van dissipline in die Intermediêre Skole in die Namakwa Distrik van die Noord-Kaap Provinsie.

In hierdie slothoofstuk word ‘n samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie weergegee.

### 6.1.2 Samevatting van die studie

Die doel met die studie is soos volg geformuleer (vgl. par. 1.5):
*om inligting wat waardevol kan wees vir besinning oor dissiplinêre probleme en die hantering van wangedrag in die spesifieke skoolkonteks, te versamel en om moontlike oplossings te bied.*
In hierdie studie van beperkte omvang het die navorser, benewens literatuurstudie, ook gebruik gemaak van ‘n kwalitatiewe studie van dissipline in vyf van die ses Intermediêre Skole in die Namakwa Distrik van die Noord-Kaap Provinsie.

Hoofstuk 1 bied ‘n verduideliking aan van die agtergrond tot die probleemstelling. In Hoofstuk 2 is ‘n uiteensetting gegee van die nuwe regsraamwerk waarvolgens die probleem van dissipline en wangedrag hanteer moet word. Dit is wesenlik gebaseer op

die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996), die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996), die Wet op die Afskaffing van Lyfstraf (Wet 33 van 1997), die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (Wet 76 van 1998) en die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (Wet 31 van 2000). Die Grondwet dien as uitgangspunt en beklemtoon menswaardigheid, terwyl die Skolewet lyfstraf verbied deur enige persoon in Suid-Afrikaanse skole. Die Wet op die Afskaffing van Lyfstraf plaas `n verbod op enige vorm van lyfstraf in die gemeenskap. Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, die Wet op die Indiensneming van Opvoeders en die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders bied die regsraamwerk vir die bepaalde rolspelers op verskillende vlakke wat verantwoordelikhede moet nakom met betrekking tot dissipline in skole. Dit geld vir die Minister van Onderwys, die LUR van Onderwys, Departementshoof, die beheerliggaam van die skool, die skoolhoof, die opvoeder en die leerder in die klaskamer en die ouer by die huis. In die praktyk neem die opvoeder die wangedrag eerste waar in die klaskamer of op die skoolterrein en hanteer dit of bring dit dan onder die aandag van die skoolhoof. Die skoolhoof besluit of die klagte van wangedrag verder hanteer moet word deur verwysing na die beheerliggaam of die Departement van Onderwys. Die ouers en leerders het ook verantwoordelikhede met betrekking tot dissipline en die handhawing daarvan wat deur hulle nagekom moet word.

In Hoofstuk 3 is aandag gegee aan die oorsake van dissipline en wangedrag, die aard daarvan en ouerbetrokkenheid. Daar is drie omgewings wat tot die ontstaan van wangedrag by leerders bydra, naamlik die fisiologiese, fisiese en psigososiale omgewings. Uit hierdie omgewings blyk dit dat persoonlikheidsfaktore, gebrekkige en negatiewe huislike en sosiale omstandighede aanleiding kan gee tot verskillende tipes van dissiplinêre probleme en wangedrag. Enkele tipes van wangedrag soos versuim om huiswerk te doen; rumoerigheid in die klaskamer; baklei met medeleerlinge; diefstal en selfs aanranding onderskei kan word. Met spesiale verwysing na die omstandighede in die Namakwa Distrik word hipoteties beweer dat van die omgewingsfaktore van toepassing is op die omstandighede in die Distrik en die agtergrond vorm vir die empiriese studie wat in die volgende hoofstuk uiteengesit is.

In Hoofstuk 4 is die aard van die empiriese studie as kwalitatiewe navorsing verduidelik,

asook die omvang van die studie. Dit is binne die konteks van die probleemstelling beperk tot die vyf beskikbare skoolhoofde van die ses Intermediêre Skole in die Namakwa Distrik beperk. ‘n Semigestruktureerde onderhoudskedule is saamgestel wat gefokus het op die aard van probleme en wangedrag; veroorsakende faktore, maatreëls ter bekamping daarvan; hoe toepaslike wetgewing gebruik word en ander toepaslike kommentaar deur die onderhouddeelnemers. Die samestelling van die skedule het geskied na aanleiding van temas wat gedurende die voorafgaande literatuurstudie na vore gekom het in verband met die probleem wat ondersoek is.
Hoofstuk 5 gee die bevindings van die studie weer na aanleiding van die onderhoude. Daaruit kom na vore watter tipe probleme ondervind word en hoe dit hanteer word. Oorsake kom ook aan die lig. Hierdie bevindings bevestig dat skole en opvoeders van die genoemde skole in die Namakwa Distrik dissiplinêre probleme ondervind wat tot verskillende tipes van wangedrag lei wat op verskillende wyses hanteer word. Oorsake van die probleme is geïdentifiseer en dit verg van alle belanghebbendes spesiale optrede in lyn met die toepaslike wetgewing.

Teen die agtergrond van die hierdie samevatting van die studie volg nou verder in Hoofstuk 6 finale gevolgtrekkings en aanbevelings met die oog op verdere navorsing.

## 6.2 GEVOLGTREKKINGS

### 6.2.1 Inleiding

Met die gevolgtrekkings word gepoog om die navorsingsvraag te beantwoord wat handel oor die probleem van dissipline in die Intermediêre Skole in die Namakwa Distrik van die Noord-Kaap Provinsie. In hoofstukke 2 en 3 is temas, vlakke en soorte wangedrag wat met dissipline verband hou geïdentifiseer. Verder het die empiriese ondersoek tot sekere bevindings gelei in hoofstuk 5. Hiervolgens is daar soorte van wangedrag wat op verskillende vlakke na vore kom; verskillende oorsake van wangedrag; maatreëls om wangedrag te hanteer wat ook verband hou met bestaande wetgewing in verband met dissipline en onderskeie rolspelers met verantwoordelikhede ten opsigte van dissipline.

Na aanleiding van die genoemde gegewens word die navorser in staat gestel om tot die onderstaande gevolgtrekkings te kom met verwysing na die aard en omvang van die navorsings-probleem (vgl. par.1.5).

### 6.2.2 Vlakke en soorte van wangedrag

Die vlakke en soorte van wangedrag wat onderskei is, blyk ook van toepassing te wees op die skole in die Namakwa Distrik.

#### 6.2.2.1 Algemene wangedrag

Die oortredings van vlakke 1 en 2 (vgl. par. 2.4) kan as algemene oortredings beskou word. Vlak 1 sluit die volgende in: om nie betyds te wees nie, om te dros, om nie tuiswerk te voltooi nie en om nie redelike opdragte uit te voer nie. Vlak 2 wangedrag sluit in: om herhaaldelik vlak 1 se wangedrag te oortree; om tabak te besit en om te rook op skool; om die skool te verlaat sonder toestemming; om beledigende taal te gebruik teenoor `n leerder; om die opvoeder te steur in die klas, om nie respek te betoon vir die opvoeder of `n ander leerder nie.

Die empiriese ondersoek het die volgende oortredings geïdentifiseer: nie tuiswerk doen nie, leerders wat nie opdragte uitvoer nie en rumoerigheid in die klas ( vgl. par. 5.2.1.1). Die vlak 2 wangedrag wat na vore gekom het, sluit in: om die klas te verlaat sonder toestemming van die opvoeder, om te rook by die skool, om die opvoeder te steur in die klaskamer, om nie respek te hê vir die opvoeder nie en vandalisme soos graffitti (vgl. par. 5.2.1.1).

#### 6.2.2.2 Ernstige wangedrag

Die wangedrag wat uit die literatuurstudie navore gekom het van vlak 3 oortredings verwys na: om `n leerder of `n opvoeder te beseer; om te dobbel in die klaskamer of op die skoolterrein; om klasse ernstig te ontwrig; om dokumente en handtekeninge te vervals; om rassisties of seksisties te wees, of om enige wyse teen `n leerder te diskrimineer; om pornografiese-, rassistiese-,

seksistiese materiaal te besit of te versprei; die besit van `n gevaarlike wapen; diefstal; vandalisme en om oneerlik te wees gedurende `n eksamen (vgl. par. 2.4).

Die ernstige wangedrag wat navore kom uit die empiriese studie in die betrokke skole is die volgende oortredings: dra van `n gevaarlike wapen soos `n mes; baklei met `n medeleerder; diefstal en vandalisme van die skool se eiendom (vgl. par. 5.2.1.2).

**6.2.2.3 Baie ernstige wangedrag**

Volgens die literatuurstudie sluit die vlak 4 (vgl. par 2.4) die volgende oortredings in: herhaalde skending van vlak 3 oortredings; die dreig van `n persoon met `n gevaarlike wapen; om iemand te dreig om hom/haar te beseer of om iemand ernstig te beseer; om betrokke te raak in seksuele misbruik soos byvoorbeeld betasting van `n leerder van die teenoorgestelde geslag; om dwelms te verkoop op die skoolterrein; die gebruik van dwelms en alkohol deur `n leerder op skool; om dronk te wees en om onder invloed te wees van narkotiese middels; totale ontwrigting van die skool en om dokumente of handtekeninge te vervals met ernstige nagevolge.

Die empiriese studie bring die volgende baie ernstige wangedrag aan die lig: `n leerder is ernstig beseer deur `n mes; die besit van dwelms en die invloed van narkotiese middels soos tabak en dagga kom voor; betasting het plaasgevind (vgl. par. 5.2.1.3).

**6.2.2.4 Kriminele oortredings**

Volgens die literatuurstudie is van die vlak 5 oortredings die volgende: herhaalde skending van vlak 4 oortredings; die voorneme om `n ander persoon ernstig te beseer; om doelbewus `n gevaarlike wapen te gebruik; seksuele teistering van `n leerder van die teenoorgestelde geslag; seksuele misbruik en verkragting van `n vroulike leerder; roof; diefstal van groot omvang; inbraak by ‘n klaskamer of `n skool; moord op `n medeleerder of `n opvoeder (vgl. par. 2.4).

Die empiriese studie het die volgende kriminele oortredings aan die lig gebring: verkragting van medeleerders; seksuele teistering; doelbewuste gebruik van `n gevaarlike wapen en diefstal van die skool se eiendom (vgl. par. 5.2.1.4).

Die algemene gevolgtrekking kan dus gemaak word dat deur die literatuur- en empriese studie wangedrag wat die omvang insluit van algemene wangedrag tot kriminele oortredings in die genoemde skole voorkom.

### 6.2.3 Oorsake van wangedrag

Dat wangedrag aan faktore soos fisiologiese, fisiese en psigo-sosiale faktore toegeskryf kan word, is reeds verduidelik in Hoofstuk 3. Uit die empiriese studie blyk dit dat sulke faktore ‘n rol kan speel en daarom word gevolgtrekkings gemaak oor sulke oorsake.

#### 6.2.3.1 Fisiologiese omgewingsfaktore

Volgens die literatuurstudie speel die volgende fisiologiese omgewingsfaktore `n rol by die wangedrag van leerders: siektes, voeding, neurologiese funksionering, temperament van die leerder, genetiese abnormaliteite, fisiese gestremdhede, dwelms en medikasie(vgl. par. 3.2.1). Die empiriese studie sluit hierby aan, want dit het aan die lig gebring dat gebrekkige voeding, siektes, die temperament van die leerder en dwelms `n rol speel in die wangedrag van leerders in die Intermediêre Skole (vgl. par. 5.2.2.1).

#### 6.2.3.2 Fisiese omgewingsfaktore

Die literatuurstudie het bewys dat die volgende fisiese omgewingsfaktore `n rol speel by die wangedrag van leerders: die huis; die skool en die gemeenskap (vgl. par.3.2.2). Dit stem ooreen met die empiriese studie wat aantoon dat gebrekkige huislike omstandighede, onbeheerde televisie invloed en egskeiding probleme veroorsaak. Op die skoolterrein kan probleme met die plasing en toestand van toilette en onvoldoende sportfasiliteite wangedrag veroorsaak. In die gemeenskap gee drankmisbruik, werkloosheid, onvoldoende ontspanningsfasiliteite en disrespek vir ander mense se eiendom aanleiding tot wangedrag (vgl. par. 5.2.2.2).

### 6.2.3.3 Psigososiale omgewingsfaktore

Die literatuurstudie het aan die lig gebring dat interpersoonlike en intrapersoonlike psigososiale omgewingsfaktore `n rol speel by die wangedrag van leerders.

Interpersoonlike faktore soos negatiewe, onbetrokke opvoedingsleiding van die ouer; die wyse waarop opvoeder sy/haar onderwyspraktyk hanteer en die negatiewe invloed van ‘n portuurgroep speel belangrike rolle (vgl. par. 3.2.3). Die empiriese studie belig dat ‘n ouer wat onbetrokke is en in gebreke bly om die leerder reg op te voed en die voorbeeld te stel ‘n negatiewe houding by die leerder kweek wat verder tot disrespek vir die opvoeder en die skool lei. Die houding wat opvoeders inneem en wyse waarop klasse hanteer word, kan ook tot wangedrag lei. Klasgroottes speel ook ‘n rol in hierdie verband. Portuurdruk speel ook ‘n rol. Sterk negatiewe invloed van een leerling op ‘n ander kan selfs lei tot die gebruik van dwelms (vgl. par.5.2.2.3).

Intrapersoonlik faktore soos waardes, motivering en singewing speel ook belangrike rolle met betrekking tot die ontstaan van wangedrag indien daar by die leerder ‘n gebrek aan die nodige waardes, motivering en singewing bestaan. Hierdie faktore sluit nou aan by die invloede wat deur ouers, opvoeders en portuurgroepe uitgeoefen word. Dit is in die eerste plek die ouer wat positiewe waardes stel soos hardwerkendheid en pligsgetrouheid, of in gebreke bly om dit te doen. Ewe-eens motiveer of demotiveer die ouer die leerling tot leer en studie. Dit is ook die ouer wat ten nouste by die vraag na sin betrokke is en die soeke na sin deur die leerder positief of negatief beïnvloed. Die opvoeder speel binne die omgewing van die klaskamer en die skool ‘n soortgelyke rol. Dieselfde invloed kan aan portuurgroepe toegedig word. Die leerder wat negatief of belangeloos teenoor hierdie sake staan verlaat hom maklik op wangedrag as sinvolle optrede (vgl. par. 3.2.2). Die empiriese studie het die belangrikheid van waardes en motivering in die huis en in die gemeenskap aangetoon. Problematies is dat daar soms ‘n verskil tussen die huis en die skool bestaan weens werksomstandighede en verskillende beskouings oor hierdie twee sake en dit kan tot wangedrag aanleiding gee. Die belangrikheid van singewing word ook deur die deelnemers aan die studie erken. Indien die skool nie as sinvol ervaar word nie lei verveling tot wangedrag (vgl. par.

5.2.2.3).

### 6.2.4 Maatreëls om wangedrag te hanteer

#### 6.2.4.1 Verbreking van klasreëls

Volgens die literatuurstudie wat handel oor die hantering van vlak 1 wangedrag word na die volgende maatreëls verwys: mondelingse waarskuwings; gemeenskapdiens en om punte te verloor (vgl. par. 2.4.1.1). Uit die empiriese studie blyk dit dat slegs mondelingse waarskuwings gebruik is (vgl. par. 5.2.3.1).

#### 6.2.4.2 Verbreking van skoolreëls

Maatreëls wat vir vlak 2 geld word hanteer deur ‘n lid van die skool se bestuurspan. Dit sluit die volgende in: `n gesprek met die ouer/voog; `n geskrewe waarskuwing; `n kontrak waarin die leerder onderneem om sy/haar wangedrag te verbeter; daaglikse verslag wat deur die leerder saamgedra kan word en wat deur elke opvoeder wat hy sien onderteken word; take wat uitgevoer kan word om die skoolomgewing te verbeter (vgl. par. 2.4.1.2). Die empiriese studie het getoon dat, behalwe ‘n gesprek met die ouer/voog, geen van die ander bogenoemde strafmaatreëls gebruik is deur die skole nie (vgl. par. 5.2.3.2).

#### 6.2.4.3 Ernstige wangedrag

Volgens die literatuurstudie word die strafmaatreëls op vlak 3 uitgevoer deur die skoolhoof. Die maatreëls sluit in: `n geskrewe waarskuwing met die voorneme om die leerder te skors of om die leerder te verwys na `n voorligter of `n maatskaplike werker of gemeenskapdiens (vgl. par. 2.4.1.3). Uit die onderhoude blyk dit dat leerders verwys is na maatskaplike werkers. Een skoolhoof word bygestaan deur ‘n dissiplinêre komitee (vgl. par. 5.2.3.3).

#### 6.2.4.4 Baie ernstige wangedrag

Strafmaatreëls op vlak 4 word deur die skoolhoof of die beheerliggaam van die skool of die Departement van Onderwys uitgevoer. Dit kan insluit dat `n leerder na ‘n sielkundige verwys word; of ook dat by die Departement van Onderwys aansoek gedoen word vir die beperkte skorsing van `n leerder (vgl. par. 2.4.1.4). Die empiriese studie het bewys dat skorsing al gebruik was (vgl. par. 5.2.3.4).

#### 6.2.4.5 Kriminele oortredings

Vlak 5 verteenwoordig die ergste graad van wangedrag. Volgens die literatuurstudie word die strafmaatreëls uitgevoer deur die skoolhoof of die beheerliggaam van die skool of die Departement van Onderwys. Die strafmaatreëls sluit in dat by die Departement van Onderwys aansoek gedoen kan word vir die uitsetting van ‘n leerling of oorplasing van ‘n leerling na ‘n ander skool of om die oortreding van die leerder by die polisie aan te meld (vgl. par. 2.4.1.5).
Die empiriese studie het ook bewys dat klagtes al na die polisie verwys is, maar dat geen leerder nog uitgesit of oorgeplaas is nie (vgl. par. 5.2.3.5).

#### 6.2.4.6 Algemene opmerking

Dit blyk dus uit die empiriese studie dat slegs die volgende maatreëls gebruik is:

- • mondelingse waarskuwings (vgl. par. 5.2.3.1);
- ‘n gesprek met die ouer/voog (vgl. par. 5.2.3.1);
- leerders verwys is na maatskaplike werkers (vgl. par. 5.2.3.3);
- skorsing (vgl. par. 5.2.3.4).

Die genoemde skole het baie min van die strafmaatreëls gebruik in die hantering van wangedrag in die skool. Geen leerder is, byvoorbeeld, nog uitgesit of oorgeplaas nie (vgl. par. 5.2.3.5).

### 6.2.5 Verantwoordelike rolspelers

#### 6.2.5.1 Die leerder

Die literatuurstudie het aangetoon dat leerders oor die volgende regte beskik: hulle moet betrokke wees by die formulering van die klas- en skoolreëls en moet aan sulke reëls gehoor gee; elke leerder moet aan die begin van elke skooljaar voorsien word van `n afskrif van die skoolreëls en jonger leerders moet mondelings ingelig word oor die skoolreëls; die leerders moet skoolreëls ken, onkunde oor hierdie reëls is nie 'n aanvaarbare verskoning nie (vgl. par. 2.3.8). Die empiriese studie laat blyk met die volgende uitsprake dat leerders nie die gedragskode verstaan nie:

”Dit lyk hulle verstaan dit nie”

“Dit is aan almal verduidelik” (vgl. par. 5.5.2.1).

**6.2.5.2 Die ouer**

Uit die literatuurstudie blyk dit dat ouers die volgende verantwoordelikhede moet nakom: om te sorg dat hul kinders skool toe gaan en dat hulle betyds is vir skool; sorg dat akademiese verslae

aan die skool terug besorg word; dat die reg van die leerder om te leer gewaarborg word; om te sorg dat hul kinders die gedragskode en reëls van die skool gehoorsaam; dat hul kinders altyd skoon en netjies is; dat hulle die skool sal inlig rakende probleme van hul kind of ander leerders wat in die skool is; om nie beledigende taal teenoor hul kinders te gebruik nie en om nie beledigend teenoor hul kinders op te tree nie; om basiese hulpbronne aan die leerder te verskaf sodat die leerder sy/haar skoolwerk of tuiswerk kan doen (vgl. par. 2.3.7). Uit die empiriese studie blyk dit dat die volgende opmerkings deur deelnemers gemaak is:

“... ouer het geen respek of trotsheid op die skool nie.”

“Ouers is oorwegend onbetrokke" (vgl. Par. 5.2.5.2).

**6.2.5.3 Die opvoeder**

Volgens die literatuurstudie beskik die opvoeder by die skool oor dieselfde regte as die ouer: om die leerder ingevolge die gedragskode te beheer en te dissiplineer gedurende die tyd wat die leerder by skool is: gedurende onderrigtyd of tydens`n skoolfunksie of

skooluitstappie of skoolverwante aktiwiteite wat deur die leerder bygewoon word (vgl. par. 2.3.6). Uit die empiriese studie kom na vore dat die opvoeder soms die klaskamer moet verlaat; dat die opvoeder gedemotiveerd is; dat die opvoeder aanmerkings maak teenoor die leerder of die opvoeder het ‘n traag-my-nie agtige houding teenoor die leerder (vgl. par. 5.5.2.3).

### 6.2.5.4 Die skoolhoof

Die literatuurstudie het aangetoon dat die skoolhoof ernstige wangedrag van leerders moet hanteer; enige leerder wat daarvan aangekla word dat hy/sy ‘n reël oortree het wat skorsing of uitsetting uit die skool vereis, moet voor die skoolhoof gebring word; die skoolhoof moet sorg dat goeie dissipline in die skool gehandhaaf word (vgl. par. 2.3.5). Die empiriese studie het die volgende getoon:dat die skoolhoof met leerders praat om hulle beter te gedra; hulle motiveer en ook opvoeders motiveer om `n positiewe gesindheid teenoor leerders in te neem (vgl. par. 5.5.2.4).

### 6.2.5.5 Die beheerliggaam

Volgens die literatuurstudie moet die beheerliggaam `n gedragskode opstel na konsultasie met alle rolspelers (vgl. par. 2.3.4). In die empiriese studie kom dit voor dat ‘n dissiplinêre komitee ernstige gevalle van wangedrag saam met die skoolhoof hanteer (vgl. par.5.5.2.5).

### 6.2.5.6 Die Departementshoof

Dit blyk uit die literatuurstudie dat die Departementshoof `n leerder uit `n skool mag uitsit of skors indien hy/sy na `n regverdige verhoor aan ernstige wangedrag skuldig bevind word (vgl. par. 2.3.3). Volgens die empiriese navorsing was uitsetting van leerders glad nie gebruik deur die beheerliggaam en die departementshoof sedert die implementering van die Suid-Afrikaanse Skolewet nie (vgl. par. 5.5.2.6).

## 6.3 AANBEVELINGS

Na aanleiding van die voorafgaande studie met verwysing na die aard en omvang van probleme, word kursories aandag gegee aan moontlike oplossings en die implementering daarvan met die oog op die Intermediêre Skole in die Namakwa Distrik van die Noord-Kaap Provinsie.

### 6.3.1 Aanbevelings vir die verbetering van dissipline

Die navorser is van mening dat die volgende aanbevelings tot verbetering van dissipline kan lei.

#### 6.3.1.1 Gedragskode

Die rol wat die gedragskode speel is van deurslaggewende belang. Na aanleiding van die voorafgaande gegewens word aanbeveel dat die verantwoordelike persone by elke skool sal toesien dat die gedragskode relevant en verstaanbaar is vir die omstandighede van elke skool. Dit spreek vanself dat die saak van dissipline en wangedrag duidelik uiteengesit word vir opvoeders, leerders en ouers.

Die beheerliggaam en skoolhoof moet toesien dat die skool oor sodanige gedragskode beskik. Bystand om so 'n gedragskode op te stel, sal die taak van die beheerliggaam en skoolhoof vergemaklik. Sodanige hulp behoort deur die Onderwysdepartement verleen te word waar nodig. Enkele skoolhoofde het juis aangedui dat hulle verdere bystand van die betrokke owerhede sal verwelkom. Die opvoeders moet ook betrokke wees by die opstel van die gedragskode vir leerders. Die ouer moet `n geleentheid kry om insette te maak by die opstel van die gedragskode.

Dit is belangrik dat leerders en ouers die gedragskode sal verstaan. Daarom moet dit verstaanbaar geformuleer word en behoorlik aan hulle verduidelik word en elkeen moet `n kopie van die gedragskode ontvang.

Dit gedragskode behoort aan hersiening onderworpe te wees. Dit word aanbeveel dat gereelde werkwinkels gehou word by elke skool waartydens die opvoeders die gedragskode

hersien. Ouers se betrokkenheid word ook aanbeveel.

#### 6.3.1.2 Klaskamerdissipline

‘n Relevante gedragskode bied die basis en raamwerk vir die opstel van geskikte klasreëls wat nodig is vir die hantering van dissipline en wangedrag in die klaskamer. Met bystand van die skoolhoof kan opvoeders saam reëls opstel, maar dit dan individueel verfyn vir spesifieke vak- en klaskamersituasies. Die leerders kan ook betrek word by die opstel van klasreëls in soverre hulle sinvolle bydraes kan lewer.

### 6.3.2 Maatreëls om wangedrag te hanteer

Om wangedrag te kan hanteer is dit nodig dat alle betrokkenes oor die nodige inligting en opleiding beskik en dat die gedragskode en skoolreëls toepaslik moet wees sodat dit implementeerbaar is. Daarom word aanbeveel dat

- die nodige opleiding aan die betrokkenes voorsien sal word;
- opvoeders aandag gee aan die administrasie van die wangedrag van die leerder in die klaskamer, want hulle moet besef dat konsekwente implementering van maatreëls noodsaaklik is vir suksesvolle leerresultate;
- die strafmaatreëls van die opvoeders vir vlak 1 en 2 oortredings moet ooreenstem;
- die vordering met die implementering van die gedragskode en klasreëls vir leerders gereëld bespreek moet word deur opvoeders.

### 6.3.3 Oorsake van wangedrag

Verskillende oorsake van wangedrag is in die studie geïdentifiseer. Na aanleiding daarvan word die volgende aanbevelings gemaak om die negatiewe invloed daarvan op dissipline en wangdrag teen te werk.

#### 6.3.3.1 Fisiologiese omgewingsfaktore

Fisiologiese faktore soos voeding, dwelms, siektes en temperatment behoort aandag te kry.

- Die voedingskema

Die verskaffing van kos kan verskuif word na die eerste periode indien dit byvoorbeeld net brood is. Dit sal leerders bystaan wat nie die oggend geëet het nie.

- Dwelms

Dwelms in die gemeenskap moet geïdentifiseer word. Voorligtings- en inligtingsprogramme deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens, maatskaplike werkers en, byvoorbeeld, die opvoeders verantwoordelik vir liggaamlike opvoeding moet gebruik word. Dit sal dien om leerders te wys op die gevare van dwelms, die tipes en kenmerke van die dwelms wat in die gemeenskap gebruik word, oorsake waarom leerders dwelms gebruik, gevare wat die dwelms vir `n tiener se liggaam inhou, asook die straf wat `n persoon kan kry as ‘n mens met die dwelm betrap word deur die polisie. Leerders wat dwelms gebruik moet geïdentifiseer word en opgeneem word in programme wat aangebied word deur maatskaplike werkers en ander instansies soos nie-regerings organisasies wat hulp kan verleen.

- Siekte

Die skool behoort kennis te dra van die gebruik van medikasie deur leerders wat moontlik ‘n invloed op dissipline kan uitoefen. Leerders wat medikasie gebruik moet aangemoedig word om dit onder die opvoeder of skoolhoof se aandag te bring.

- Temperament van leerder

Daar kom gevalle voor waar die temperament van die leerder `n probleem skep. Sulke leerders behoort in `n program van konflikhantering deur die opvoeder vir liggaamlike opvoeding opgeneem te word.

**6.3.3.2 Fisiese omgewingsfaktore**

Onder fisiese omgewingsfaktore behoort die huis, skool en gemeenskap in berekening gebring te word.

- Huis

Hulp aan ouers deur middel van ouerbegeleidingsprogramme behoort met behulp van maatskaplike werkers en opvoeders beskikbaar te wees. Dit kan geïnkorporeer word by ouervergaderings.

- Skool

Dit is nodig dat die fisiese omgewing van die skool ‘n vriendelike atmosfeer skep. Die gereelde instandhouding van geriewe is daarvoor noodsaaklik.

- Gemeenskap

Die skool vorm deel van die gemeenskap en die betrokkenheid van gemeenskapsorganisasies en die munisipaliteit moet aangemoedig word. Die identifisering en onderskraging van ontspanningsgeriewe in die gemeenskap is ‘n belangrike wyse van betrokkenheid.

**6.3.3.3 Psigososiale omgewingsfaktore**

Interpersoonlike en intrapersoonlike faktore speel deurslaggewende rolle met verwysing na dissipline en wangedrag.

- Interpersoonlike faktore

Beide ouers en die portuurgroep speel `n rol in die ontstaan van wangedrag. In die geval van die portuurgroep moet leerders leer hoe om keuses te maak. Die opvoeders vir liggaamlike opvoeding kan op programme konsentreer vir leerders wat verhoudingsprobleme ervaar. Aandag moet gegee word aan die maak van keuses en om vaardighede aan te leer om ‘n probleem te oorkom.

- Intrapersoonlike faktore

· Waardes

Die opvoeding van waardes moet spesiale aandag kry. In elke klaskamer kan op bepaalde waardes gekonsentreer word wat ontbreek in die skool soos byvoorbeeld, respek, ongehoorsaamheid, verantwoordelikheidsin en lojaliteit.

· Motivering

Behalwe vir die taak van die opvoeder in hierdie verband kan spesiale aandag gegee word aan motiveringspraatjies deur gemeenskapleiers, oudleerders, ouers, opvoeders en ander professionele persone.

· Singewing

Die skool kan deur sy buite kurrikulêre program die skoolaktiwiteite meer interessant maak. As voorbeeld kan beroepsaande gereël word waar inligting en perspektief nie net op ‘n beroep nie, maar ook verder op bedrywighede in die samelewing, aan leerlinge gebied word.

### 6.3.4 Die funksies van verskillende rolspelers

Die saak van dissipline en wangedrag is kompleks. Daarom het in die voorafgaande aanbevelings die rolle wat die Onderwysdepartement, beheerliggaam, skoolhoof, opvoeders, leerders, en ouers speel en behoort te speel, aandag gekry. Opsommend word aanbeveel dat die nodige teoretiese kennis en ook praktiese opleiding beskikbaar sal wees sodat elke betrokkene sy/haar spesifieke rol na behore kan vervul.

## 6.4 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Na aanleiding van die voltooide navorsing van beperkte omvang word die volgende aanbevelings met die oog op verdere navorsing gemaak.

### 6.4.1 Gedragskode

Dit is ‘n vraag of die gedragskode vir leerders relevant is tot die omstandighede van elke skool. Daarom word aanbeveel dat die relevansie van gedragskodes met betrekking tot leerders en betrokke skole verder ondersoek kan word. Beter inligting kan skole in staat stel om meer doeltreffender gedragskodes saam met leerders op te stel.

### 6.4.2 Administrasie en bestuur van dissipline

Die Wetgewing sedert 1966 stel nuwe eise aan opvoeders, skoolhoofde en beheerliggame gestel met betrekking tot die administrasie en bestuur van dissipline. Verdere navorsing oor hierdie twee aspekte kan moontlik die hanteringswyse van dissipline vergemaklik en meer doeltreffend maak.

### 6.4.3 Hantering van strafmaatreëls

Dit blyk dat hoofsaaklik detensie en onderhoude gebruik is as maatreëls om wangedrag te hanteer. Daarom word aanbeveel dat die departement ondersoek in stel waarom so min van die strafmaatreëls gebruik is deur opvoeders en skoolhoofde.

## 6.5 SLOTOPMERKING

Die genoemde paradigmaskuif wat neerslag gevind het in ‘n nuwe onderwysbeleid het ook bevestig dat dissiplinêre probleme en gevolglike wangedrag in onderwys bestaan en in hierdie studie is daar gepoog om sulke probleme uit te wys wat in Intermediêre Skole in die Namakwa Distrik van die Noord-Kaap Provinsie voorkom. Die hantering en moontlike oplossing van die genoemde probleme kan nie net deur een instansie bewerkstellig word nie, maar verg ‘n gesamentlike benadering deur al die instansies en persone wat op onderskeie maniere betrokke is by die onderwys. Dit is in die belang van die leerder en uiteindelik Suid-Afrika dat so ‘n benadering aktief nagestreef en tot stand gebring behoort te word.

# BRONNELYS


Barnhart, CL & Thorndike, EL. 1977. *The world book dictionary*. [S.I.]: Doubleday.

Boshoff, E & Morkel, P. 1999. *Juta's education law and policy handbook*. Kenwyn: Juta & Co.

Burden, PR.1995. *Classroom management and discipline: methods to facilitate cooperation and instruction*. White Plains: Longman.

Cerff, SM. 1998. Dissipline. *Die Unie* 94(5):7-10.

Dekker, EI. & Lemmer, EM. 1996. *Critical issues in modern education*. Johannesburg: Heinemann

De Vos, AS, Strydom, H, Fouchè, GB, Poggenpoel, M, Schurink, E & W.1998. *Research at grass roots: a primer for the caring professions*. Pretoria:Van Schaik.

Department of Education. 2000. *Alternatives to corporal punishment: the learner experience.* Pretoria. First edition.

Department of Education. 2000. *A South African curriculum for the twenty first century*. Report of the Review Committee on Curriculum 2005. Internet;http://education.pwv.gov.za/DoE_Sites/Curriculum.

Dzivhani, MD. 2000. The role of discipline in the school and classroom management: a case study. Ongepubliseerde MEd dissertasie. Pretoria: Unisa

Evans, ED & Richardson, RC.1995. Corporal punishment:what teachers should know. *Teaching exceptional children* 27(2):33-36.

Handbook: vgl.Boshoff, E & Morkel, P. *Juta's education law and policy handbook*.

Kajewski, B. 1998. Designing creative discipline: though, but well worth it. *NASSP-Bulletin* 82(596):7-13.

McMillan, JH & Schumacher, S.1993. *Research in education: a conceptional introduction*. New York: Harper-Collins College Publishers.

Morrell, R. 2001. Corporal punishment and masculinity in South African schools. *Men and Masculinities* 4(2):140-157.

Mwamwenda, T.1995. *Educational pschychology: an African perspective*. Butterworths:Durban.

Nkosi, G. 2001. Corporal punishment at schools in perspective. *CODICULLUS*. XXXXII (1):28-34.

Odendal, FF, Schoonees, PC, Swanepoel, CJ, Du Toit, SJ, & Booysen, CM.1991. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Johannesurg: Perskor-Boekdrukkery.

Paintal, S.1999. Banning corporal punishment of children: a position paper. *Childhood education* 76(1):36-37.

Poggenpoel, M. 1998. Data analysis in qualitative research, in De Vos et al, 334-353.

Republic of South Africa. 1998. *Guidelines for the consideration of governing bodies in adopting a code of conduct for learners*. Government Gazette Vol 776 No 18900. (15 May 1998). Pretoria: Government Printer

Republiek van Suid-Afrika. 1996a. Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 27 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker

Republiek van Suid-Afrika. 1996b. Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1996c. Grondwet, 108 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1997. Wet op die Afskaffing van Lyfstraf, 33 van 1997. Pretoria; Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1998. Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 76 van 1998. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 2000. Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, 31 van 2000. Pretoria; Staatsdrukker.

Rossouw, JP. 2003. Learner discipline in South African public schools - a qualitative study. *Koers* 68(4):413-435.

Safran, S & Oswald, K. 2003. Positive behaviour supports: can schools reshape disciplinary practises? *Exceptional Children* 69(3):361-372.

Schurink, EM. 1998. Designing qualitative research, in De Vos et al., 252-264.

Schurink, EM. 1998. The methodology of unstructured face-to-face interviewing, in De Vos et al, 297-311.

Schurink, WJ. 1998. Participant observation, in De Vos et al, 277-296.

Schurink, WJ, Schurink, EM & Poggenpoel, M. 1998. Focus group interviewing and audio-visual methodology in qualitative research, in De Vos et al, 313-333.

Shore, R.1998. Personalizing the school environment. *Thrust for Educational Leadership*. 28(1):30-31.

Squelch, JM. 2000. *Discipline*. Pretoria: Centre for Education Law and Education Policy (CELP).

Sweeney, J.1992. School climate. The key to excellence. *NASSP-Bulletin* 76(547):69-73.

Van Rensburg, CJJ en Landman, WA. 1998. *Fundamenteel-pedagogiese begripsverklaringe*. Goodwood: NG Kerkboekhandel Bpk.

Treffry, D & Gilmour, L. 2001. *Collins paperback thesaurus*. Glasgow: Collins.

Walker, HM, Colvin, G & Ramsey E. 1995. *Antisocial behavior in school: strategies and best practices*. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Wolhuter, CC & Oosthuizen, IJ. 2003. `n Leerderperspektief op dissipline: `n kwalitatiewe ontleding. *Koers* 68(4):437-456.

**DOKUMENTE**

Northern Cape Province. 2004. Departement of Health. Patient Notes: Williston GGS Junie 2004:1

Northern Cape Province. 2004. Departement of Education. School Food Security Programme. Nico Bekker Intermediêr, June 2004:1-9

Noord-Kaap Provinsie. 2005. Geïntegreerde Ontwikkelingsplan 2001-2005. Karoo Hoogland Munisipaliteit.1-66.

# BYVOEGSELS

## BYVOEGSEL A

## ONDERHOUDSKEDULE

***Die onderhoudskedule berus op temas soos geïdentifiseer in die literatuurstudie***

- **WATTER TIPE DISSIPLINÊRE PROBLEME WORD DEUR DIE SKOOL ERVAAR?**

· Kom wangedrag voor binne die klaskamer?
· Kom wangedrag voor deur die verbreking van die skoolreëls?
· Kom ernstige wangedrag of ernstige oortredings van die skoolreëls voor?
· Vind baie ernstige wangedrag of baie ernstige oortredings van die skoolreëls plaas?
· Vind ‘n kriminele oortreding plaas wat nie net die skoolreëls verbreek nie, maar ook `n landswet?

- **WATTER FAKTORE VEROORSAAK DIE DISSIPLINÊRE PROBLEME IN DIE SKOOL?**

· Watter fisiologiese omgewingsfaktore kan wangedrag by die leerders veroorsaak?
· Watter fisiese omgewingsfaktore kan wangedrag by die leerders veroorsaak?
· Watter psigo-sosiale omgewingsfaktore kan wangedrag by die leerders veroorsaak?

- **WATTER MAATREËLS GEBRUIK DIE SKOOL OM SY DISSIPLINÊRE PROBLEME TE HANTEER?**

· Besit die skool klasreëls?
· Het die skool `n gedragskode vir leerders?

- **WORD DIE WETGEWING GEBRUIK TEN OPSIGTE VAN DIE DISSIPLINÊRE PROBLEME IN U SKOOL?**

· Het u as skoolhoof opleiding ontvang in die opstel van die gedragskode?
· Word dissiplinêre verhore gehou indien `n leerder hom/haar skuldig maak aan ernstige en baie ernstige wangedrag?
· Hoeveel dissiplinêre verhore is al gedurende hierdie jaar deur u skool gehou?
· Was dit al vir u nodig om `n leerder uit u skool te skors of aan te beveel dat `n leerder uit die skool geskors word?
· Ontvang opvoeders opleiding in verband met die hantering van dissipline in die klaskamer?

- **OPSOMMING DEUR NAVORSER. DIE DEELNEMER WORD UITGENOOI OM ENIGE ANDER ASPEK RONDOM DISSIPLINE IN SY SKOOL TE NOEM.**

# BYVOEGSEL B

# TRANSKRIPSIE - ONDERHOUD 2

**Sleutel:** Die onderhoudvoerder se woorde is in kursief gedruk. Die deelnemer se woorde is in Times New Roman en `n lyn word oopgelaat, na die reaksie van die deelnemer.

***ONDERHOUD***

*Kom ons begin nou maar. Kom ons vra nou maar watter probleme het jy by jou skool wat minder ernstig is? Of kom ons begin by die klaskamer. Watter probleme ervaar die kinders in die klaskamer of die onderwysers in die klaskamer?*
Die, die mees algemene probleem het te doen met 'hm' geselserigheid. Geselserigheid en dan het jy die outjies wat van tyd tot tyd, en dit lyk asof dit `n tendens is by sekere van die kinders, boeke by die huis los, nie huiswerk op datum het nie, of kleinighede soos die ouers sê jy het nie 'n potlood of jy het nie `n pen nie en dan,en dan baie keer ontdek `n ou dis, dis opsetlik, dis ter wille van die kind, wil maar liewer nie skryf nie. Daar is wel die gevalle wat jy nou ... 'n mens ken mos die kinders wat jy weet maar die kind het werklik `n probleem of het nie pen of potlood by die huis nie.

*So by watter grade kom dit nou voor?*
'Hm' veral graad in die Intermediêre en die Seniorfase. Daar tel `n mens dit baie op.

*OK! So rook op skool, klaskamer verlaat sonder toestemming, ... die klas ontwrig, totaal?*
Ja, dis nou, u het mos geverwys na die minder ernstige ...

*Ja dis so, dit raak nou bietjie meer ernstig ...*
Ons het, ons het gevalle van rook op skool, ons het ook gevalle van drostery en dan is daar, dis enkele gevalle waar kinders die klas werklik verlaat sonder, ... sonder toestemming. En die frekwensie daarvan, dit kom nie te dikwels voor nie. Dit is geïsoleerde gevalle.

*As ons nou moet grade sê ... watter grade kom dit voor?*
Weer sal ek verwys hoofsaaklik na die Seniorfase Graad 7, 8 en 9.

*Graad 7, 8 en 9. OK. 'Hm' Is daar kinders wat die klas ontwrig ... dat, dat `n onderwyser nie sy werk kan doen nie?*
Vanjaar gaan dit ... taamlik goed. Ek moet sê dit gaan goed vanjaar. Daar was twee, drie jaar gelede het ons `n Graad 8 klas gehad wat die klasse ontwrig het, in so `n mate dat jy nie kon werklik skool hou nie- maar vanjaar is ons gelukkig, as ek dit so kan stel.

*OK. Die 'Hm' . Was, hoe word leerders beseer? Vind diefstal plaas, vandalisme, daar waar kinders die ruite breek?*
Ja, daar is gevalle van diefstal, waar, waar 'hm' kinders onder mekaar dinge steel. En gewoonlik dan, dan, dan spoor ons dit op veral in die gevalle waar kinders dan dit betyds aanmeld. Die,die ... 'trend' wat ons opgetel het, is dat, is dat die, as die kind kla terwyl die outjie nog in die klas is, met ander woorde, voor 'n pouse, dan het ons meeste van die tyd 100% sukses om, om gesteelde goedere terug te kry, maar as die kind eers kans gehad het, die, die skelm, die dief om uit te gaan en om die goed iewers weg te steek, dan raak dit baie, baie moeilik. Ander gevalle van, 'hm' ja,

ons het gevalle van vandalisme, ‘hm’ meeste van die tyd word daar aangemeld. Daar is gewoonlik kinders wat sien dat dit gebeur ‘hm’ en dit is hoofsaaklik ...

*Wat is die aard van die vandalisme?*
‘Hm’ vandalisme - ‘n ruit stukkend gooi partykeer. Dit is smiddae oudjies wat voëls skiet of wat ook al en dan skiet hulle met die kettie. ‘Hm’ Baie keer sê hulle ook dis, dis, dis per ongeluk, maar hoe dit ook al sy ‘Hm’ en dan het ons nou vanjaar nuwe omheining gekry. So sedert ons dit ‘hm’ gekry het deur, deur die Departement van Welsyn ‘hm’ Openbare Werke. Vandat ons dit het, het die gevalle drasties afgeneem. Voorheen was die skool taamlik toeganklik.

*Dra kinders gevaarlike ... Is hier kinders wat gevaarlike wapens dra, meisies betas, dwelms besit op skool, dwelms gebruik op skool?*
In die geval van skerp wapens ‘hm’ in vergelyking met vorige jare, twee, drie jaar gelede gaan dit baie, baie goed, hierdie jaar. Dus werklik twee gevalle wat ek kan onthou die jaar wat aangemeld is. Geen ernstige voorvalle in daai verband nie. U het verwys na dwelms?

*Die aard, die aard van die... watter wapen was dit?*
Daar was geen beserings nie. Dit is net ‘hm’ messe ‘hm’ wat ‘hm’ in ‘hm’ besit van kinders was, maar dit is afgeneem.

*Weer Senior leerders?*
Intermediêre Fase, meneer, in die geval.

*Dwelms?*
Dwelms ‘hm’ Daar’s `n, daar’s ‘n baie onrusbarende tendens onder ons laerskoolkinders en vir hierdie gemeenskap spesifiek, ‘Hm’ twee weke gelede is `n 16 jarige klong ter ruste gelê wat ‘hm’die skool verlaat het toe hy st. 5 was. ‘Hm’ons hoor deesdae almal die naam tik-tik. ‘Hm’ so ons, ons probeer bepaal in die stadium, ons het `n vermoede dat van ons skoolkinders betrokke is by een of ander vorm van dwelm. Ons hanteer dit, ons voel so ernstig daaroor dat vanoggend net voordat u gekom het, was een van ons predikante hier. Hy het `n toespraak kom hou met die kinders. Vanmiddag kom hy uit na die personeel toe, sodat ons kan kyk of ‘hm’ om koppe bymekaar te sit en hoe ons as volwassenes en leiers in die gemeenskap mekaar kan help. Maar ons vermoed dat dit `n taamlike ernstige probleem is.

*Maar, maar die dwelmgebruik is na skool?*
Dit is na skool. Dissie, dissie in skooltyd nie. Maar ons, ons, ons voel dat dit is steeds skoolkinders en in daai opsig, wil ons ‘hm’ korrektief ‘hm’ optree.

*Dan ‘hm’ betasting?*
Ons is in die vorige ... ja ander vrae wat ek geantwoord het ... Betasting is nie `n onbekende ding by ons skool nie, maar wat hierdie jaar betref het ons geen gevalle van betasting gehad nie. Daar, daar was `n stadium dat dit nogal taamlik kop uitgesteek het, en `n soort mode onder kinders was. Ons het dit ernstig, ernstig aangespreek en ek moet sê: daar’s ‘n, daar’s ‘n, daar’s ‘n afname.

*‘n Verbetering. ‘Ok’, ‘hm’. Kom ons kyk na die faktore wat miskien ‘n aanduiding gee tot (...) party dissiplinêre probleme in julle gemeenskap. So, dit verskil van mos gemeenskap tot*

*gemeenskap.*
Dis reg.

*So, ek het nou `n paar vir jou gelys. U kan vat, dit uithaal. Kom ons vat siektes. Is daar miskien siektes wat u voel in julle gemeenskap wat miskien `n rol speel dat kinders hulle wangedra in die klas?*
Vir my is dit moeilik om daai direkte verband te maak,. Ek dink dis moeilik. Ek sou reken dat ‘n ...

*Kom ons vat nou TB en MIV VIGS?*
Ons het, ons het gevalle van, van kinders met Tuberkulose wat behandel word.

*Hulle word behandel maar daar is geen direkte verband tussen TB en wangedrag van leerders nie?*
Ons het nie daardie soort direkte verband nie. Ek kan nie sê dis so nie.

*Waar die siekte ‘n rol speel nie?*
Nee, meneer.

*Voeding?*
Voeding. Ja as ek, as ek voeding, voeding vat onder die sambreel van armoede, dan ja uit daai oogpunt het ons ‘hm’ probleme. Ons het vanoggend `n klong hier gehad wat ‘hm’ `n meisietjie afknou en by haar die brood ‘hm’ afneem.

*Die voedingskema se brood?*
Die voedingskema se brood wat mos nou vir hulle almal is. Soms, hy vra by haar elke dag, soms gee sy vir hom, soms voel sy glad nie dan, dan wil sy ook ....

*Hoe reageer die kinders voor die voedingskema se brood of se kos wat hulle kry?*
Ek, ek, ek kan nie sê nie daar is nie `n uistaande tendens nie, maar ons wil as opvoeders vermoed dat dit, dat die kinders veral die behoeftiges, dat hulle konsentrasie sal swakker wees voordat hulle die voeding, die voeding gekry het. En ‘n mens kom ook agter dat daar is van die outjies wat skool toe kom en wat taamlik, wat, wat eintlik baie goed uitsien, na die, na die tyd wanneer hulle, hulle, hulle kossies kry.

*Gestremdhede? Is daar miskien gestremdhede wat,, soos gehoor en sig wat miskien `n rol kan speel in julle geval by die leerder se wangedrag?*
‘Hm’, die, die, op geen beduidende skaal nie.

*Dan gaan ons na die volgende toe. Is die ‘hm’ dwelms. Ons het so `n bietjie daaraan geraak, Dwelms, speel dwelms `n rol?*
Dwelms speel definitief `n rol in ons gemeenskap nê. ‘Enne’, dit soos ek gesê het vroeër, ons bekommernis is dat dit is besig om oor te spoel na ons kinders toe. Wat ons wel weet dat, ongelukkig moet ek weer verwys na twee jaar gelede, toe het ons `n groot groep seuns by ons skool gehad wat betrokke was by die snuif van gom - sterk gom. Dit het ons `n tydjie gekos, ons het met liggame soos NICRO ge, ge, geskakel en raad gevra en hulle het uitgekom en hulle het ons gehelp. Ons hoop dat daai ketting, dat dit gebreek is. Maar deesdae sit ons met die bekommernis van tik en dan het ons ook,

soos byvoorbeeld Maandag het ons die geval gehad van `n seun wat die skoolterrein verlaat het. Ons het netnou gepraat van drostery, dit is `n geisoleerde geval, maar hy het gedros en toe kry ek die polisie om tussen ander ouens, wat dagga sit en rook het. Ook verlede Maandag het ons die geval gehad van kinders wat 'hm' en dit raak 'n toenemende neiging (...)

*Laat hulle van die skool af weghardloop?*
Nee, nee ek is net rondom dwelms, dis hoekom ek sê die drostery is `n geïsoleerde geval, maar wat by die huis miskien bly of wat na- uurs soos die geval twee weke gelede Maandag wat drie skoolkinders betrokke was by die 'hm' koop en drink van `n bottel brandewyn.

*OK. Medikasie?*
Ek sal, ek sal jok as ek sê, dat medikasie `n rol speel. Ons het dit nog nie opgetel nie.

*OK. Dan kom kyk ons na die fisiese omgewingsfaktore: die huis, hoe dra die huis by tot probleme wat julle by die skool het? Dissiplinêre probleme*
Meneer, ek wil my verstout om te sê dat 'hm' baie van ons ouers, dit is nou hedendaagse ouers, hulle het, hulle het het `n verkeerde begrip van die die Regering se bedoeling dat kinders regte het. En, en, en, ja ek wil waag om te sê dat ons ouers het gaan slap raak, so daar's, daar's in die meeste huise het jy, het jy `n verval, `n totale verval van dissipline. 'Hm', en die kinders het die gevoel van hulle kan op ma en pa se kop staan. So, hier sal ek definitief sê, ja hierdie tendens wat in die huise bestaan is besig om oor te spoel na ons skole. Som, en van die outjies kom skool toe met die idee jy mag hom nie, jy kan hom nie dissiplineer nie. Maar daar is gelukkig nog die, hoewel miskien in die minderheid, maar daar is gelukkig ouers wat nog steeds styf staan en wat verstaan dat kinders het 'n bepaalde vorm van tug en dissipline nodig.

*Hoe dra die skool se fisiese omgewing by tot wangedrag? U het netnou, byvoorbeeld genoem van die omheining wat (...) onlangs opgesit is. Dit is 'n voorbeeld, nê?*
En, ja, die feit dat die omheining opgeknap is dit het ook `n verbetering teweegebring. Ek sou sê ...

*Is daar ander faktore wat, wat `n rol kan speel as ons na die fisiese uitleg van die skool moet kyk?*
Ja, ek sou sê die, die belangrikste vir my is `n tekort aan fasiliteite, rekreasiefasiliteite, sportfasiliteite. Ons het dit nie en, en, ek sal,sal wil sê dat dit mag `n negatiewe invloed hê op, op gedrag, omdat die outjies het dan nou, waar hulle kon sê op tennisbane, netbalvelde waar hulle kon na-uurs bedrywig gewees het, sport aktief- baie gesonde belangstellings word nou nie maksimaal ge, ge, geprikkel nie. En ja, ek sou sê dat in die afwesigheid van sulke gesonde afleiding dit baie meer kan aanleiding gee tot nuttelose en doellose tydverdryf.

*Die toilettes werk almal?*
Die toilette is in `n werkende toestand. 'Hm' ek sal nie sê ons toilette is na wense nie. Hier ook, maar nouja ek het dit netnou nagelaat, hier sit ons ook met bepaalde vorme van vandalisme. 'Hm' Dis nie weer, dis nie `n deurlopende tendens nie, maar ons het gevalle waar pype deur kinders af, afgebreek word, afgeruk word veral in die laaste

kwartaal, van, van elke jaar. So, ja daar is soos gister is aangemeld `n pyp wat nou weer stukkend is. Dit het die aanhoudende lekkasie. Dit veroorsaak vogtigheid, klammigheid, muskiete. Die toilette is in die opsig miskien nie altyd 100% skoon nie. En dan ook wat ek definitief ...

*Hoe dra dit by tot wangedrag?*
'Hm', waar ons toilette,waar dit vir ons `n problem raak is, ons het netnou gepraat van die oudtjies wat rook. Hulle soek dit op as skuiling. Hier het ons ingebring terreindiens, om dit, om dit aan te spreek. En dan het jy gevalle van outjies wat die toilette gebruik om soms wanneer hulle dan nou wel uit die klaskamer gaan sonder toestemming, om ook daar te gaan skuil, want dis, dis redelik uit die oog uit. So, in daai opsig sou, opsig sal ek sê fisiese ligging van die toilette, hulle is soms vir ons problematies. Hulle is agter die geboue.

*Die geboue self? Die geboue self leen hulle daartoe, dat die kinders hulle kan wangedra? Die uitleg van die skool?*
Ek sal nie so sê nie. Soos ek netnou gesê het, die enigste probleem is dat ons nie fasiliteite het nie. Maar die uitleg self, nee ek kan nie `n direkte koppeling maak nie.

*Die gemeenskap, hoe dra die gemeenskap by tot probleme by die skool?*
Goed, ek het netnou genoem 'hm' die tendens wat ons het by huise. 'Hm' in die gemeenskap het ons, ons het baie enkel ouers. Dit, dit, dit raak `n groeiende ding, 'hm' bekommernis. So jy, dit is deel van jou. Dit is ... en op huisvlak het ons dit en eintlik dan nou op gemeenskapvlak. So jy, jy het skielik hierdie ouer wat, wat nie kan orde hou nie. Dit spoel uit in die gemeenskap. Jy sit met ouers wat naweke nie by die huise is nie, wat, wat 'hm' mekaar nie verstaan nie. Ons praat van getroude ouers - dan draai hulle, hulle ruêns op mekaar, gaan na verskillende plekke toe. Ons sit nou met so `n geval en dan is die kinders by die huis heeltemal op hulle eie aangewese. Enne, dan is daar die gebruik van dwelms, weereens ek wil dit hier bybring. Ons kinders sien en hoor te veel.

*Maar hoe dra dit by tot wangedrag?*
Ek sou sê dit ...

*Daai spesifieke voorbeeld wat jy nou genoem het, van die, van die vervreemding van die ouers?*
Yes, 'hm', die, die probleem wat ons het op skool is, jy kry kinders wat, wat, wat daai soort trauma nie kan hanteer nie. 'Hm', kinders wat soggens skool toe kom, dan is hulle baie aggressief en is baie gefrustreerd. So, die outjie kom met daai gevoel skool toe, en dan gee dit uiteindelik aanleiding tot probleme in die klas. Juffrou, meester is nie elke slag op hoogte van wat het by die huis gebeur nie en soos ons mos maar almal is, baie keer dan, 'hm' kry `n mens maar net die gevoel, maar die kind is steeks. So, dit, definitief dit spoel oor na die skool toe. Dan het ons ander gevalle waar kinders as gevolg van die omstandighede by die huis dan verkies hulle heeltemal om by die huis te bly. So, dis ook vir my `n vorm van wangedrag in die sin dat, jy sit nou later met kinders wat hulle name is op die skoolrol en hulle kom net nie uit by die skool nie, vir langdurige tydperke of hulle raak dan later vroeë skoolverlaters.

*Ons kyk nou na die psigososiale-omgewingsfaktore nè. So, hier kyk ons nou hoe die*

*personeel bydra in die skool tot wangedrag by leerders.*
Tot wangedrag?

*By leerders, ja*
Hoe hulle bydra tot wangedrag? Meneer, miskien moet u vir my `n bietjie lig maak?

*So, as, as, as, die personeellid nou afwesig ... van ‘n klas af is nê, baie uit die klas uit is kan dit mos nou bydra, vat dit as ‘n voorbeeld,*
O, oukei
*kan dit gebeur dat kinders met mekaar baklei, betas, dan kry jy al daai tipe van probleme?*
Oukei, as u die groot prentjie by, by ons skool vat dan sal ek ...

*Ons vat dit nou as ‘n voorbeeld*
Maar, maar dit is ‘n goeie voorbeeld. Dis, dis ‘n relevante een by ons. ‘Hm’ ons, ons personeel, soos alle skole se personele is mos baie gesnoei. Vir alle praktiese doeleindes sit ons met ‘n, met `n tekort aan, aan, aan onderwysers. Uit departementele oogpunt natuurlik nie , want hulle werk op `n opvoeder-leerder-ratio. Maar dis, dis net syfers daai. Wat ons betref by die skool is definitief `n tekort en ek sou sê daai tekort aan personeel het `n absolute, absolute negatiewe impak op goeie dissipline. By ons skool en ek verstout my om te sê, by enige ander skool. Dan sit ons ook met `n situasie van ons sekretaresse wat ‘hm’ baie siek, sy is chroniese depressielyer. Sy het al by die Departement drie jaar gelede aansoek gedoen om ‘geboard’ te word. Haar aansoek is dood eenvoudig afgestaan.So, maar intussen haar omstandighede is nog dieselfde. So, sy kom skool toe ‘hm’ dan en wan, jy weet, so maar in die afwesigheid van haar, dan beteken dit ek as prinsipaal, moet sekretariële werk doen. My aandag word afgelei deur klein dingtjies, soos kinders word gestuur krammetjies, een folio papier, twee koevertjies, sulke dinge wat deur `n sekretaresse hanteer kan word. In daai opsig voel ek word my kantoordissipline word, ‘hm’omvergelê. En dan het dit ook tot gevolg dat van tyd tot tyd moet leerkragte uit hulle klasse uitkom, om my hand te gee om sekere dinge te doen.
Ek kan nie alles doen nie. So, ja ek sal sê dit, dit definitief het `n negatiewe impak. Ons het al gevalle gehad waar leerkragte met my toestemming, met my medewete nie in die klas is nie. Waar hulle ‘n sekere ‘hm’ plig vervul en ek moet soms hulp inroep, want Streekkantoor het sekere dinge nodig. “Juffrou wil u nie asseblief dit doen nie”, en dan kry ons dat daar gevalle in die klas is, waar, waar dan ontwrigting kom.

*Die ouers? Ek dink u het netnou so bietjie uitgebrei hieroor. Wil u nie iets daaroor sê? Oor die ouers? Hoe hulle bydra?*
Ouers is onbetrokke. Ouers is, ouers is oorwegend onbetrokke. Die enkelinge wat, ons het ‘n, ons het ‘n groepie ouers waarop,.waarop ons nooit weet of jy kan op hulle staatmaak nie en daai, daai minderheid, hulle is die absolute minderheid, hulle dra die skool. Maar dit gaan mos nie net oor die minderheid nie. Die ideaal is dat ons ouers in die algemeen betrokke sal wees, maar ek, ek, ek, ek weet dat ouers in ons gemeenskap ‘hm’ ...

*Hoe dra hulle by tot wangedrag?*
Hulle is onbetrokke. En as gevolg van hulle onbetrokkenheid ‘hm’ reken ek om dit maak dat ons as, ek as prinsipaal en ons as onderwysers jy, baie kere het jy die, jy sal wil staat maak op die

ouer om jou te help om die kind te dissiplineer en dan is die ouer net nie daar nie. Of die ouer het `n baie traak-my-nie-agtige houding. In daai opsig is hulle nie juis vir ons die ideale vennoot om kinders te dissiplineer nie.

*Portuurdruk, hoe dra dit by tot wangedrag?*
'Hm' ons het gevalle, baie gevalle, waar, waar outjies, as ons hulle inroep, ek het netnou verwys na die geval waar brandewyn gedrink is. Ek het verwys na 'hm' dwelmgebruik, waar kinders vir ons pertinent dit stel dat 'hm' hierdie een, hierdie betro ..., kom ons sê nou Jan in die groep, het gesê ek moet dit doen. En kinders swig daaronder, hulle ... So, portuurdruk is `n, is 'n, is 'n werklikheid, want ons nie kan ...

*In watter grade kom dit meer voor?*
Weer Intermediêr en Senior fase, maar, maar, maar as `n mens die breë prentjie bekyk dan sal jy dit eintlik van, van die kleinstes af kry. Jy weet, maar dis nou maar onder kinders, 'hm' as die outjie kwaad wil doen, dan nooi hy die ander saam. En as, as, as daar enetjie is wat nie wil nie, kinders vind baie gou weë om mekaar onder druk te sit en te laat verstaan, maar luister jy moet, jy moet. So ek sal sê grootliks by die Graad 4, 5, 6, 7, 8 tot 9 maar die klein, kleiner kinders in die grondslagfase dit kom daar ook voor.

*So, intrapersoonlik 'hm' kyk `n bietjie daarna. Is daar miskien iets wat jy daaroor wil sê? Waardes, singewing, motivering?*
Ek, ek, ek, ek reken as `n mens so rond kyk, dat, nou weet ek nie, vir my wat nou kom uit die ou skool, alhoewel ek in, in ouderdom jonk is, maar wat kom uit die ou stelsel van skoling en opvoeding in Suid-Afrika. Wat my betref as ek nou moet terug kyk, en ek kyk waar ons vandag dan voel ek daar is `n verval in waardes, in ons gemeenskap, maar ook landswyd. Jy weet 'hm' en dan, dan, dan as `n mens wil oorsake soek ...

*Wat, watter soort waardes? Watter tipe? Wil u voorbeelde van waardes noem?*
Vir my is dit belangrik dat, dat ons kan, ons kan nie 'hm' wegdwaal van ons normes en ons geestelike waardes nie. 'Hm' dit is waar `n mens innerlike krag kry. So as dit, as dit kom by die uitdagings van die dag, ons het nou gepraat van dwelms, ons het gepraat van 'substance abuse' kom by dinge soos VIGS wat werklike probleme is, dan voel ek die antwoord 'hm' lê in waardes. Dit lê in geestelike intregriteit, dit lê opgesluit in ons norme. So, dis in daai opsig wat ek sê dat ons waardes het verval. Die belang van geestelike projekte, die belang van die rol van godsdiens het heeltemal, heeltemal, is besig om, om te onbelangrik te raak en teen daardie agtergrond voel ek ...

*Sit jy, sit jy nou met probleem ...*

*Motivering?*
Motivering skied te kort, soos ek netnou gesê het. Ons het gepraat van ouers wat, wat 'hm' onbetrokke is, en omdat ouers onbetrokke is, voel ons daai, die motivering wat van ons 'hm' vennote af se kant afkom, dit is nie altyd daar nie Dan wil ek praat van ook motiverig van ons kinders se kant. Ons kinders dink ek baie, kyk as jy moet opkyk na jou ouers, nê en my ouer, my ma, my pa is `n dronkie op straat, pa en ma baklei al weer vanaand, dan, dan na die kinders se kant toe, ek dink vir kinders breek dit ook hulle motivering baie, baie af. So die ding, hy is, wedersyds werk hy. Daar is `n ander element wat ek ook wil bybring en dit is baie ouers moet

soggens vroeg moet hulle die ge hierdie plek verlaat en dan moet hulle net na die arbeidsvelde toe gaan om te kan `n broodjie op die tafel te kan sit.

*‘n Voorbeeld? Noem ‘n voorbeeld*
Hulle gaan werk in die myne soos by [........}

*Hoeveel kilometer is dit?*
Dit is [.......] 50 kilometers van hier af. Maar om vir u `n voorbeeld te noem, daar gaan verskil , daar is omtrent vier tot vyf busse wat elke dag uit [........] ry na

*Is dit meestal mans wat daar werk?*
Dit is mans en dames. In sommige gevalle is dit die totale, dis die ouers in die huis, al twee wat werk. En in daai opsig ook baie, baie keer gebeur dinge by die skool ernstige goed ...

*Hoe laat kom hulle terug van die werk af?*
Van die ouers ry, hulle maak, om ‘n voorbeeld te maak, van hulle ry soggens al 5:30, dan kom hul smiddae 17:30 weer by die huis. So, hulle is vir die duur van die dag nie by die huis nie. Daar is ouers wat later ry 6:30, dan kom hulle vanaand oor sewe by die huis. Daar is selfs ouers wat vir die week weg gaan. So kinders is dan op hul eie aan, aangewese. In die opsig voel ek ook dat, dat daar skiet motivering kort. En baie keer dan is die ouers net nie daar vir die kinders nie.

*Singewing?*
Meneer, hier moet u ... vir my `n bietjie kleiner maak.

*Maak die skool vir die kind sin?*

Ja, ek, ek dink dat, hier moet ek nou spekuleer, as ons kyk, nê, met baie van die kinders ‘hm’ ten spyte van die probleme wat ons het wat ek nou uitgelig het; ten spyte van die gemeenskap wat onbetrokke is, ‘hm’ is daar kinders wat, wat net skool toe kom met hierdie absolute gevoel van en uitdrukking van entoesiasme. Daar ek, ek, ek vat baie kop toe wanneer kinders na `n vakansie skool toe kom en dan sê hulle ‘hm’ ‘Meester ons is so bly die skool is weer oop’. ‘Hm’, ek luister, en dit is, dis met jare se ondervinding, na wat hulle sê - wanneer die lang vakansie aanbreek, die waarna ons nou oppad is, hulle is gewoonlik baie, baie opgewonde, want dit raak nou Krismis en nuwe jaar en al dies. Maar dan het jy ook altyd dies wat sê ‘Dit is, die vakansie is te lank’.

*Kinders wat hulle wangedra?*
‘Hm’ jy sal dit natuurlik mos nie onder, onder hulle kry nie, maar, maar. Daai is `n moeilike ene om te, om te verklaar.

*Watter maatreëls het die skool in plek? Die gedragskode vir leerders?*
Ja, ons het `n gedragskode. Ons, die skoolbeheerraad sit nou binne twee weke, binne ‘n week, die 6de November, twee weke om ons ‘hm’ beleide te hersien. Veral ook met die oog op die nuwe tendens van tik-tik, dwelms.

*Verstaan die Graad R tot Graad , die hele grondslagfase, verstaan hulle die, die gedragskode?*
Ons is oortuig dat hulle die kode verstaan ... Gewoonlik wat ons doen ons behandel dit mos nou

sommige kere by die byeenkoms. Ean vat leerkragte dit dood eenvoudig klas toe, om dit in hulle taal baie eenvoudiger vir hulle te sê. En dan moet ek ook sê, dat wat die grondslagfase betref, daar het ons in elk geval die, die minimum probleme.
*In die Senior, Intermediër Senior Fase?*
Ons betrek hulle deurdat ons van tyd tot tyd 'hm' veral wanneer daar ernstige dingetjies 'hm, 'hm' kop uitsteek, dan vra ons hulle om betrokke te raak. Baie kere dan voel kinders, maar ... ek het dit al teëgekom, die is amper, hulle sê dit nie, maar dit, hulle houding is dit *(maar ...)* ... 'ons was nie betrokke by die opstel nie, so, ons gehoorsaam nie dit nie'. En dan betrek ons hulle deurdat hulle self vir ons `n stel reëls, en ons doen dit in die begin van die jaar. Stel reëls op, stel ook vir die klas en dan, dan, dan weet hulle: 'maar dis ons reëls'. En dan is hulle baie gewillig.

*So, watter, watter strafmaatreëls werk in julle geval baie goed?*
Meneer die een, die ene wat werk, maar wat ongelukkig vir ons as leerkragte ook baie tyd en energie vat, is die ene van detensie. Dit werk soos `n bom. Kinders wil nie graag na-uurs sit nie, dan, hulle wil graag as kinders, ander spannetjies huis toe gaan, hulle wil ook huis toe gaan, ook saam stap. So, hulle is baie skrikkerig vir dit. Daai enetjie werk vir ons.

*Is dit net daai een wat julle gebruik?*
Ons gebruik nie net dit nie, maar dit is die ene wat by uitstek werk. Noem nog voorbeelde ... 'Hm' ander ... ernstige gevalle. En dan raak ek sommer nou aan die wettiese aspek ... ernstige gevalle gesit het en dan sal ons die Suid-Afrikaanse Skolewet nadertrek. Dan is daar ook gevalle waar ons kinders werklik moes 'hm', wat sê hulle ...

*Uitset?*
Geskors het,

*Geskors het* ?
Geskors het vir die 5 of 7 dae of wat ook al en totdat ons van die Departement se kant af dan nou `n finale 'ruling' op dit kry.

*So, hoe reageer daai kinders op die skorsing?*
'Hm'.

*In die gevalle waar hulle gekors was?*
In die gevalle waar ons kinders ... ek voel dit het die korrekte uitwerking gehad wat ons wou gehad het.. Dit, dit was mos maar in elke geval, was dit 'n korrektiewe maatreël. En vir daai. Vir die duur van daai skorsing het die kind moes ons, moes ons `n, 'n program met die kind deurgaan. Ons het dit elke keer gedoen en ons het elke keer voorleggings gemaak.

*Soos, soos watter program, byvoorbeeld?*
Daar was die, kan u onthou ek het netnou genoem die geval van die gomsnuifery. En daar het ons daai betrokke groep kinders betrek by `n program van inligting. Ons het hulle ingelig. Ons het predikante ingeroep, die plaaslike verpleegsters, ons het NICRO ingeroep. En ons het programme met hulle video`s deurgetrap. En ons het die programme wat ons met hulle, het ons ook deur gelaat filter na die totale skool, sodat hulle ook nie net gevoel het dus op hulle gefokus nie, maar op die totale skool.

*Dan 'hm' hoeveel leerders was daar geskors die jaar?*

Vir die jaar was daar geen leerder geskors nie.

*OK. Het jy opleiding gehad in, in in die opstel van die gedragskode?*
Nie wat ek onthou nie. ‘Hm’ in my persoonlike geval, ek is nou 5 jaar in die kantoor, `n mens kom mos maar af op bepaalde dinge wat reeds is, is in jou kantoor en, en miskien, so, so ek borduur maar voort op dinge.

*So, maar reken jy hoofde moet opgelei word?*
Vir die gedragskode?

*Ja. Oor die hele dissipline aspek?*
Ek sou sê ja, ek sou sê ja, skoolhoofde kan, kan en moet blootgestel word aan, aan, aan bepaalde ... Maar dan moet die opleiding, ek sal sê dit moet minder teoreties wees, hulle moet baie meer praktiese elemente inkom. Dan is daar een ding wat vir ons as,as skoolhoofde, jy het nie altyd, toegang tot ‘hm’ professionele hulp nie. Jy het nie altyd toegang tot professionele hulp nie. ‘Hm’ baie kere ook as gevolg van `n tekort aan hulpbronne, hulpbronne soos ‘hm’ geld. Jy, jy, jy sit baie kere met kinders wat hulp nodig het. ‘Hm’ hulle gee probleme, hulle het hulp nodig. En dan die kind het nie, die ouers het nie `n skema nie, dis `n enkel ouer, jy weet daai soort ding. En dan dit maak dit moeilik om professionele hulp in te roep. So, ‘hm’ as, as die Departement ons kan help om bepaalde kanale na profesio, professionele hulp vir ons oop te maak, dan sal dit ... wees.

*Dissiplinêre verhore? ‘Hm’ Het jy dit hierdie jaar gehad?*
Ek het in die jaar twee dissiplinêre verhore gehad, ja. “Hm’, ‘hm’ ons prosedure daar is, ons gewoonlik as ek nou kan sê die misdadiger en die slagoffer en dan bring ons die ouers ook by. Maar ... ons het, ons het ...

*Maar hoe werk dit?*
Dit werk, dit werk. Ouers hou daarvan om, om hulle, hulle gewoonlik bedank hulle ons agterna vir die feit dat hulle kan by wees. Dit maak nie saak aan watter kant die ouer is nie, ‘hm’ dat hulle kan by wees. Dat hulle, hulle persoonlike insette kan lewer en, en dan gee dit vir ons ook die genoegdoening van jy dit op `n regverdige manier gedoen. Daar is `n element wat ek ook wil bybring, en dit is die kind wat altyd benadeel is, dink hulle voel ook altyd goed.om te weet, om te sien ‘Maar ek het my saak vorentoe gevat en hier sien ek en ek hoor daar word werklik iets aan gedoen.

*Meneer, is daar nog enige iets wat jy wil noem? Oor die dissipline en die wetgewing miskien?*
Meneer, ‘hm’ , is net dit sal ‘n bietjie miskien

*Het, het dit die regte gevolg?*
Die wetgewing?

*Die wetgewing, ja.*
Ek, ek, ek twyfel. Ek twyfel. ‘Hm’ ek voel die lat wat weggevat is, dis ‘n goeie maatreël, dis `n goeie maatreël. Dis `n goeie wetgewing om lyfstraf ‘hm’ om dit weg te doen. So as hulle, as hulle ons kon bygestaan het ‘hm’ van meet af, met werkbare alternatiewe dan sal dit ‘hm’ baie goed gewees het. Die, die, die, die, die werklikheid is egter dat jy as prinsipaal, as opvoeder, gemeenskapleiers, dit is soos die probleem daar opduik wat jy maar moet uitsorteer hoe sal ek dit hanteer. En letterlik groei jy saam met elke probleem en as jy anderkant uitgekom het dan

wonder jy partykeer hoe het jy ‘hm’ daardeur gekom. Maar daar is geen formele, en dit is hoekom ek netnou gesê het, as ons kan opleiding kry, dan sal dit ‘n baie goeie ding wees.
(...)
Die, die, die ondersteuning van die Departement se kant af is natuurlik nie elke keer na wense nie. Ek, ek kan ‘hm’ oproep drie, minstens drie tot vier gevalle waar ek gevalle hanteer het tot op ‘n bepaalde punt. Ernstige wangedrag en dan ook vorme soos drostery of langdurige afwesigheid en dan het ons hierdie ‘hm’. ‘hm’, beamptes mos in streekkantore wat aangestel is spesiaal (????) En dan sal ‘n ou hierdie persoon moet bel en verduidelik. En, en gewoonlik moet jy maar verduidelik wat het jy al gedoen en, en ‘n mens weet net as prinsipaal weet jy tot op ‘n bepaalde punt jy het gedoen wat, wat jy kon as mens. En nou het jy hulp nodig. Maar my ervaring al keer, almal hierdie drie of vier gevalle is dat die persoon net eenvoudig - hy, hy weier nie botweg om te kom nie, maar ‘hm’ dit word maar net terug gegooi na my toe as prinsipaal.: ”Man kan jy nie maar net weer ‘n draai gaan maak nie”. ‘Hm’ en dan het ek ook baie keer kry ek die gevoel dat ‘hm’ die pad ‘hm’ waarvoor ek nie kan verantwoordelikheid neem nie en geen mens nie, dis baie keer is asof die ouens wil net nie die pad, hierdie gruispad aanvat tot by ons skool nie. En, en in daardie opsig het ons, ons suip aan die agterspeen wat dit betref, want die ouens wil liewer daar beskut op die dorpe bly pleks van om uit te kom na die probleme toe waarvoor ons hulle uitroep. En ek voel net mense word betaal aangestel, vir sekere goeters. Hulle word daarvoor betaal, maar as ‘n mens hulle nodig het dan is hulle nie daar vir ons nie. So as dit ook kan aangespreek word sal dit baie goed wees.

*Einde van onderhoud*